# Sola Scriptura – Die Skrifbeskouing in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika sedert 1959: 'n Dogmaties-historiese ondersoek

**C. JOOSTE (BTh, Hons. BTh, MDiv)**

**Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Theologiae in Kerk- en Dogmageskiedenis aan die Noordwes Universiteit**

**Studieleier: Prof. J.M. Vorster**

**Mei 2011**
**Potchefstroomkampus**

# Sola Scriptura – Die Skrifbeskouing in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika sedert 1959: 'n Dogmaties-historiese ondersoek

C. JOOSTE (BTh, Hons. BTh, MDiv)

## ***VOORWOORD.***

Met groot dankbaarheid teenoor ons Hemlse Vader kon ek hierdie studie aanpak en deur gesien het. Soms het dit gevoel of die tyd te min is en die bedieningsdruk te veel, maar tog het Hy die gawes gegee om dit deur te sien. Daarom kom al die eer en die dank Hom toe. Verder het ons Vader deur sy genade mense gebruik langs hierdie weg, om ondersteuning op verskeie vlakke te bied. Aan die volgende woorde van opregte dank.

Besondere dank aan die vrou van my jeug, Irma. God het vir die man 'n hulp gemaak wat by hom pas. Jy is die een wat by my pas en juis daarom is jou waarde vêr bo die van korale. Dankie vir jou opoffering, geduld, liefde en aanmoediging. Om my lewe met jou te deel is 'n voorreg.

My dogters, Rene, Elni en Irma vir die geduld wat julle aan die dag moes lê, want tyd vir studie is ook tyd wat met julle deurgebring kon wees. Sonder dat julle dit besef moes julle die opoffering maak.

Die personeel van die NWU, Ferdinand Postma biblioteek en die Teologiese biblioteek. Inligting was altyd maklik bekombaar al was dit oor die toonbank of deur internet soektogte. Finansiele hulp van finansiele dienste is ook met groot waardering aanvaar.

Prof. Koos Vorster vir die geduld, insig en goeie advies wat deurentyd gegee is om die studie te kon voltooi. Verder aan al my leermeesters aan die TSP wat bygedra het tot die toerustung van bedienaars van die Woord waarin ek ook kon deel. Besondere dank ook aan dr J.M. van Tonder wat die liefde vir die kerk se geskiedenis in my aangewakker het.

My ouers en skoonouers vir die ondersteuning en belangstelling deurentyd. In besonder my ma, Elna wat ook finasieel bygedra het om hierdie studie te kon verwesenlik.

Die kerkrade en gemeentes van Innesdal, Eloffsdal en Wonderboompoort wat altyd belanggestel het en ook genoeg tyd beskikbaar gemaak het om die studie te kon doen.

Br Hannes Van der Merwe vir die noukeurige taalversorging.

Dit is my bede dat hierdie studie 'n posetiewe bydrae sal maak in die midde van kerklike verskille wat ons vandag beleef. Mag die Here elke gelowige seën om gehoorsaam aan die Skrif die in die eenheid van sy liggaam te leef en onder die gesag van Christus te buig.

***Aan God alleen die eer.***

## ***OPSOMMING.***

Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) het in hul geskiedenis altyd gepoog om besluite te neem wat die toets van die Skrif kan deurstaan. Tog beleef die kerkverband oor die afgelope tyd spanning wat verskillende sake betref. Tussen die eeufees van die kerkverband in 1959 en die 150-jarige fees van die kerkverband in 2009 word sinodes gekenmerk deur al hoe meer beswaarskrifte wat spesifieke sake betref. Besluite wat ernstige verskille veroorsaak het is: volkereverhoudinge, Bybelvertaling, Psalmberyming, die gebruik van kelkies tydens die viering van die Heilige Nagmaal en die vraag of vroue in die besondere dienste kan dien al dan nie. Die vraag wat in hierdie studie aan die orde kom is of daar 'n verskuiwing in die GKSA se beskouing van die Skrif gekom het.

In hoofstuk 2 word die historiese verloop van die besluite wat die verskille ten gronde lê ondersoek. Uit hierdie ondersoek kan die Skrifbeskoulike aspekte wat aanleiding tot die verskille gee afgelei word.

In hoofstuk 3 word daar ondersoek gedoen of die verskille en die gevolglike verdeeldheid in die kerke as gevolg van 'n verskuiwing in Skrifbeskouing na vore gekom het. Die Gereformeerde Skrifbeskouing word gedefinieer en daarna word die verskillende besluite aan hierdie definisie getoets. Die besluite word getoets deur die Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte van studie deputate en die motiverings van kerklike vergaderings in ag te neem.

In hoofstuk 4 word ondersoek ingestel na die invloed wat verskuiwings in denkraamwerk op die verskille in die GKSA gehad het. Daar word aandag gegee aan die invloed van die postmodernisme en die fundamentalisme en die standpunt van die GKSA ten opsigte van hierdie paradigmas. In die lig van die Gereformeerde Skrifbeskouing word die hermeneutiese benadering van die postmodernisme en die fundamentalisme afgewys. Desnieteenstaande word die feit van verskuiwings wat in denkraamwerk plaasgevind het en die invloed daarvan nie duidelik in die rapporte en besluite van meerdere vergaderings verreken nie.

Hoofstuk 5 het ten doel om die in die lig van die Gereformeerde Skrifbeskouing 'n weg vir die hantering van die verskille aan te dui. Ondersoek word gedoen na die plek van die sosiohistoriese agtergrond in die proses van openbaringshistoriese eksegese. Verder word ondersoek ingestel na die besinning oor die verhouding tussen Skrifbegronde besluite en die weg van beswaar volgens artikel 31 van die Gereformeerde Kerkorde. Hier word aandag gegee aan sogenaamde middelmatige en wesentlike sake. In hierdie hoofstuk word beredeneer dat die verskille opgelos kan word wanneer kerke nie alleen aan besluite gebind word ter wille van die besluite nie, maar juis omdat daardie besluite op grond van en in ooreenstemming met die Skrif geneem is.

## ***ABSTRACT.***

In the history of the Reformed Churches of South Africa (RCSA) great emphisis was placed on the notion to make decisions on the basis, and in accordance to the Scriptures. In spite of this notion, the church community of the RCSA stand in the midst of great tension regarding some decisions. In the fifty year period from the centenary festival in 1959 to the 150 year festival in 2009, assemblies of the church community were confronted with many objections to decisions regarding racial relations, the acceptance of the 1983-translation of the Bible in Afrikaans, the acceptance of the 2001-Psalter, the use of small cups in the Holy Communion and the role of women in the offices of deacon, elder and minister. The question that's being addressed in this study is, if a shift in the RCSA's view of Scripture took place.

Chapter 2 gives an historical overview of the decisions that gave way to to the differences mentioned above. From the historical overview the aspects regarding the view of Scripture can be formulated.

In chapter 3 the relation between the differences and the view of Scripture are examined. At first a short definition of the reformed view of Scripture are formulated. Hermeneutical and view of Scripture aspects of the raports of deputies and decisions of assemblies are tested according to the formulated definition of a reformed view of Scripture.

Chapter 4 examines the influence that paradigm shifts had on the differences in the RCSA. Focus is placed on the influence of postmodernism on the one hand and fundamentalism on the other. Attention is also given to the stance of the RCSA on these two paradigms of thought with relation to the view of Scripture. In light of the reformed view of Scripture the postmodern approach to hermeneutics is discarded as well as the the fundamentalist view of Scripture. In spite of the reality of paradigmshifts, the raports of deputies and the decisions of assemblies does not reflect this reality.

Chapter 5 tries to point a way out to handle the differences in the ligt of the Reformed view of Scripture. Focus is placed on the place the sociohistorical context holds in the revelation-historical exegetical process. The chapter further investigates the relation between desicions on Scriptural grounds and the right to protest according to artical 31 of the Reformed Chrurchorder. Attention in given to so called ordinary cases ans essential cases. The notion that differences can be solved when dessicions is based on Scripture alone is put forward in this chapter.

## ***KERNBEGRIPPE VIR INDEKSERING.***

Skrifbeskouing.........................................................................................View of Scripture

Volkereverhoudinge.....................................................................................Racial relations

Psalmomdigting..............................................................................................Psalter

Bybelvertaling.........................................................................................Bible translation

Kelkies.....................................................................................Cups in Holy Communion

Vrou in die besondere ampte.............................................................Woman in office

Postmodernisme.......................................................................................Postmodernism

Fundamentalisme.....................................................................................Fundamentalism

**INHOUDSOPGAWE.**


*VOORWOORD.* ..... i

*OPSOMMING.* ..... ii

*ABSTRACT.* ..... iii

*KERNBEGRIPPE VIR INDEKSERING.* ..... iv

**INHOUDSOPGAWE.** ..... v

**HOOFSTUK 1** ..... 1

**INLEIDING** ..... 1

***1.1 VOORGESTELDE TITEL*** ..... 1

***1.2. ORIëNTERING EN PROBLEEMSTELLING*** ..... 1

1.2.1 Oriëntering ..... 1

1.2.2 Probleemstelling ..... 2

1.2.3 Begrensing. ..... 5

***1.3. DOELSTELLING EN DOELWITTE*** ..... 5

***1.4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT*** ..... 6

***1.5. METODE*** ..... 6

***1.6. VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING*** ..... 6

***1.7. SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE TE LAAT BLYK*** ..... 7

**HOOFSTUK 2** ..... 8

**HISTORIESE VERLOOP VAN VERSKILLE IN DIE GKSA SEDERT 1959.** ..... 8

***2.1 INLEIDING.*** ..... 8

***2.2 VOLKEREVERHOUDINGE IN DIE GKSA SEDERT 1959.*** ..... 9

2.2.1 Inleidend ..... 9

2.2.2. Eerste sake in verband met volkereverhoudinge. ..... 9

2.2.3 Sinode 1955. ..... 11

2.2.4. Sinode 1958. ..... 12

2.2.5. Die Algemene Sinode ..... 13

2.2.6. Van 1961 tot 1985. ..... 13

2.2.7. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES). ..... 15

2.2.8. Sinode 1991 tot Sinode 2009. ..... 16

***2.3. DIE 1983-VERTALING VAN DIE BYBEL.*** ..... 18

2.3.1. Inleidend ..... 18

2.3.2. Die Bybel in Afrikaans – 1933. ..... 19

2.3.3. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling – 1983. ..... 20

2.3.4. Besware. ..... 23

***2.4. GEBRUIK VAN KELKIES TYDENS DIE VIERING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL.*** ..... 25

2.4.1. Inleidend. ..... 25

2.4.2. Die wyse van Nagmaalsviering – 1927 en 1930. ..... 25

2.4.3. Eerste besware teen die besluite van 1927 en 1930. .......................................... 27
2.4.4. Op weg na 'n prinsipiële raamwerk. – Sinodes1997 en 2000. .......................... 28
2.4.5. Verdere besware 2003 en 2009. ......................................................................... 30
***2.5. DIE 2001 PSALM OMDIGTING.*** ............................................................................ **32**
2.5.1. Inleidend. .............................................................................................................. 32
2.5.2 Die Afrikaanse Psalmberyming – 1937. ................................................................. 32
2.5.3. Voortgaande hersiening. ........................................................................................ 33
2.5.4. 'n Nuwe Psalmberyming. ........................................................................................ 35
2.5.5. Besware teen die 2001 Omdigting. ......................................................................... 36
***2.6. DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK*** ........................................................... **38**
2.6.1. Inleidend. .............................................................................................................. 38
2.6.2. Voor 1988. ............................................................................................................ 38
2.6.3. Sinode 1985. ......................................................................................................... 38
2.6.4. Sinode 1988. ......................................................................................................... 39
2.6.5. Sinode 2003. ......................................................................................................... 39
2.6.6. Sinode 2006. ......................................................................................................... 40
2.6.7. Gereformeerde Teologiese Vereniging – Augustus 2006. ..................................... 40
2.6.8 Sinode 2009. .......................................................................................................... 41
***2.7. SAMEVATTING.*** ..................................................................................................... **41**
**HOOFSTUK 3** .............................................................................................................. **43**
**DIE ROL VAN SKRIFBESKOUING IN DIE VERSKILLE IN DIE GKSA** ............................... **43**
***3.1. INLEIDING*** ............................................................................................................ **43**
***3.2. GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUING.*** ................................................................ **44**
3.2.1. Inleidend. .............................................................................................................. 44
3.2.2. Die Skrif as openbaring. ........................................................................................ 44
3.2.3. Die Skrif as die Woord van God. ........................................................................... 45
3.2.4. Die inspirasie van die Skrif. .................................................................................. 46
3.2.5. Eenheid van die Skrif. ............................................................................................ 47
3.2.6. Die duidelikheid van die Skrif. ............................................................................... 48
3.2.7. Die genoegsaamheid van die Skrif. ....................................................................... 50
3.2.8. Samevattend. ......................................................................................................... 50
***3.3. VOLKEREVERHOUDINGE.*** ..................................................................................... **51**
3.3.1. Inleidend. .............................................................................................................. 51
3.3.3. Besluite van Sinodes. ............................................................................................. 55
3.3.4. Ander stemme. ....................................................................................................... 55
3.3.4. GES en standpunt-verandering. ............................................................................ 57
3.3.5. 'n Ander benadering. .............................................................................................. 58
3.3.6. Veranderde Skrifbeskouing? .................................................................................. 59

***3.4. DIE 1983-VERTALING VAN DIE BYBEL EN 2001-OMDIGTING.* ............................60**
3.4.1 Inleidend.......................................................................................................... 60
3.4.2 Die besware rakende die Messiaanse vertaling en beryming. ............................ 61
3.4.3 Direk en indirek Messiaans. ................................................................................ 62
3.4.4. Die gebruikte grondteks in die vertaling van die Nuwe Testament. .................... 64
3.4.5. Die dinamies-ekwivalente vertaal metode......................................................... 65
3.4.6. Samevattend. .................................................................................................... 66
***3.5. DIE GEBRUIK VAN KELKIES BY DIE VIERING VAN DIE NAGMAAL*....................67**
3.5.1. Inleidend............................................................................................................ 67
3.5.2.  Verskillende wyses van Nagmaalviering. .......................................................... 68
3.5.3. Skrifgebruik en die wyse van Nagmaalviering. ................................................... 69
3.5.4. Die beker as teken? ........................................................................................... 71
3.5.5. Samevattend. .................................................................................................... 72
***3.6. DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK.*..............................................................72**
3.6.1. Inleidend............................................................................................................ 72
3.6.2. Vertrekpunte by die rapport van Sinode 1988..................................................... 73
3.6.3. Beswaar van Klassis Boland teen die besluit van 1988. .................................... 75
3.6.4. Die beswaar tydens Sinode 2003. ...................................................................... 77
3.6.5. Die besluit van Sinode 2009. .............................................................................. 78
3.6.6. Sosiohistoriese agtergrond in die eksegese. ...................................................... 79
3.6.7. Die duidelikheid van die Skrif. .............................................................................. 80
3.7.7. Samevattend. ...................................................................................................... 81
***3.7. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING.* ...............................................................81**
**HOOFSTUK 4 ............................................................................................................. 83**
**DIE INVLOED VAN PARADIGMASKUIWE IN DIE VERSKILLE IN DIE GKSA ................. 83**
***4.1. INLEIDING.*...........................................................................................................83**
***4.2. PARADIGMAS EN PARADIGMAVERSKUIWING.*...................................................84**
4.2.1. Die verandering in denkraamwerk. ..................................................................... 84
4.2.2. Die verskuiwing na die postmodernisme............................................................. 85
***4.3. POSTMODERNISME EN DEKONSTRUKSIE.* ........................................................86**
4.3.1. Die verskuiwing na postmodernisme in die hermeneutiek - dekonstruksie.......... 86
4.3.2. Reaksie vanuit die geledere van die GKSA. ....................................................... 87
4.3.3. Anomalieë in die hermeneuse?............................................................................ 89
4.3.4. Die leser se rol in die verstaan van 'n teks. ......................................................... 90
4.3.5. Die paradigma van die grammaties-historiese eksegese ................................... 92
4.3.6. Die duidelikheid van die Skrif en die postmodernisme......................................... 94
4.3.7. Postmodernisme en die verskille in die GKSA. ................................................... 94
4.3.8. Samevattend. ...................................................................................................... 95

***4.4. DIE FUNDAMENTALISME*** **........................................ 95**
4.4.1. Inleidend........................................ 95
4.4.2. 'n Definisie van fundamentalisme. ........................................ 96
4.4.3. Die fundamentalisme en gereformeerde teologie. ........................................ 97
4.4.4. Die posisie van die GKSA . ........................................ 98
4.4.5. Fundamentalisme en gereformeerde teologie. ........................................ 100
4.4.6. Fundamentalisme en die verskille in die GKSA. ........................................ 100
***4.5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS.*** **........................................ 101**
**HOOFSTUK 5 ........................................ 102**
**HANTERING VAN VERSKILLE IN DIE LIG VAN DIE GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUING ........................................ 102**
***5.1. INLEIDEND.*** **........................................ 102**
***5.2. DIE GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUING.*** **........................................ 102**
5.2.1. Oorsigtelike definiëring van die Gereformeerde Skrifbeskouing. ........................................ 102
5.2.2. Skrifbeskouing en eksegetiese metode – Openbaringshistories/Sosiohistories. 105
5.2.3. Toepassing op die verskille in die GKSA. ........................................ 107
***5.3. BINDING AAN BESLUITE OP GROND VAN DIE SKRIF.*** **........................................ 111**
5.3.1. Inleidend........................................ 111
5.3.2. Art 31- besluite in stryd met die Skrif. ........................................ 112
5.3.3. Die ratifikasie reg. ........................................ 113
5.3.4. Wesentlike en middelmatige sake........................................ 114
5.3.5. Skrifbeskouing en binding aan die belydenis. ........................................ 117
5.3.6. Implikasie vir die verskille in die GKSA. ........................................ 118
***5.4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING.*** **........................................ 120**
**HOOFSTUK 6 ........................................ 121**
**GEVOLGTREKKING ........................................ 121**
***6.1. INLEIDEND.*** **........................................ 121**
***6.2. HISTORIESE OORSIG*** **........................................ 121**
***6.3. SAMEVATTING*** **........................................ 122**
6.3.1. Volkereverhoudinge. ........................................ 122
6.3.2. Bybelvertaling en Psalmomdigting. ........................................ 123
6.3.3. Die gebruik van kelkies by die viering van die Nagmaal ........................................ 124
6.3.4. Die vrou in die besondere dienste........................................ 125
***6.4. FINALE BEVINDINGS.*** **........................................ 126**
**7. BRONNELYS. ........................................ 127**

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## *1.1 VOORGESTELDE TITEL*

Sola Scriptura – Die Skrifbeskouing van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sedert 1959: 'n Dogmaties-historiese ondersoek.

## *1.2. ORIëNTERING EN PROBLEEMSTELLING*

### 1.2.1 <u>Oriëntering</u>

In die Gereformeerde teologie word daar van die beginsel uitgegaan dat die Bybel die geïnspireerde openbaring van God is. As deel van die belydenisgrondslag word dit ook duidelik gestel in die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) artikel 2-7 dat die Skrif die geskrewe Woord van God is (Van Genderen & Velema, 1992:69). Wanneer 'n ondersoek met betrekking tot Skrifbeskouing in die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) gedoen word, moet daar dus van hierdie voorveronderstelling uitgegaan word. In die GKSA word die gesag van die Bybel ook, in navolging van die vyf solismes van die Reformasie, as een van die hoekpale van gereformeerd-wees beskou (Van der Walt, 1996:524).

Skrifbeskouing is egter nie net deel van die *loci* van die dogmatiek waaroor 'n kerk hom in sy belydenis verantwoord nie, maar Skrifbeskouing het ook invloed op eksegetiese en hermeneutiese prosesse van verstaan. Anders gestel, op grond van 'n bepaalde Skrifbeskouing kan daar gevra word wat die oorsaak of oorsake van die veelheid van die verstaan van die Skrif is (Jordaan, 1991:1). Coetzee (1988:26) dui ook tereg aan dat die interpretasie en binding aan die belydenisskrifte van die kerk ook die aard van die Skrifgesag in die kollig plaas. d'Assonville (2003:12) maak dit ook duidelik dat die gereformeerde teologie erns maak met die belydenis dat die Heilige Skrif die geskrewe Woord van God is soos dit in die NGB artikel 3 bely word.

Die vertrekpunt dat die Skrif die geskrewe Woord van God is, is in die teologie baie belangrik. Die Skrif is die objek van die teologie en die eerste grens van die teologie. Hierdie grens is geleë in die feit dat die Skrif die besondere openbaring van God is. Hierdie openbaring is in die Skrif betroubaar opgeteken, sodat die Skrif die gesagdraende, noodsaaklike, duidelike en

genoegsame bron vir die teologie is (Heyns & Jonker,1974:140). Die eksegese van die Skrif is egter ook ŉ grens in die teologie, aangesien dit wat in die Skrif opgeteken staan, ook verstaan moet word. ŉ Teologie wat nie die Skrif uitlê, en ook reg uitlê nie, is as teologie magteloos, omdat so ŉ teologie nie deel in die krag van die Woord van die Here nie (Heyns & Jonker, 1974:141). Dit is dus duidelik dat die Skrifbeskouing en die verstaan van die Skrif in die teologiese aktiwiteit van die kerk ŉ baie belangrike rol speel. Dit is ook nie anders in die geval van die teologiese beoefening in die GKSA nie. Omdat die GKSA in die tradisie van die 16de-eeuse reformasie staan, speel die beskouing van die Skrif ŉ baie belangrike rol in die gesprekke en vraagstukke wat vandag in die GKSA en in die teologie oor die algemeen gevoer word.

### 1.2.2 <u>Probleemstelling</u>

Die gesag van die Bybel word in die GKSA erken en daar word saamgestem dat die Bybel se gesag ŉ Goddelike gesag is. In die GKSA word daar egter verskil oor wat die aard van die gesag is (Van Wyk, 1990a:31).

Te midde hiervan was daar nie sake op kerklike vergaderings wat spesifiek oor Skrifbeskouing in die GKSA gehandel het nie. Snyman (1992:2) maak egter die stelling dat gereformeerde teologie in die algemeen en die GKSA in die besonder ‘n dringende behoefte aan ŉ nuwe manier het om die Bybel te benader. In hierdie oproep sit daar dus die veronderstelling dat die GKSA sy hermeneutiek sal moet aanpas aangesien persone met dieselfde Skrifbeskouing die Bybel op verskillende maniere lees en verstaan (Snyman 1992:2).

Hierdie probleem word sigbaar in die GKSA veral ten opsigte van verskeie brandende kwessies wat in die verlede geheers het, maar vandag nog heers. Daar is vyf kwessies wat van belang is om te ondersoek en wat ook weer teruggelei word na die vraag oor wat die Skrifbeskouing in die GKSA is. Hierdie vyf kwessies is;

a) die kwessie oor volkereverhoudinge en kerklike eenheid (ACTA, 1958:209, 1991:644);

b) die saak oor die aanvaarding van die 1983 Bybelvertaling (ACTA, 1985:288, 1991:104, 2000:183, 2009:101),

c) die vraag oor die gebruik van kelkies tydens nagmaal (ACTA, 2000:387);

d) die saak oor die nuwe Psalmomdigting (ACTA, 2003:640) en

e) die saak oor die vrou in die kerk (ACTA, 2003:559).

In die Handelinge van Sinodes kom hierdie sake by wyse van studierapporte en beswaarskrifte aan die orde en telkens word daar 'n beroep op die gesag van die Skrif gedoen, of daar word 'n klag gebring dat die gesag van die Skrif in gedrang kom. Daar word ook in sommige beswaarskrifte aangevoer dat die sinode die Skrif op 'n verkeerde manier gebruik. Uit hierdie probleme is dit duidelik dat die gesprek oor Skrifbeskouing lewendig is in die GKSA en dat dit ook gemeentelede op grondvlak raak. Hierdie probleem word drasties deur d'Assonville (2003:9) gestel:

> "Aan die een kant word 'n teologie sonder die Christus van die Bybel in Suid-Afrika beoefen. Die sogenaamde "Nuwe Hervorming" verwerp in sy volle konsekwensies alle sentrale geloofstukke van die Christelike geloof. Aan die ander kant kry 'n mens teoloë wat reken hulle is bydertyds. Hulle doen 'n beroep op hulle gereformeerde erfenis, maar hulle speel in die hand van die bogenoemde teologie. Op 'n soortgelyke Skrifbeskoulike grondslag probeer hulle op sand, in plaas van op Christus hulle teologiese huis te bou.... Hierteenoor word die kerk van Christus geroep om getrou te bly aan Hom en sy Woord."

Skrifbeskouing in die gereformeerde teologie en die GKSA staan inderdaad in die brandpunt. Hierdie tipe uitlatings word ook dikwels in die kerklike populêre pers soos die *Kerkblad, Waarheid en Dwaling,* en die *Kerkpad* gestel wat die akualiteit van Skrifbeskouing onder die kerkvolk van die GKSA beklemtoon.

Die manier hoe die Skrif gesien word en hoe die Skrif gebruik word, was ook sigbaar in die politieke omstandighede in Suid-Afrika. Reeds in 1944 het Du Toit die Skrif gebruik om die "Godsdienstige grondslag van ons rassebeleid" te formuleer (vgl. Du Toit, 1981:1). Sedert die aanvaarding van die Belydenis van Belhar in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1986 is die teologiese aanvaarding van apartheid as kettery bestempel (Van Wyk 1990:26). Later het die Sinode van die GKSA in 1991 ook die teologiese regverdiging van apartheid as dwaalleer bestempel (ACTA, 1991:160). Die vraag ontstaan nou hoe dit moontlik is dat die Skrif op 'n sekere tydstip regverdiging vir 'n ideologie bied en later word die teologiese regverdiging van daardie ideologie as 'n dwaling bestempel. In die lig van volkere verhoudinge word veral gefokus op die vraagstuk van kerklike eenheid tussen kerke van verskillende bevolkingsgroepe.

Hierdie kwessies in die GKSA word ook maklik herlei na die vraag oor wat "gereformeerdheid" in wese werklik is. Op die spoor van Calvyn merk Van Wyk (2005:177) dat gereformeerdheid deur een saak bepaal word, naamlik die Skrif. In die gereformeerde kerke staan die lewende Woord sentraal.

In die GKSA word teologie egter nie in 'n lugleegte beoefen nie. Die beoefening van teologie word in 'n bepaalde paradigma beoefen. Kuhn het in 1970 van die term paradigma gebruik gemaak en sedertdien is die term op verskillende maniere gedefinieer en in verskillende

navorsingsvelde toegepas (Vorster, 1994:316). Wat belangrik is in hierdie paradigma benadering is die feit dat dit noodsaaklik is vir die wetenskaplike om sy voorveronderstellings ten volle in ag te neem. Hierdie benadering maak 'n radikale breuk met die modernisme wat die absolute objektiwiteit van die wetenskaplike as uitgangspunt stel (Vorster, 1994:316). Verder moet ook in ag geneem word dat daar verskuiwings van hierdie paradigmas is. Juma & Vorster (1998:5) wys op die spoor van Küng die volgende ses groot paradigmaskuiwe wat in die kerkgeskiedenis geïdentifiseer kan word, naamlik die Apokaliptiese paradigma, die Hellenistiese paradigma, die Middeleeuse of Roomse paradigma, die Reformatoriese paradigma, die Aufklärung paradigma en die Postmodernistiese paradigma. Die teologie in die GKSA word in die eeu van die Postmodernisme beoefen en die gesprekke oor vorige kwessies binne die GKSA vind in hierdie tyd plaas. Daarom is dit belangrik dat die invloed van die postmodernisme op die Skrifbeskouing in die GKSA gehad het en steeds het, ook deeglik in ag geneem sal word.

Teenoor die paradigma van die postmodernisme staan 'n fundamentalistiese benadering. Volgens Snyman (1992:363) het Van Aarde in 1981 'n skerp aanval op die fundamentalisme geloods en is die Teologiese Skool op Potchefstroom as fundamentalisties geëtiketteer. Die vraag ontstaan nou of die teologie wat in die GKSA beoefen word wel fundamentalisties is en of ons eerder van gereformeerd fundamenteel kan praat soos Jordaan (1991:33).

Skrifbeskouing in die GKSA het ook 'n invloed gehad op die ekumeniese verhoudinge wat daar binne die GKSA bestaan het. Die GKSA het in die sewentigerjare sy bande met die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN) verbreek met een van die belangrikste gronde dat daar 'n vreemde beskouing oor Skrifgesag en skrifverklaring in die kerke posgevat het (Jordaan, 1994:4). In 1946 het die GKSA ook 'n inisiërende betrokkenheid by die ontstaan van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) gehad, waarvan hulle lidmaatskap in 1988 opgeskort het op grond van die oordeel dat voortgesette lidmaatskap van die GKN in die GER[1] die GER kompromitteer met ideologiese invloede wat strydig is met sy beginsel grondslag. Die GKN se beskouing oor Skrifgesag en die sekulêre etiek wat daaruit voortvloei, is as gronde vir hierdie stap aangebied (Vorster, 1992:17).

Die sentrale vraag wat hieruit na vore kom wat beantwoord moet word, is of daar in die GKSA sedert 1959 'n nuwe Skrifbeskouing ontwikkel het wat meegebring het dat daar tans twee verskillende Skrifbeskouings in swang is. Die verwante vrae wat uit hierdie probleemstelling na vore kom en in hierdie studie aan die orde kom is die volgende:

---

[1] Waar die mikpunt van die GKSA 'n ware ekumeniese sinode was ter behoud van leer diens en tug het die GES nie hierdie mikpunt gedeel nie en sodoende ook in 1988 besluit om 'n losser verbintenis te handhaaf deur die konstitusie so te verander dat dit nou bekend staan as die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) (Vorster, 1992:17).

- Wat is die historiese verloop en prinsipiële gronde met betrekking tot Skrifbeskouing in die volgende verskille in die GKSA?
    - Volkereverhoudinge.
    - Die aanvaarding van die 1983 Bybelvertaling.
    - Die gebruik van kelkies tydens nagmaal.
    - Die aanvaarding van die 2001 Psalmomdigting.
    - Die rol van die vrou in die kerk.
    - Ekumeniese verhoudinge en Skrifbeskouing in die GKSA.
- Is die bogenoemde verskille te wyte aan 'n verskil oor Skrifbeskouing in die GKSA?
- Indien wel , wat is die redes vir die verskil in Skrifbeskouing en watter invloed het die postmodernisme en die fundamentalisme onderskeidelik hierop gehad?
- Hoe moet hierdie verskille hanteer word in die lig van 'n Gereformeerde Skrifbeskouing?

#### 1.2.3 Begrensing.

Teologiese beoefening het sedert die ontstaan van die GKSA baie ontwikkelinge getoon en het ook verskeie aanslae beleef en oorleef. Lidmate van die GKSA het in die Anglo-Boereoorlog geveg en later het lidmate ook in die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog geveg. Hierdie gebeurtenisse het 'n groot invloed, nie alleen op die mensdom gehad nie, maar ook op die teologiese beoefening. In 1959 kon die GKSA haar eeufees vier en in 2009 haar 150ste bestaansjaar. Te midde van hierdie feesvieringe is daar in die GKSA nie eenstemmigheid oor verskeie sake nie en word die oorsaak terug gelei na Skrifbeskouing in die GKSA.

In 1958 het die Gereformeerde kerke ook begin om ondersoek in te stel na die kwessie van rasseverhoudinge en die implikasie vir kerklike eenheid in Suid-Afrika. Gesien in die lig daarvan dat hierdie saak aangespreek is toe die GKSA gereed gemaak het om haar eeufees te vier, dien 1959 as 'n goeie vertrekpunt vir die studie, aangesien dit ook 'n brandende kwessie in die GKSA in daardie tyd was. Hierdie studie neem dus die gebeurtenisse van die laaste ongeveer 50 jaar in die GKSA as begrensing vir die ondersoek.

### *1.3. DOELSTELLING EN DOELWITTE*

Die doelstelling van hierdie studie is om 'n dogmaties-historiese ondersoek te doen na die invloed wat Skrifbeskouing op verskeie sake binne die GKSA gehad het en steeds het. Sodoende kan daar 'n bydrae gelewer word tot die gesprek oor Skrifbeskouing en Skrifgesag binne die GKSA.

Om aan hierdie doelstelling te voldoen is die spesifieke doelwitte van hierdie studie

- Om die historiese verloop van verskille binne die GKSA te ondersoek;

- om te ondersoek of daar ŉ verskil in Skrifbeskouing in die GKSA was en steeds is;
- Indien wel, om die redes vir die verskil in Skrifbeskouing te ondersoek met die fokus op die postmodernisme en die fundamentalisme;
- om in die lig van die Gereformeerde Skrifbeskouing aan te dui hoe die verskille hanteer moet word.

## *1.4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT*

Die sentraal teoretiese argument van hierdie studie is dat te midde van verskille nie ŉ beduidende verskuiwing in die Skrifbeskouing van die GKSA na vore gekom het nie. Die realiteit van 'n verskuiwing in denkraamwerk en gebrekkige verantwoording ten opsigte van hierdie realiteit, mag moontlik aanleiding gee tot heersende verskille in die GKSA,

## *1.5. METODE*

Hierdie dogmaties-historiese ondersoek word vanuit die gereformeerde tradisie gedoen. In die beantwoording van die navorsingsvrae en om die doelwitte van die studie te bereik gaan van verskillende metodes gebruik gemaak word. Die navorsingsmetode wat gebruik word om die vrae wat uit die probleemstelling na vore gekom het te beantwoord, is ŉ vergelykende literatuurstudie. Vir sake wat vandag in die GKSA ondersoek word, word primêr vanuit die Handelinge van Sinodes en notules van vergaderings gewerk. In die literatuurstudie word daar verder van verskillende bronne gebruik gemaak waaronder literêre bronne, veral dogmatiese werke. Daar word ook gebruik gemaak van verskillende tydskrifartikels waaronder akademiese tydskrifte en populêre kerklike tydskrifte. Populêre artikels word gebruik om aan te dui hoe die Skrifbeskouing ook in die gemeentes en onder lidmate neerslag gevind het.

## *1.6. VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING*

Die studie word in die volgende hoofstukke ingedeel:

Hoofstuk 1 – Inleiding.

Hoofstuk 2 – Die historiese verloop van verskille in die GKSA sedert 1959.

Hoofstuk 3 – Die rol van Skrifbeskouing in die verskille in die GKSA.

Hoofstuk 4 – Die rol van paradigmaskuiwe in die Skrifbeskouing van die GKSA.

Hoofstuk 5 – Die hantering van verskille in die lig van ŉ Gereformeerde Skrifbeskouing.

Hoofstuk 6 – Gevolgtrekking.

## 1.7. SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE TE LAAT BLYK

| PROBLEEMSTELLING | DOELSTELLINGS | METODE |
|---|---|---|
| Wat is die historiese verloop van die volgende verskille in die GKSA?<br>✓ Volkereverhoudinge.<br>✓ Die aanvaarding van die 1983 Bybelvertaling.<br>✓ Die gebruik van kelkies tydens nagmaal.<br>✓ Die aanvaarding van die 2001 Psalmomdigting.<br>✓ Die rol van die vrou in die kerk. | Om die historiese verloop van verskille binne die GKSA te ondersoek; | Literatuurstudie hoofsaaklik uit Sinodehandelinge en vergaderingnotules. |
| Watter rol het Skrifbeskouing gespeel in hierdie verskille binne die GKSA? | Stel vas wat die rol is, wat Skrifbeskouing in die verskille wat daar in die GKSA bestaan, gespeel het . | Literatuurstudie uit literêre bronne en akademiese en populêre tydskrifartikels asook uit Sinodehandelinge en notules. |
| Indien wel, wat is die oorsaak vir die verskille in Skrifbeskouing | Stel vas watter rol paradigma skuiwe soos die postmodernisme en die fundamentalisme op Skrifbeskouing in die GKSA gehad het. | Literatuurstudie uit literêre bronne asook tydskrifartikels. |
| Hoe moet hierdie verskille in die lig van Gereformeerde Skrifbeskouing hanteer word? | Stel vas wat Gereformeerde Skrifbeskouing is en hoe verskille in die lig daarvan hanteer moet word. | Literatuurstudie uit literêre bronne en tydskrifartikels. |

# HOOFSTUK 2

# HISTORIESE VERLOOP VAN VERSKILLE IN DIE GKSA SEDERT 1959.

## *2.1 INLEIDING.*

In die eerste brief van Paulus aan die gemeente in Korinte stel hy in hoofstuk 11:19 dat dit goed is dat daar partyskappe in die gemeente is, want op dié manier word die beproefdes openbaar. Op grond van hierdie gegewens is ons vandag getuies dat hierdie situasie in die Kerk van Christus nog nie verander het nie. In die kerklike lewe wêreldwyd word daar in die een of ander vorm spanning beleef (Van Wyk 2008:6). Selfs by die gereformeerdes met ŉ ernstige beroep op Skrifgesag en Skrifgetrouheid is die meningsverskil skerp en in die meeste gevalle verdelend van aard. In die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika is dit ook nie anders nie.

In 1859 is die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) gestig juis as gevolg van spanning wat daar tussen lidmate van die Nederduits Hervormde Kerk bestaan het. Jooste (1958:45) haal ŉ brief van ene broeder Groenendaal aan wat wys dat die groep "Doppers" van Rustenburg meer en meer spanning met hulle predikant beleef oor die Psalm kwessie. Die gegewe van spanning in die kerke het oor die afgelope eeu en ŉ half nog nie verander nie en vandag is daar nuwe strydpunte wat op meerdere vergaderings aan die orde kom. Die vyf groot strydpunte wat die kerk die afgelope 50 jaar beleef het, kom op die volgende neer. Volkereverhoudinge binne die kerk, met die gevolglike implikasies vir kerkeenheid tussen bevolkingsgroepe, die gebruik van die 1983 vertaling van die Bybel, die gebruik van afsonderlike drinkbekers by die nagmaal of soos dit bekend staan "kelkies", die aanvaarding en aanbeveling van die 2001 omdigting van die Psalms en die toelating van vroue tot die amp van die diaken. Hierdie sake het in die verlede en vandag in ŉ mindere of meerdere mate tot spanning in die GKSA as kerkverband maar ook in die plaaslike gemeentes bygedra.

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die historiese verloop van hierdie sake en hoe dit op die tafel van meerdere vergaderings in die GKSA gekom het.

## *2.2 VOLKEREVERHOUDINGE IN DIE GKSA SEDERT 1959.*

### 2.2.1 Inleidend.

Suid Afrika het 'n geskiedenis van rassespanning wat stewig gegrond is in die beleid van Apartheid wat in die vorige eeu gegeld het. Hierdie beleid het sy beslag nie net na die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het gekry nie, maar het al reg oor die koloniale wêreld geleef voor hierdie tydperk. Suid Afrika het baie kritiek van die res van die wêreld verduur oor die beleid van Apartheid wat deur die Nasionale Party regering in werking gestel is. Die apartheidsbeleid word gewoonlik geassosieer met die bewind van die Nasionale Party wat teen 1948 in aanvang geneem het. Maar hierdie stand van sake is nie in sy geheel juis nie. Coetzer (2000:14) wys daarop dat die beleid van skeiding tussen wit en swart mense dekades voor die bewind van die Nasionale Party reeds bestaan het. Hy dui tereg aan dat die Britse Regering die beleid van segregasie met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1909 in daardie Grondwet goedgekeur en in stand gehou het. (Coetzer, 2000:15).

Op kerklike terrein was daar ook 'n beleid van segregasie van die vroegste dae af, nie net in die tyd van die onlangse geskiedenis nie. Wanneer Jooste (1958:47) die geskiedenis van ds. Postma se koms na Transvaal in 1858 beskryf word daar direk melding gemaak van Art 9 van die Grondwet van Transvaal waarin vermeld word: “Die volk wil geen gelykstelling van gekleurdes met blanke ingesetenes toestaan nie, nog in die kerk, nog in die staat.” Die saak van volkereverhoudinge is dus al brandend van die stigting van die GKSA af.

### 2.2.2. Eerste sake in verband met volkereverhoudinge.

Dit val nie binne die begrensing van hierdie studie om die geskiedenis van rasseverhoudinge voor 1958 te probeer skets nie. Dit is egter noodsaaklik om te sien dat van die eerste sake wat in die GKSA hanteer is juis gegaan het oor die verhoudings tussen die verskillende volke. Na die ontstaan van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika het die sinode van 1869 vir die eerste keer die sendingtaak van die kerk ter tafel geneem (Jooste, 1958:164). Hierdie sinode moes aandag gee aan 'n beskrywingspunt wat van ds. Jan Lion-Cachet ter tafel gekom het. Die Sinode besluit dat die saak op die volgende Algemene Vergadering indringend bespreek sal word (ACTA, 1869:26). Op dieselfde vergadering moes die Sinode ook 'n ander aanverwante saak aanhoor en daaroor uitspraak lewer. Die saak het gegaan oor die gelykstelling van die gekleurde met die blanke bevolking. Sommige beweer dat die bediening van die Evangelie aan die nasies en die godsdienstige onderrig aan die huisbediendes 'n vorm van gelykstelling is (Jooste, 1958:164). Die Sinode besluit met algemene stemme dat hy met verlange die vervulling van Gen. 22:18 en Psalms 87 en 67 tegemoetsien en hoop om net soos die gelowiges van die Ou Testament met vertroue daarvoor te bly bid en na die vermoë te bly arbei ooreenkomstig die bevel van die Here in

Matt 28:19 en Mar 16:15. Maar bogenoemde gelykstelling is nog nie uitvoerbaar nie en eintlik onmoontlik en vertrou dat elkeen wat die toestand van die nasie ken en redelik oordeel sal toestem (ACTA, 1869:24). Hierdie uitspraak van die sinode gee al aanduiding van die moeilike situasie waarin die kerke verkeer. In beginsel word erken dat Gen. 22:18 en Psalms 87 en 67 'n mate van gelykstelling aandui. Aan die ander kant sien die sinode ook die praktiese omstandighede in en oordeel dat sodanige gelykstelling nog ongeskik en eintlik nog onmoontlik is. Wat hier wel van belang is, is dat die sinode die getuienis van die Skrif oor die gelykheid van die nasies van die aarde in ag neem in hulle besluitneming.

Daar is reeds aangetoon dat die Sinode die saak oor die sending en gelykstelling verwys het na die verskillende Algemene Vergaderings, om die volgende sinode te adviseer. Jooste (1958:165) gee die reaksies en besluite van die algemene vergaderings goed weer. So het die vergadering van die Transvaal ook in dieselfde gees van die sinode van 1869 die beginsels van gelyke evangelieverkondiging gestel maar terselfdertyd die praktiese probleem van die landsomstandighede opgehaal. Die vergadering van Bethulie het egter anders met hierdie saak omgegaan en die vraag na die kerkrade verwys en dat die aan hulle kom rapporteer. Toe die antwoorde van die kerkrade bespreek is het die voorsitter van die vergadering die aandag gevestig op die aanhaling van Bybeltekste. Twee tekste is teenoor mekaar gestel wat die gevaar van verkeerde manier van omgaan met die Skrif beklemtoon. Matt 28:19 is gesien as 'n direkte bevel van Jesus Christus, maar daar teenoor is Matt 7:6 ook as uitdruklike bevel gesien. In Matt 28: 19 word die groot opdrag van Christus gestel: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het." Aan die ander kant word Matt 7:6 gestel: "Moenie wat heilig is aan die honde gee nie en gooi nie julle pêrels voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie." Die vergadering van Bethulie het die laasgenoemde verse as direkte bevel van Christus beskou en so die twee Skrifgedeeltes in stryd met mekaar geplaas. Ds. S.D. Venter was op daardie stadium die predikant van die gemeente Bethulie en hy het Matt 7:6 juis as bevel van Christus gesien en nie as waarskuwing nie, wat hom direk in stryd met die voorsitter van die algemene vergadering van die Oranje Vrystaat geplaas het (Jooste 1958:166). Vir hom was sendingwerk en die verkondig van die evangelie aan ander nasies, pêrels voor die varke en wat heilig is vir honde gegooi. Op die Sinode van 1873 het die sinode soos volg verklaar hoe hy gelykstelling verstaan en hoe dit met die sending in verband staan (ACTA, 1873:33):

a) Die verkondiging van die Evangelie en onderwysing daarin aan die heidense volke is geen gelykstelling nie.

b) Volgens God se Woord is die verkondiging van die genademiddels aan alle volke en alle nasies dieselfde.
c) Daaruit vloei egter nie voort dat hulle wat glo daardeur van dieselfde stand geag en gereken word nie, inteendeel in hierdie wêreld is en bly daar veelal ŉ groot onderskeid.
d) Sover ons die nasies van hierdie lande ken, sou gelykstelling van hulle met die blanke bevolking ongepas en ondoenlik wees.
e) So besluit die Sinode om die kerkrade te vermaan: Dat hulle moet sorg dat die kleurlinge nie onderwys word nie nog godsdiens geniet in dieselfde geboue as die blanke bevolking nie.

Dit lê nie op die weg van hierdie studie om die geldigheid van die besluite en standpunt van ds. Venter of die Sinode te ontleed en te beoordeel nie. Wat hierdie stukkie geskiedenis wel aantoon is dat die vraag oor volkereverhoudinge alreeds van die eerste sake was waaraan die Sinode van die GKSA aandag gegee het. Wat wel ook duidelik word in hierdie verband is dat die Skrif gebruik is om sekere standpunte rondom volkereverhoudinge in te neem en om ŉ definisie te gee aan wat ten einde gelykstelling sou wees.

In dié tydperk is daar inderdaad probeer om die saak van rasseskeiding teologies te begrond. Die belangrikste poging hiertoe uit die geledere van die GKSA is die verdediging van die segregasiebeleid deur dr. J.D. du Toit in sy rede voor die Bloemfonteinse Volkskongres in 1944 getiteld *"Die godsdienstige grondslag van ons rassebeleid*." In hierdie verdediging gaan hy uit van die Skeppingsmotief, waar God as Skeidingmaker optree, en die Babelmotief waar God die nasies uit mekaar laat gaan (Du Plooy, 2003:498).

### <u>2.2.3 Sinode 1955.</u>

Die Sinode van 1952 het ŉ beskrywingspunt ontvang waarin daar gevra word dat die sinode ŉ uitspraak moet maak in verband met die huwelik en buite egtelike saamwoon tussen gekleurde paartjies (ACTA, 1952:201). Gevolglik het die sinode ŉ deputaatskap aangewys om oor die Gereformeerde Kerke se standpunt oor kleurverhoudinge studie te doen en aan die Sinode van 1955 terug te rapporteer. Op die Sinode van 1955 se tafel het daar ŉ versoek van die kerkraad van Springs gedien wat vra dat die Sinode die apartheidsbeginsel skriftuurlik sal ondersoek met die nodige voortvloeiende konsekwensies. Die Kommissie wat aangewys is om ŉ aanbeveling oor hierdie saak te doen was verdeeld. ŉ Meerderheidsrapport het gedien wat aanbeveel het dat daar nie gevolg gegee word aan die versoek om ŉ studie oor die vraag van die Apartheidsbeginsel te doen nie, maar daar was ook ŉ minderheidsrapport wat aanbeveel het dat daar nie van die saak afgestap word nie en dat gevolg gegee word aan die versoek wat in die beskrywingspunt gelig word en dat Proff.

W.J. Snyman en S. Du Toit aan die volgende Sinode 'n rapport sal voorlê (ACTA,1955:143). Die Sinode het besluit om nie van die saak af te stap nie en sodanige deputaatskap te benoem.

Wat die saak aangaande die buite-egtelike verhoudinge tussen blankes en nie-blankes betref, het die deputate aanbeveel dat daar gehou word by die besluite van 1920 en dat daar gehou word by die landswette wat verhoudinge en huwelike tussen blankes en nie-blankes verbied (ACTA,1955:145). Dit word duidelik uit hierdie besluite van die sinode dat die kerke die erns besef het om 'n Skriftuurlike ondersoek na die rassebeleid van Suid-Afrika te doen. Aan die ander kant het die Sinode ook daarteen gewaak om nie in uitsprake teen die bestaande landswette uitspraak te lewer nie.

**2.2.4. Sinode 1958.**

Die deputate wat aangewys is in 1955, het op hierdie sinode 'n indringende verslag ter tafel gebring oor die vraagstuk van volkereverhoudinge (ACTA, 1958:205-270). In hierdie rapport is deurdringend aandag gegee aan die vorm wat die vraagstuk in daardie dae aangeneem het en hoe die vraagstuk ook in ander lande as net in Suid-Afrika relevant was. Daar is ook aandag gegee hoe die rassevraagstuk in die wêreldsituasie die kerk oor die wêreld raak. Verder is daar ook aandag gegee aan die Skrifgegewens vanuit Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese perspektief. Die rapport wat op hierdie sinode gedien het is van geweldige belang aangesien dit die eerste keer is dat die rassevraagstuk aan die hand van die Skrif bestudeer is en daar aanbevelings gedoen is op grond van die Skrifgegewens. In die rapport is daar egter nie net gefokus op dit wat die Skrif sê nie maar die kerklike en samelewingsomstandighede in die wêreld en in Suid-Afrika is ook in ag geneem Aan hierdie Skrifgegewens sal daar in 'n volgende hoofstuk aandag gegee word.

Du Plooy (2003:498) wys daarop dat die Sinode op grond van hierdie rapport twee interessante besluite geneem het. Aan die een kant het die sinode geoordeel dat rassevermenging op kerklike terrein ongeoorloof is uit vrees vir die ondermyning van die nasionale identiteit en die getalmindere blankes. Aan die ander kant besluit die Sinode dat krenkende rassediskriminasie gaandeweg opgehef moet word en dat die verskillende gemeenskappe in die land ook die geleentheid moet kry om oor gemeenskaplike belange saam te verkeer.

Die sinode het met hierdie besluite egter nie bedoel dat die laaste woord oor volkereverhoudinge gesê is nie. Die Sinode neem kennis van die werk van die deputate en die kommissie wat met aanbeveling na die sinode gekom het en "onderskryf vir sover ons insig vandag strek die bevindings as behelsende die belangrikste Skriftuurlike riglyne

betreffende die rassevraagstuk in die algemeen en in Suid Afrika in die besonder" (ACTA, 1958:270).

### 2.2.5. Die Algemene Sinode

Na die sinode van 1958 en die aanvaarding van die studiedeputate se rapport oor rasseaangeleenthede het die volgende meerdere vergaderings ook besluit om op kerklike gebied ras- en volksvermenging as beginsel en reël te verwerp. Kerke moet hulle in nasionale verbande organiseer. Hierdie verbande sluit etnisiteit en taalbeleid in (Du Plooy, 2003:496). Hierdie skeiding wat gemaak word, het egter nie tot alle vlakke deurgewerk nie en die kerke het wel besef dat daar samewerking tussen die verskillende etniese groepe moet wees. Die manier hoe hierdie saam vergader tot uiting gekom het is deur die daarstel van die Algemene Sinode. Van Wyk (1993:52) maak dit duidelik dat die apartheidsdenke wat in die kerk en die samelewing geheers het hierdeur deurbreek is. Hierdie sinode is in 1964 in die lewe geroep en het die eerste maal in 1965 te Ikageng, Potchefstroom, vergader. Van der Merwe, (1973:27) beskryf hierdie vergadering as die institutêre openbaring van die eenheid in Christus sonder opheffing van die nasionale verskeidenhede.

Die verskillende sinodes te wete Nasionale Sinode, die Sinode Middellande, Sinode Suidland, wat uit die kleurling kerke bestaan het en die sinode Soutpansberg het ewe veel afgevaardigdes na hierdie vergadering gestuur. Die groot taak van hierdie sinode was om die eenheid ten opsigte van belydenis en kerkorde tot openbaring te bring, te handhaaf en uit te bou (Van der Merwe, 1973:27). Op die vergadering van die eerste Algemene Sinode in 1965 het die sinode dit in sy agenda opgeneem om rekenskap te gee aangaande die studies wat gedoen is aangaande rasseverhoudinge en hoe hierdie ander sinodes ook hierdie saak in behandeling kan neem (ACTA, 1965:27). Sedert 1988 het die algemene sinode nie vergader nie, aangesien die Sinodes Soutpansberg en Middellande van oortuiging was dat meerdere vergaderings slegs geografies gestruktureer moet word en dat taal en etnisiteit nie in ag geneem moet word nie (Du Plooy 2003:496).

### 2.2.6. Van 1961 tot 1985.

In hierdie tyd is daar steeds besondere aandag gegee aan volkereverhoudinge in die kerk en ook in die samelewing. Deurgaans het die GKSA geworstel met die feit van eenheid en verskeidenheid tussen die kerke (ACTA, 1961:118). Op die Sinode van 1961 is dit ook duidelik dat die saak van rasseverhoudinge ook bepaalde spanning skep aangesien 'n meerderheids- en 'n minderheidsrapport ter tafel gelê is. In die meerderheidsrapport word daar klem gelê op die feit dat God te midde van die oproep tot naasteliefde onderskeid tussen volke, nasies en tale gemaak het en dat daardie onderskeid deurgaans gehandhaaf moet word (ACTA, 1961:117). In die minderheidsrapport word gevra dat die toevoeging tot

die sinodebesluit gemaak word dat die sinode 'n rassebeleid van parallelle ontwikkeling voorstaan. Hierdie voorstel is nie deur die Sinode aanvaar nie. Die benadering wat deur die deputate voorgestel word gaan uit van die standpunt dat aparte instituering van kerke sal dien tot verryking van die kerklike lewe. Die deputate werk ook met die idee van hoër en laer ontwikkelingsvlakke. Die blanke met sy hoëre ontwikkeling sal die nie-blanke oorheers en die nie-blanke met sy laer ontwikkeling sal dan toeskouer wees in die kerklike werking. Die skerp punt van die besluit van hierdie sinode is dat die onbelemmerde belewing van die eenheid van die liggaam van Christus en die handhawing van volkereverskeidenheid alleen verseker kan word wanneer volke binne hul eie gebiede woon (ACTA 1961:118).

Op die Nasionale Sinode van 1964 het daar 'n beswaarskrif gedien teen besluite van 1961 op grond daarvan dat die besluit in stryd is met die Heilige Skrif. Die verdere begronding word gegee dat by die besluit van 1961 Skrifbewys ontbreek terwyl Skrifbewyse wat van belang is nie in ag geneem word nie. (ACTA, 1964:459). In die beswaarskrif word verskeie sake uiteengesit waarin die Sinode nie Skrifbewyse in ag geneem het nie en waar daar ook nie aan die breë lyne van die Skrif aandag gegee word nie. Die Sinode het hierdie beswaarskrif ter tafel geneem maar besluit dat die bewaarskrif na studiedeputate verwys word om die volgende Sinode hieroor te adviseer (ACTA, 1964:467). Die studiedeputate wat die beswaar hanteer het, het aan die Nasionale sinode van 1967 advies gegee dat die beswaar van 1964 nie kan slaag nie, maar dat die saak ook gedien kan word deur herformulering van sekere argumente in die oorspronklike besluit van 1961 (ACTA 1967:185). Wat egter van belang is, is dat die deputate ook gewys het op 'n bepaalde manier van Skrifhantering deur die beswaardes wat nie deur die sinode aanvaar kan word nie. Die uiteinde is dat die GKSA op die Nasionale Sinode van 1970 'n beleid gekies het wat op gebiedskeiding neerkom (ACTA, 1970:62).

Du Plooy (2003:499) wys daarop dat die Nasionale Sinode van 1985 'n lywige rapport behandel het waarin alle besluite wat in die verlede geneem is, in heroorweging geneem word. Van die belangrikste besluite wat op grond van hierdie rapport geneem is die volgende (Vgl. Du Plooy 2003:499, ACTA, 1985:426-448):

- Die besluit oor gebiedskeiding van 1970 is herroep.
- Die aansporing tot skuldbelydenis deur Christene oor die verskeurdheid en sondige skeiding en houding tussen mense.
- 'n Bewoëndheid teenoor armes en polities verdruktes word uitgespreek.
- Die Sinode spreek hom ook duidelik uit dat elke vorm van rasse heerskappy en rassisme te verwerp is.

- Huwelike oor kleurgrense heen kan nie in die lig van die Skrif as sondig of ongeoorloof verklaar word nie.
- Waar 'n toestand van algehele gebiedskeiding om talle redes nie moontlik is nie, word 'n besonder groot verantwoordelikheid op volke en bevolkingsgroepe geplaas om onderling in 'n gesindheid van vrede, vryheid, versoening en regverdigheid saam te lewe, sodat die regte van minderhede eerbiedig word en oorheersing uitgeskakel word.

Dit word duidelik uit hierdie besluite dat daar gedurende die tagtiger jare 'n verskuiwing in die GKSA se denke oor volkereverhoudinge was. In 'n volgende hoofstuk sal die manier hoe die Skrif hanteer is in hierdie verskuiwing ondersoek word.

### 2.2.7. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES).

In 1946 het die GKSA 'n leidende rol gespeel in die totstandkoming van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES). Lidmaatskap van hierdie Sinode het gestrek van 1946 tot 1988. Alhoewel die GKSA lidmaatskap van die sinode opgesê het op grond van Skrifbeskoulike standpunte van die Gereformeerde Kerken Nederland, het die GES die GKSA ook by geleentheid ernstig vermaan oor die kerke se standpunt in die debat van volkere verhoudings en apartheid.

Die vergadering van die GES in Kaapstad 1976, het aan 'n kommissie van ondersoek opdrag gegee om ondersoek in te stel na volkereverhoudinge in Suid-Afrika, veral sover lidkerke van die GES daarby betrokke is. In Die Kerkblad van 5 September 1984 lewer Helberg (1984:1) verslag en kommentaar op die bevindinge van Die GES Chicago van 1984. Hierin wys Helberg daarop dat die GES drastiese uitsprake oor die lidmaatskap van die GKSA aan hierdie Sinode maak.

Die GES gee 'n omskrywing van wanneer 'n staat 'n magstaat is en 'n ideologie op die inwoners van die land afdwing. Dit is wanneer iemand op grond van ras, nasionaliteit, velkleur of etniese identiteit toegelaat of geweier word in: kerklidmaatskap, nagmaal, burgerskap, nasieskap, eiendomsreg op grond, ekonomiese lewe, sosiale bedrywighede en openbare geriewe. Wanneer 'n kerk so 'n ideologie voorstaan verwerp die kerk die belydenis van die eenheid van Christus en is hy medeverantwoordelik vir die situasie. As 'n kerk voortgaan om hierdie ideologie te steun of om dit nie openlik te verwerp nie, bring so 'n kerk die hele Christelike konfessie in gedrang. So 'n kerk se leer is dan ketters en in stryd met die Skrif (Helberg, 1984:1).

Die GES het die lidkerke van Suid Afrika, waarby die GKSA ingesluit is, daarvan beskuldig dat hulle die apartheidstelsel steun en dat hierdie kerke voor die einde van 1986 die Interimkomitee van die GES moet meedeel wat hulle gedoen het om hierdie ondersteuning in heroorweging te bring. Die kommentaar van Helberg op hierdie houding van die GES is tereg

dat die GES-besluit as geheel die indruk gee dat die doel eerder is om die Afrikaanse kerke skuldig te bevind as om hulle tot verandering te beweeg (Helberg, 1984:2). Hierdie gegewens maak dit duidelik dat daar ook druk vanuit ekumeniese liggame was om die GKSA tot verantwoording oor die land se rassebeleid te roep.

**2.2.8. Sinode 1991 tot Sinode 2009.**

Die Sinode van 1985 het duidelike uitsprake gemaak oor die stand van volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. Op die Sinode van 1991 dien daar egter 'n beswaarskrif teen besluite van 1985 en 1982 (ACTA, 1991:654-669). Die beswaar teen besluite berus op kerkregtelike gronde en Skriftuurlike gronde. Wat hierdie beswaarskrif merkwaardig maak is dat die probleem van eenheid en verskeidenheid in die kerk behandel word. Die hoofsaak wat die beswaardes bespreek is dat die Sinode van 1985 in sy uitspraak die eenheid van die kerk iets maak wat die kerke moet bewerk terwyl dit God alleen is wat die eenheid van die kerk bewerk het en die opdrag aan die mens is dat daardie eenheid bewaar moet word ( ACTA, 1991:661).

Hierdie beswaar is na 'n kommissie verwys en die kommissie beveel aan dat die beswaar nie slaag nie, omdat die beswaardes aanvoer dat Christus self die eenheid van die kerk bewerk en die gelowiges die roeping het om hierdie eenheid te bewaar. Die kommissierapport oordeel hieroor dat die eenheid van die kerk tussen bevolkingsgroepe erken moet word. Die woord "erken" hou in dat die eenheid van die liggaam van Christus tot openbaring moet kom. Verder moet die eenheid gehandhaaf en bewaar word aldus die kommissie (ACTA, 1991:667). Die Sinode aanvaar die aanbeveling van die kommissie en handhaaf nie die beswaar nie.

Op die sinode het verder 'n rapport gedien van die deputate wat die Gereformeerde Ekumeniese Sinode van 1988 moes bywoon. Die deputate rapporteer dat die GES met waardering kennis neem dat daar tekens in die geskiedenis van die GKSA is dat die kerkverband kritiek lewer teen die stelsel van apartheid, maar dat daar volgens die GES nog nie genoeg gedoen is om apartheid as ideologie af te wys nie (ACTA 1991:157). In verweer stel die deputate dat die GKSA lank reeds 'n posisie teen die ideologie van apartheid ingeneem het (ACTA, 1991:159). Hierdie sinode bevestig weer die standpunt dat "die ideologie van apartheid 'n sonde is en die teologiese regverdiging daarvan 'n dwaling" (ACTA, 1991:160,187; vgl. Van Wyk, 2004:8).

Oor etlike jare reeds het dit duidelik geword uit sinodeuitsprake dat volkereverskeidenheid nie noodwendig neerkom op geskeidenheid nie. Die eenheid van die Kerk van Christus, mag dus ook nie ter wille van hierdie verskeidenheid agterweë gelaat word nie. Op die sinode van

1994 neem kerke van die GKSA ŉ besluit wat die eenheid van die kerke op ŉ besonderse manier na vore bring. Die sinode besluit in 1994 die volgende (ACTA, 1994:706):

- Die Sinode van die GKSA (1994) besluit dat die opleiding wat aan die HTS (Hammanskraalse Teologiese Skool – CJ) gebied is, aan die einde van 1994 gestaak word.
- Die Sinode van die GKSA versoek Sinode Middellande en Sinode Soutpansberg om mede verantwoordelikheid vir die TSP (Teologiese Skool Potchefstroom – CJ) te aanvaar.
- Die Sinode van GKSA (1994) besluit om die Sinodes Soutpansberg en Middellande uit te nooi om hulle studente (met matrikulasievrystelling) van 1995 af aan die TSP te laat studeer.

Met hierdie besluit van die sinode is daar ŉ begin gemaak om die eenheid van die kerk sigbaar te maak in die kerklike samelewing. Voorts sal die opleiding van predikante in die ressort van Sinode Middellande, Soutpansberg en die GKSA opleiding aan een instansie ontvang.

Die Sinode van 1997 besluit dat die beginsel van die eenheid van die liggaam van Christus sigbaar uitgeleef moet word waar kerke mekaar in kerkregering bystaan (ACTA, 1997:864). Die sinode handhaaf egter die beginsel dat die eenheid wat tussen gelowiges bestaan, nie die Godgegewe verskeidenheid van taal en kultuur ophef nie. Daarom besluit die Sinode van 1997 dat kerke mekaar sowel binne as buite taal- en kultuurgrense kan bystaan. Met hierdie besluit word die weg gebaan dat kerke wat in die verlede vergader het in aparte Nasionale Sinodes in die toekoms saam in ŉ algemene sinode kan vergader.

Die saak van die eenheid van die kerk is egter op die sinode van 2003 deur ŉ beskrywingspunt van Part Sinode Noordwes ter tafel gebring. In die beskrywingspunt word voorgestel dat ŉ geografiese indelingsbeginsel vir Klassisse volgens art 41 KO gevolg moet word. Deputate word aangewys om klassisse en part sinodes hiermee behulpsaam te wees en oorleg te pleeg met Sinodes Middellande en Soutpansberg (ACTA, 2003:473). Die motivering vir die beskrywingspunt is dat die eenheid in Christus op hierdie manier ŉ groter sigbare gestaltegewing sal kry. Verdere redes is dat daar na oorleg met Klassisse in Noordwes ŉ behoefte bestaan het om geografies te vergader en dat daar gevorder moet word dat kerke geografies kan vergader om onder andere gesamentlike getuienis aan die owerheid te kan lewer (ACTA, 2003:473). Die Sinode besluit om aan hierdie beskrywingspunt gevolg te gee.

Op die Sinode 2006 lewer die deputate wat aangestel is om ondersoek te doen na die geografiese indeling van Klassisse en met Sinode Middellande en Soutpansberg te vergader

verslag en beveel aan dat daar voortgegaan word met die geografiese indeling van klassisse en streeksinodes. Die deputate stel ook 'n konsep voor hoe die nuwe klassisse en streeksinodes daar sal uitsien. Uit die Deputaterapport is dit ook duidelik dat Sinodes Middellande en Soutpansberg hierdie nuwe geografiese indeling steun (ACTA, 2006:388). Sinode Soutpansberg het egter sekere voorbehoude ten opsigte van die totstandkoming van Klassis Capricorn, maar stem in beginsel in met 'n nuwe strukturele indeling, waar al die gereformeerde kerke ongeag taal- of kultuuragtergrond saam vergader in klassis-streeksinode en algemene sinode verband. Die Sinode keur die aanbevelings van die deputate goed en gee opdrag om hulle werk af te handel.

In die Kerkblad van Desember 2008, realiseer hierdie strewe na eenheid tussen kerke van die GKSA en Sinode Middelande wanneer die kerke opgeroep word om in die eerste Algemene Sinode op 5 Januarie 2009 saam te kom en op die volgende dae te vergader. Dit is belangrik om in te sien dat die vraagstuk rondom volkereverhoudinge nou verweef was met die kwessie van die eenheid van die kerk. Die vraag rondom volkereverhoudinge is daarom nie net 'n politieke vraagstuk nie, maar eindelik ook 'n kerklike vraagstuk wat tot uiting kom in die praktyk om verskillende kerke vir verskillende bevolkingsgroepe te hê.

## *2.3. DIE 1983-VERTALING VAN DIE BYBEL.*

### **<u>2.3.1. Inleidend .</u>**

1 Junie 1933 was gewis een van die belangrikste en vreugdevolle dae in die geskiedenis van die Afrikaanse volk, maar ook die Afrikaanse Kerke. Op hierdie datum het die eerste besending Afrikaanse Bybels in die land aangekom. Na jare se vertaalwerk was dit die blye dag waarop die eerste volledige Afrikaanse Bybel op Suid Afrikaanse bodem aangeland het. Op hierdie dag het die beginsel wat al in 1878 deur die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) daargestel is, gerealiseer. In daardie jaar het die GRA alreeds die beginsel gestel dat die "tyd daar is om die Bybel in Afrikaans te vertaal" (Du Toit, 1977:160). In 2008 was dit 75 jaar sedert die eerste Bybel in Afrikaans deur die kerke feestelik in gebruik geneem is. In die verloop van hierdie tydperk is die 1933 vertaling eenmaal hersien en in 1953 beskikbaar gestel en is die Bybel ook weer van nuuts af vertaal in 'n bruikbare hedendaagse Afrikaans wat in 1983 in gebruik geneem is. Hierdie vertaling is ook hersien en in 1992 met die veranderinge beskikbaar gestel. Te midde van hierdie hersienings was daar steeds beswaar teen veral die gebruik van die 1983 vertaling in die Gereformeerde Kerke (vgl. ACTA, 1988:283, 2000:183, 2003:116, 2006:133).

Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling is goed gedokumenteer en daarom sal daar net oorsigtelik aan die ontstaan van die eerste Bybelvertaling aandag gegee word, waarna in meer detail aan die totstandkoming van die 1983 vertaling aandag gegee word.

### 2.3.2. Die Bybel in Afrikaans – 1933.

Die wortel van die Afrikaanse Bybelvertaling lê reeds in die besluit van die Genootskap van Regte Afrikaners wat in 1878 die beginsel aanneem dat die tyd daar is om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Op hierdie vergadering is ook besluit dat die vertaling uit die grondtekste van die Ou en die Nuwe Testament gedoen moes word (Du Toit, 1977:160). In 1885 word ds. S.J. du Toit as vertaler gekies en hy ontvang die opdrag om hoofsaaklik die nuwe Engelse vertaling te volg, terwyl hy soveel moontlik moes aansluit by die segswyse van die Statevertaling. Die saak van die Bybelvertaling in Afrikaans het op hierdie stadium nog nie die guns van Sinodes ontvang nie.

In die jaar 1890 het ds. Du Toit bedank as Superintendent van Onderwys in Transvaal en kon hy meer aandag aan die vertaalwerk gee. In die loop van tyd het hy Genesis, Matteus, Openbaring, Psalms, Hooglied, Handelinge en Markus vertaal. Hy het die gedeeltes nie net vertaal nie, maar ook verklaar sodat die vertaling en die verklaring aan die einde een groot Bybelwerk sou vorm. Die skielike dood van ds. S.J. Du Toit in 1911 het egter 'n einde aan hierdie arbeid van hom gemaak (Du Toit, 1977:161).

Die werk aan die Bybelvertaling het na die afsterwe van ds. Du Toit feitlik tot stilstand gekom. Op 21 Augustus 1914 lewer dr. B.B. Keet 'n lesing getiteld “die Bybel in Afrikaans” op Stellenbosch waarin hy pleit dat die werk aan 'n Afrikaanse Bybelvertaling uitgaan vanuit die Sinode van die kerke (Du Toit, 1977:162). Op 16 Mei 1916 besluit die Vrystaatse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerke om in samewerking met die ander sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika die Bybel in Afrikaans te vertaal. Ingevolge hierdie besluit het 'n aantal deputate op 16 November 1916 bymekaar gekom en besluit dat die werk ter hand geneem moes word. Die metode wat gevolg word is om die “Statevertaling te neem soos hy is en dit in Afrikaans oor te sit, met noukeurige raadpleging van die grondteks met die oog op verduideliking in kantaantekeninge.” As vertalers is benoem vir die Ou Testament: dr. T.B. Muller, dr B.B. Keet en dr J.D. Du Toit. Vir die Nuwe Testament is benoem: dr. B.A. Gerdener, dr. F Postma en dr. N.J. van der Merwe. Op die Sinode van die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika van 1918 het die Sinode 'n beskrywingspunt aanvaar van die Gereformeerde Kerk Reddersburg dat die Sinode kennis neem van die werk aan die Afrikaanse Bybelvertaling en dat die Sinode sy houding daaromtrent bepaal. Die Sinode keur goed dat die werk van prof. Du Toit as vertaler voortgaan asook dat daar telkens met die Hervormingsfees vir hierdie doel gekollekteer sal word. Hiermee het die GKSA sy ondersteuning aan die vertaling van die Bybel in Afrikaans toegesê.

In 1923 het die Breë Kommissie van die Bybelvertaling besluit dat twee eindvertalers aangestel sal word vir die hele Bybel en dat die huidige vertalers met hulle werk sal voortgaan en dit aan die eindvertalers sal stuur. Dr B.B. Keet en dr. J.D. Du Toit is as die eindvertalers aangewys. Die kommissie het tot die besef gekom dat ŉ vertaling van ŉ vertaling nie haalbaar is nie en dat daar meer en meer oorspronklik gewerk moes word om die vertaling vanuit die grondtale te doen, al sou dit beteken dat die werk langer sou neem.

By die aanvang van die werk moes die vertalers ook besin of hierdie vertaling ŉ vrye of ŉ letterlike vertaling moes wees. Om hieroor te besluit het die vertalers die doel van die vertaling in ag geneem. Die vertaling van die Bybel in Afrikaans gaan van die kerke uit en is bedoel vir die kerke wat die Heilige Skrif erken as die blywende geïnspireerde Woord van God, as die beginsel van die teologie en die onfeilbare reël vir ons leer en lewe. Daarom is daar geen ander keuse as om die oorspronklike so na as moontlik te volg nie (Du Toit, 1977:167). Die woorde van Totius oor hierdie vraag belig die besluit vir ŉ letterlike vertaling nog meer: "ŉ Kuns of vrye vertaling is vir ons buite die kwessie al is dit dat daar ook daarvan ŉ sekere krag en bekoring uitgaan. Sal die Afrikaanse vertaling doeltreffend en standhoudend wees dan moet daarvan gesê kan word dat dit die diensknegtelike gestalte aangeneem en diep gebuig het voor die majesteit van die oorspronklike waardeur die ewig blywende Woord van God in ons aardse sfeer verklank is" ( Du Toit, 1977:167). Op 1 Junie 1933 kom die eerste besending Afrikaanse Bybels in Suid Afrika aan en word op 27 Augustus amptelik in gebruik geneem.

Na die verskyning van die Bybel in Afrikaans het daar dadelik versoeke gekom vir die hersiening van die vertaling van die Bybel. Die Afrikaanse vertaling was allermins volmaak en het ŉ hersiening dadelik genoodsaak (Combrink, 2002:397). In April 1934 kom die vertalers van die Bybel in Afrikaans in Potchefstroom byeen om met die hersiening taak van die Bybel te begin. Daar is aanvanklik verwag dat die hersiening binne drie jaar afgehandel kon word maar die hersiene uitgawe verskyn eers in 1953 nadat die Bybel ses keer deurgewerk is (Combrink, 2002:379).

### **<u>2.3.3. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling – 1983.</u>**

Na die verskyning van die hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans het daar steeds oproepe uitgegaan dat daar met die hersieningswerk voortgegaan word. Die verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerke wat op die Hersieningskommissie dien, het oor hierdie hersiening gerapporteer by die Sinode van 1961 ( ACTA, 1961:38). In hierdie rapport word daar aanbeveel dat daar voortgegaan word met die hersiening van die Bybel, alhoewel daar onder die Afrikaanse publiek en die Britse Bybelgenootskap teëstand teen so ŉ hersiening is.

Van 2 tot 26 Julie 1968 word 'n vertaling seminaar aangebied op Turfloop wat deur die Kommissie wat die hersiening van die Bybel moet behartig en verteenwoordigers van die 17 ander vertalingsprojekte. Hierdie seminaar is later in 1968 opgevolg deur 'n soortgelyke vertalingsseminaar wat die volgende besluit neem: "Die vergadering is van oordeel dat, aangesien die bestaande Afrikaanse Bybelvertaling in 1933 deur die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika aanvaar is, slegs nege jaar nadat Afrikaans amptelike taal geword het, die tyd nou aangebreek het dat gewerk word aan vernieude (sic) vertaling, wat rekening hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydvak en die resultate van wetenskaplike ondersoek, so getrou as moontlik aan die grondteks; 'n waardige vertaling wat ons volk aanspreek binne en buite die kerk, in die erediens en huislike gebruik, in ons teenwoordige situasie en tyd" (Smit 1970:233). Met hierdie besluit word daar verskuif van die hersienings van die bestaande vertaling na 'n nuwe vertaling vanuit die grondtekste.

Die deputate vir die hersiening van die Bybel lê in hulle rapport aan die Sinode van 1970 hierdie besluit van die vertalingseminare aan die vergadering voor. In die rapport van die debutate word melding van die vertalingseminare gemaak en die hoë waardering vir die lesings wat deur dr E. Nida, vertalingskenner en sekretaris van die Amerikaanse Bybelgenootskap, aangebied is (ACTA, 1970:300). Die Sinode neem die volgende besluit op aanbeveling van die deputate: "die Sinode besluit dat 'n nuwe vertaling onderneem word, wat rekening hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydvak en die resultate van wetenskaplike ondersoek, terwyl dit so getrou moontlik aan die grondteks is, en 'n waardige vertaling sal wees wat ons volk aanspreek binne en buite die kerk, in die erediens en die huislike gebruik – in ons teenswoordige situasie en tyd" (ACTA: 1970:301).

Met hierdie besluit het die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika hul steun toegesê aan die daarstel van 'n nuwe vertaling van die Bybel en dat daar nie meer net aan die hersiening van die Bybel gewerk word nie. Verder is weer deputate benoem om met die werk aan die nuwe vertaling van die Bybel mee te werk in die persoon van proff. S du Toit vir die Ou Testament en T Van die Walt vir die Nuwe Testament. As sekundi is benoem prof. J.L. Helberg vir die Ou Testament en dr. J. Postma vir die Nuwe Testament. In die finale besluit van die Sinode word die motiverings, sowel as riglyn vir so 'n nuwe vertaling verwoord (vgl. ACTA, 1970:302).

- Daar word goedkeuring verleen aan wat tot dusver gedoen is en dat lidmate opgewek word om met vrymoedigheid hul gedagtes aan vertalers bekend te maak op grond van die verwagte proefvertaling.
- As riglyn vir die vertaling besluit die Sinode dat die vertaling so verstaanbaar moontlik moet wees, ook vir die jong mense, maar die oorspronklike koloriet moet ook sover

moontlik behou word, met die beklemtoning van die waardigheid van die vertaling. Vertaling is geen parafrase nie – dit is die werk van kommentare.

Op dieselfde Sinode (1970) het 'n beskrywingspunt gedien van die Partikuliere Sinode van Noord-Transvaal dat daar 'n beleidsbepaling gedoen moet word oor verskillende sake rakende 'n nuwe vertaling van die Bybel. Sake waaroor die Sinode hom moes uitspreek was die volgende:

a. die beste teks wat gebruik moet word;
b. die noodsaaklikheid van 'n heel nuwe vertaling, of slegs die hersiening van die bestaande;
c. die probleme van 'n nuwe vertaling ten opsigte van geskikte persone wat wetenskaplike sowel as kunssinnige gawes moet besit;
d. die onwenslikheid om twee offisiële vertalings naas mekaar van dieselfde Bybel te handhaaf;

Die sinode antwoord op hierdie beskrywingspunt deur te bevestig dat afgesien word van die hersiening van 'n vertaling en opdrag gegee word vir 'n nuwe vertaling in die lig van die groot vordering wat gemaak is ten opsigte van die oorspronklike tale, en beter tekste wat beskikbaar is. Die tekste wat gebruik word is die Kittel uitgawe van die Ou Testament en die Nestlé-Aland uitgawe van die Nuwe Testament. Dit impliseer dat afgesien word van die Textus Receptus as grondteks van die Nuwe Testament (ACTA, 1970:304) Hiermee is die weg gebaan vir die werk aan die Nuwe vertaling van die Bybel. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar nie verder ingegaan op die samestelling van die vertalingskommissie vanuit die verskillende kerke en die rol van die Bybelgenootskap van Suid Afrika nie.

In 1970 word die eerste proefvertalings van so 'n nuwe vertaling uitgegee in die vorm van 'n bundel bybelboeke wat vertaal is naamlik 1 Samuel, Amos, Maleagi, Johannes, Filippense en Kolossense as feesbundel ter herdenking van die 150 jarige bestaan van die Bybelgenootskap van Suid Afrika. Binne enkele dae is die eerste oplaag van hierdie bundel in die destydse Transvaal uitverkoop (Combrink, 2002:398). In die volgende jare verskyn die Blye Boodskap met die vier evangelies, Handelinge en Psalms 1-50 in 1975. In 1979 verskyn die Blye Boodskap wat die vier evangelies, Handelinge en al 150 Psalms bevat. Op 2 Desember 1983 word die Nuwe Vertaling van die Bybel in Afrikaans in Afrikaans gepubliseer en in ontvangs geneem (Combrink, 2002:399). Die Sinode van 1985 van die GKSA besluit dat die 1933/53 vertaling en die 1983 vertaling van die Bybel naas mekaar in die kerke gebruik kan word (ACTA, 1985:576).

### 2.3.4. Besware.

Hierdie besluit van Sinode 1985 het nie by alle gemeentes en lidmate van die GKSA byval gevind nie. Op Sinode 1988 dien die eerste beswaar teen die besluit van 1985 om die twee vertalings van die Sinode naas mekaar te gebruik (ACTA, 1988:283-302). Die Geformeerde Kerk die Kandelaar maak beswaar teen die besluit van 1985 op sterkte van die volgende beswaargronde:

**Beswaargrond 1: Die vertaalmetode moet by die Skrif pas.**

1.1. Die vertaling is nie getrou aan die grondteks nie.

1.2. Die vertaling verander die betekenis van die grondteks.

1.3. Die vertaalmetode was hoofsaaklik op die prinsipieel onaanvaarbare dinamies ekwivalente metode gebaseer.

1.4. Die vertaling stimuleer nie die leser om Skrif met Skrif te vergelyk nie.

1.5. Die vertaling tas die eenheid van die Heilige Skrif aan.

1.6. Die vertaling laat nie voldoende reg geskied aan die Bybel as openbaringsgeskiedenis nie.

1.7. Die vertaling tas die historisiteit van die Skrif aan.

1.8. Die dinamies ekwivalente metode gaan uit van ŉ kerklosse situasie.

1.9. Die vertaling verbreek die tradisionele eenheid tussen Skrif en ander kerklike tekste.

**Beswaargrond 2: Die Woord is aan die Kerk toevertrou.**

2.1. Die kerke het in die aanvaarding van die 1983 vertaling in beginsel die opdrag om die Woord te bewaar aan die Bybelgenootskap oorgedra.

**Beswaargrond 3: Die plaaslike kerke het nie voldoende geleentheid gekry om die finale vertaling te toets nie en aan besware wat ingedien is, is nie werklik gehoor gegee nie.**

3.1. Die sinode het geen leidinggewende advies gegee nie.

3.2. Toetsing van die vertaling is nie aktief gestimuleer nie, en kritiese advies is verontagsaam.

Die Kommissie wat aangewys is om die beswaar te hanteer beveel aan dat die beswaar op nie een van die beswaargronde slaag nie. Die Sinode besluit egter dat die aanbeveling van die kommissie nie aanvaar word nie, maar dat die beswaar na ŉ studie deputate verwys word om op volgende Sinode terug te rapporteer (ACTA, 1988:302). Verder word deputate vir die hersiening van vertalings aangewys, wat opdrag het om spesifieke probleme rondom die vertalings van die Bybel aan die Bybelgenootskap oor te dra (ACTA, 1988:717-718).

Tydens die Sinode van 1991 rapporteer die aangewese studiedeputate van 1988 terug (ACTA, 1991:117-128). Die deputate bevind dat die beswaar nie grondige redes aanvoer

waarom die 1933/53 vertaling en die 1983 vertaling nie naas mekaar gebruik kan word nie. Die Sinode keur hierdie aanbeveling van die deputate goed. Die deputate vir die hersiening van die Bybelvertalings rapporteer dat daar in die Kerkblad van 21 September 1988 'n uitnodiging aan gemeentes en individue gerig is om kommentaar op die 1983, sowel as die 1933/53 vertaling te lewer (ACTA, 1991:105). Kommentaar is van verskeie gemeentes en individue ontvang en die deputate kon van die probleme aanspreek. Die twee belangrikste punte van kritiek wat die studie oor Skrifbeskouing raak, waaroor die deputate moes oordeel is:

- Die oënskynlike ontmessianisering van die Ou Testamentiese stof.
- Die onderskeidende vertaling van die Godsname (Adonai en JHWH).

Wat die eerste punt betref is die beswaardes van mening dat die Messias uit die Ou Testament in die 1983 vertaling weg vertaal is en dat die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament so in gedrang kom. Die deputate antwoord op hierdie besware dat die gebruik van kleinletters by tradisionele Messiaanse gedeeltes, nie 'n messiaanse betekenis uitsluit nie, maar alleen sê dat dit nie in die eerste plek op die Messias dui nie (ACTA, 1991:107). Hierdie benadering sal verder ondersoek word in 'n verdere hoofstuk.

Wat die vertaling van die Godsname betref oordeel die Sinode dat die Sinode ten sterkste 'n vertoë aan die Bybelgenootskap van SA rig om die Godsname onderskeidend te vertaal, waaruit die leser en die hoorder die onderskeid kan tref (ACTA, 1991:114).

Hiermee is die saak egter nog nie afgehandel nie. Vanuit die Gereformeerde Kerke is daar steeds lidmate wat besware lug aangaande die 1983 vertaling. Die bekendste en mees omvattende motiverings vir die besware word gevind in die publikasie van J.C. Erasmus, *Bewaar my Woord* (1988,1992) en *Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling* (2003). In hierdie publikasies word 'n in-diepte studie gedoen oor die manuskripte wat vir die grondteks van die Nuwe Testament gebruik is en die dinamies-ekwivalente vertaalmetode.

Op die Sinode van 2000 dien weer 'n beswaarskrif van G.L. Erasmus, eggenoot van J.C. Erasmus, wat onttrek word op aanbeveling van die Kommissie wat die beswaarskrif moes hanteer. Die broeder self meen dat hierdie omvangryke en belangrike saak op hierdie manier die beste hanteer word. Op aanbeveling van die kommissie word br. Erasmus verwys na die Teologiese Skool van Potchefstroom om verder gesprek te voer met kundiges oor die aspekte wat in die beswaarskrif na vore kom, in besonder die verskillende vertaalmetodes en grondteks van die Bybel (ACTA 2000:183).

Sinode 2003 hanteer weer die beswaar van br. Erasmus, maar verklaar die beswaarskrif nie ontvanklik nie. Op hierdie Sinode dien wel 'n ander beswaarskrif wat nie noodwendig met die aanvaarbaarheid al dan nie van die 1983 vertaling verband hou nie maar tog 'n aspek van die

besware aanspreek. Die Gereformeerde Kerk die Kandelaar maak beswaar teen die besluit van 1991 rakende die Messiaanse duiding van die Ou Testament (ACTA 2003:117). Hierdie beswaar van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar word nie deur die Sinode gehandhaaf nie. In die volgende hoofstuk sal die Skrifbeskoulike implikasies van hierdie standpunt ondersoek word.

Sinode 2006 hanteer twee beswaarskrifte van br. G.L. Erasmus, eerstens teen die onontvanklik verklaring van die beswaar by Sinode 2003 (ACTA, 2006:128) en weer eens 'n beswaarskrif teen die besluit van 1985 vir die gebruik van die 1983 vertaling naas die 1933/53 vertaling (ACTA, 2006:133). Die beswaar teen die onontvanklik verklaring van sinode 2003 word gehandhaaf met die gevolg dat die beswaar teen die gebruik van die 1983 vertaling vir kerklike gebruik op die Sinode ter tafel geneem kan word. Die kommissie beveel aan dat studie deputate aangewys word, om die beswaar te beoordeel en aan Sinode 2009 terug te rapporteer (ACTA, 2006:154). Die studiedeputate rapporteer op Sinode 2009 terug dat al die gronde vir die beswaar teen die gebruik van die 1983 vertaling ontoereikend is (ACTA, 2009:133).

## *2.4. GEBRUIK VAN KELKIES TYDENS DIE VIERING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL.*

### 2.4.1. Inleidend.

Ds. L.S. Kruger gee in 1956 'n boekie uit onder die titel: "Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk" (Kruger, 1956). In hierdie boekie word verskillende aspekte van die geskiedenis en gebruike van die Gereformeerde Kerke bespreek. Een van die aspekte wat Kruger (1956:116) uitlig as 'n verskil tussen die Gereformeerde Kerke en die ander Afrikaanse Kerke is die gebruik van kelkies tydens die viering van die Nagmaal. In die tyd wat hierdie boekie geskryf is, was daar in die Gereformeerde Kerke nie verskil oor die prominente plek van die beker in die viering van die heilige nagmaal nie. Hierdie situasie het egter so verander dat die wyse van Nagmaalviering as 'n verdere verdelingspunt tussen kerke in die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika geword het. Vervolgens sal daar aandag gegee word aan die besluite rakende die wyse van Nagmaalsviering voor 1950 en die besware wat daarna op die Nasionale Sinode aan die orde gekom het.

### 2.4.2. Die wyse van Nagmaalsviering – 1927 en 1930.

Die eerste keer dat die kwessie van die gemeenskaplike drinkbeker teenoor die gebruik van afsonderlike kelkies op die tafel van 'n meerdere vergadering gekom het was op die Sinode van 1927. Op die Sinode word 'n beskrywingspunt ter tafel geneem van die Algemene Vergadering van die OVS oor hoe daar gehandel moet word met lidmate wat om gesondheidsredes beswaar maak teen die gebruik van die gemeenskaplike drinkbeker

tydens die nagmaal (ACTA, 1927:14). Die aangewese kommissie maak die volgende aanbeveling: die Kommissie adviseer, dat die Sinode besluit dat die Kerkrade hulle sal bepaal by die gemeenskaplike drinkbeker, soos dit tot hiertoe gebruiklik was, omdat dit volgens die instelling van Christus is. Lukas27:17, Mark. 14:23. Spesiale gevalle van gevaar vir besmetting berus by die Kerkraad" (ACTA, 1927:169). In hierdie aanbeveling sien ons die Skrifbeskoulike uitgangspunt dat die Nagmaal gevier moet word soos Christus dit ingestel het. Die Sinode neem hierdie rapport van die kommissie met dank aan, maar besluit tog anders. Met meerderheid van stemme word besluit om "verder 'n kommissie te benoem om op die volgende Sinode 'n beredeneerde advies uit te bring, wat die gronde aangee waarom die Geref. Kerk die gemeenskaplike beker handhaaf by die Nagmaalstafel en waarom ons nieteenstaande die gesondheidsbesware geen aparte nagmaalkelkies wil gebruik nie" (ACTA, 1927:52).

Tydens die Sinode van 1930 rapporteer die aangewese deputate terug aan die vergadering. Die deputate verstaan hulle opdrag so dat die Sinode van 1927 hom teen die gebruik van aparte kelkies uitgespreek het en dat die deputate se opdrag is om die gronde vir hierdie teëstand voor te lê. Die motivering teen die gebruik van aparte kelkies word soos volg deur die deputate uiteengesit (ACTA 1930:48):

1. Die gebruik van kelkies is in stryd met die Evangeliste (sic) en wat die apostel Paulus verhaal aangaande die instelling van die heilige nagmaal deur die Here Jesus Christus. "uit die verskillende Skriftuurplekke (Matt 26:27,28; Mark.14:23; Lukas 22:20; 1 Kor. 11:25-29) blyk een ding duidelik, naamlik dat die Here Jesus aan sy dissipels 'n drinkbeker gegee het waaruit hulle gemeenskaplik moes drink. Daaromtrent kan daar by onbevooroordeelde eksegese geen die minste twyfel bestaan nie." Uit hierdie Skrif-gegewens en veral die bevel, 'Drink almal daaruit', blyk dit duidelik dat die Here Jesus Christus die nagmaal bedoel het as 'n broedermaaltyd, met die gemeenskaplike drinkbeker in die sin van die Paasfees.
2. Die instelling van aparte kelkies maak van die nagmaal 'n individualistiese saak. Daarom is die gebruik van aparte kelkies in stryd met die simboliek van die heilige nagmaal.
3. Die individualistiese viering van die nagmaal werk die Gees van liefdeloosheid en indiwidualisme in die hand. Hierdie werking is vyandelik teenoor die gemeente van Christus en die bande van liefde en samehorigheid wat die gemeente moet versterk in die Heilige Nagmaal word in der waarheid deur die gebruik van kelkies verswak.

4. Die gebruik van kelkies spruit voort uit 'n gees van ongeloof. Daar is geen gekonstateerde wetenskaplike bewyse dat siektes deur die gebruik van die gemeenskaplike beker oorgedra word nie.

Hierdie rapport van die deputate word deur die Sinode met meerderheid van stemme goedgekeur en aanvaar. Op dieselfde sinode word 'n beskrywingspunt van die Gereformeerde Kerk De Aar ter tafel geneem waarin gevra word hoe kerkrade moet oordeel oor die opname van lidmate van ander kerke wat gewetensbeswaar het teen die gebruik van aparte kelkies (ACTA 1930:158). Die kommissie wat oor die saak oordeel beveel aan dat kerkrade self moet oordeel oor die opname al dan nie van hierdie lidmate. Die raamwerk wat in ag geneem moet word is dat die suiwere sakramentsbediening een van die kenmerke van die ware kerk is en wanneer lidmate om hierdie rede beswaard is en by 'n ander kerk inskakel is dit goed. Daar moet egter gewaak word deur kerkrade dat hulle nie lidmate opneem wat alleen maar beswaard is oor die gebruik van kelkies omdat dit teen die tradisionele gebruik van die kerk is nie (ACTA 1930:158). In die jare wat volg was dit die aanvaarde standpunt binne die GKSA.

### 2.4.3. Eerste besware teen die besluite van 1927 en 1930.

Die eerste besware wat teen hierdie besluit ingedien is word deur die Gereformeerde Kerk Linden op die tafel van Sinode 1988 geplaas. In hierdie saak het dit nie primêr oor die plek van die gemeenskaplike drinkbeker gegaan nie, maar eerder oor die feit dat daar in die besluite van Sinode 1927 en 1930 'n prominente plek aan die tafel gegee word (ACTA, 1988:556). Aangesien dit in hierdie gedeelte nie primêr oor die plek van die tafel in die bediening van die Nagmaal gaan nie, word die beswaar van Gereformeerde Kerk Linden nie ten volle hanteer nie. Wat wel genoem kan word is dat die Sinode nie die beswaar handhaaf nie, en daarmee te kenne gee dat die Sinode 1927 en 1930 se prinsipiële uitspraak nie in stryd met die Skrif is nie (ACTA, 1988:565). Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Linden en ander broeders naamlik L. Floor, J.P.L. Reineke en J.J. van der Walt het na die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika geappèlleer (ACTA, 1988:78). Die Sinode laat albei hierdie appèlle slaag op enkele appelgronde. Met die slaag van hierdie appèlle het die Algemene Sinode wel opgemerk dat hulle geen uitspraak maak oor die plek van die tafel in die bediening van die nagmaal nie, maar dat hulle die reg van Gereformeerde Kerk Linden herstel waar dit deur die besluit van Nasionale sinode 1988 gekrenk is (vgl. ACTA, 1988:128).

Die Sinode van 1994 het egter weer verskeie besware en beskrywingspunte hanteer wat oor die vraag van die gebruik van kelkies in die plek van die gemeenskaplike drinkbeker gehandel het. (ACTA, 1994:493-523). Beswaarskrifte is ontvang teen die besluit van 1927 en

1930 van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein Suid, van die Gereformeerde Kerk Port Elisabeth, van die Gereformeerde Kerk Strand. Die Suidelike Part Sinode het hom uitgespreek ten gunste van die beswaarskrifte en het ook 'n motivering aan die Sinode 1994 gestuur. Van die Partikulieresinode Noord-Transvaal het 'n beskrywingspunt gedien aangaande die wyse van Nagmaalviering in die Gereformeerde Kerke van SA.

Die inhoud van die besware en die beskrywingspunt het grootliks dieselfde strekking. Daar word deur die beswaardes geoordeel dat die besluite van sinodes 1927 en 1930 geneem is sonder om aan te toon dat die besluite en uitsprake op Skrif, belydenis en kerkorde gegrond is en dat die besluite van die betrokke sinodes derhalwe herroep moet word. Die beskrywingspunt van die Part Sinode Noord-Transvaal vra dat die Sinode in die eerste plek weer die saak van die Gereformeerde Kerk Linden ter tafel bring en dat die Sinode in die lig van art. 30 KO 'n prinsipiële besluit moet neem oor die bedieningswyses van die Heilige Nagmaal en die kerke adviseer oor die gebruik daarvan ooreenkomstig art 62 KO (ACTA, 1994:523). In die lig van hierdie beskrywingspunt besluit die Sinode om studiedeputate aan te wys met die opdrag om 'n omvattende historiese, kultuurhistoriese, en eksegetiese studie te maak oor die verskillende en moontlike bedieningswyses van die Heilige Nagmaal om sodoende eenvormige besluitneming te verseker (ACTA, 1994:523, 524).

**2.4.4. Op weg na 'n prinsipiële raamwerk. – Sinodes1997 en 2000.**

Die studiedeputate wat aangewys is op die Sinode van 1994 het opdrag gehad om al die beswaarskrifte en beskrywingspunte wat op die tafel van die Sinode geneem is te beoordeel en daaruit 'n studie te doen oor die wyse waarop die Nagmaal bedien moet word. Sinode 1997 neem 'n lywige rapport ter tafel wat uitvoering aan hierdie opdrag gee (ACTA, 1997:584-706). Saam met die Rapport word ook 'n minderheidsverslag ingedien rondom die kwessie van die beker en die wyn (ACTA 1997:707-727). Nadat die rapporte gestel is verwys die Sinode die meerderheid- en die minderheidsrapport na 'n kommissie van pre-advies om ernstig te probeer om 'n Skrifverantwoorde en belydenisbegronde besluit te formuleer waarin die essensie van die gegewens op tafel en die gedagtes tydens bespreking verwerk is. Die kommissie oordeel dat die beker inderdaad 'n prominente plek in die viering van die Nagmaal het in die sin dat die gemeenskaplike en maaltydkarakter van die Nagmaal daarin na vore kom. Die kommissie bevind uit die meerderheidsrapport en die minderheidsrapport ter tafel en die bespreking tydens die Sinode dat daar nie eenstemmigheid bestaan oor die Skrifgegewens en die toepassing daarvan en die prominente plek van die beker tydens die viering van die Nagmaal nie. Op grond hiervan beveel die kommissie aan dat die Sinode moet oordeel dat daar in die lig van die rapport weer deputate vir verdere studie benoem moet word en of dit oorgelaat word aan kerke om self langs die kerklike weg aan die saak aandag te gee (ACTA 1997:729). Die Sinode besluit om weer studiedeputate te benoem en

uitsluitsel te gee oor die bewoording van die Kerkorde art 62: “dit moet egter verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is nie verander mag word nie” (ACTA 1997:729).

Sinode 2000 het nou die taak om te oordeel oor die verdere studie wat gedoen is oor die gebruik van die gemeenskaplike drinkbekers by die viering van die nagmaal. Soos reeds geblyk het by die Sinode van 1997 is daar ŉ verskil in die verstaan van die Skrifgegewens rondom die instelling van die Nagmaal en die plek wat die beker daarin speel. Waar die rapport van 1997 begin deur die hermeneutiese beginsels te aanvaar as vertrekpunt soos dit in die rapport van 1988 oor die plek van die vrou in die kerk (ACTA, 1997:584) gestel is, heg die studie deputate as bylaag aan, ŉ verdere verfyning van die hermeneutiese vertrekpunte van hulle studie (ACTA, 2000:387). In die volgende hoofstuk sal ondersoek gedoen word na die toepassing van hierdie hermeneutiese beginsels.

Na die bestudering van die gegewens maak die deputate die volgende aanbevelings aan die Sinode (ACTA 2000:399):

1. Die Sinode besluit dat die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika onderling ooreenkom om by die viering van die Heilige Nagmaal in die kerke gemeenskaplike drinkbekers te gebruik.
2. Waar daar om gewigtige redes van bogenoemde gebruik afgewyk word, moet elke kerk in verantwoordelikheid voor die Here beslis dat die afwyking onvermydelik is.
3. Waar kerkrade hierdie saak nie ordelik en tot stigting kan afhandel nie, moet ooreenkomstig KO art. 30 advies van die kerke gevra word.

Hierdie aanbeveling word weer na ŉ ad hoc kommissie vir pre-advies verwys om die Sinode te adviseer oor die rapport van die studiedeputate. Die kommissie neem sy vertrekpunt in art. 62 KO wat die viering van die nagmaal reël. Verder word daar gepoog om nie in ŉ voorskriftelikheid vir die kerke te verval nie en word die volgende prinsipiële raamwerk aan die kerke gestel (ACTA, 2000:400-401).

1. Hierdie feesmaal is ŉ geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet (Art 35 NGB).
2. By die nagmaal moet daar tussen die wesentlike aspekte en sakramentele handelinge onderskei word. Kerke moet dan art 62 KO binne die volgende raamwerk toepas.
3. Wesentlike aspekte:

By die bediening van die Heilige Nagmaal moet die dood van die Here in Woord en daad verkondig word. (Doen dit tot my gedagtenis, Luk 22:19; verkondig die dood van die Here totdat Hy kom, 1 Kor. 11:26).

Die brood moet in geloof as teken en seël van die liggaam van Christus geëet word (NGB art 35, HK Son 25-29)

Die wyn moet in die geloof as teken en seël van die bloed van Christus gedrink word. (Sien Skrifgedeeltes Matt 26:28,Luk 22:17,1 Kor. 11:25-28, 1 Kor. 11:33). Alhoewel Christus nie in een van die Skrifdele na wyn verwys nie is die verband telkens duidelik van so aard dat wyn gedrink moet word as teken en seël van die bloed van Christus.

4. Sakramentele handelinge

Die nagmaal het 'n maaltyd karakter en word gesamentlik deur die gelowiges gevier. Dit maak daarvan 'n gemeenskapsmaal

Die brood moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Neem eet" (Matt 26:26, Mark. 14:22, 1 Kor. 11:23). Met hierdie sakramentele handeling word die feit dat Jesus sy liggaam as offer vir die sondes van ons almal gegee het duidelik na vore gebring.

Die wyn moet aan almal uitgedeel word met die opdrag, "Neem en drink almal daaruit" (Matt 26:28). Die drink van die wyn uit ('n) gemeenskaplike drinkbeker(s) dien om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer. Daarom het die drinkbeker saam met die wyn 'n prominente plek en funksie.

Indien kerke om gewigtige redes van die gemeenskaplike drinkbekers afwyk moet dit met verantwoording uit die Skrif gedoen word.

5. Aanbevelings.

Die sinode keur die bogenoemde prinsipiële raamwerk goed as advies aan kerke in hulle uitvoering van art 62 KO.

Die bogenoemde prinsipiële raamwerk dien as antwoord op die beswaarskrifte teen die besluite van Sinodes 1927 en 1930.

Die prinsipiële raamwerk vervang die besluite van Sinodes 1927 en 1930 en gevolglik ook die besluite van Sinode 1997.

Waar daar in 'n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, moet daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word.

### **2.4.5. Verdere besware 2003 en 2009.**

Hierdie raamwerk word deur die Sinode goedgekeur, maar tog het dit nie die nodige opheldering gebring oor die vraagstuk van die gebruik van afsonderlike kelkies nie. Sinode 2003 neem twee beswaarskrifte ter tafel teen die besluite van Sinode 2000 (ACTA,

2003:531,539). In hierdie beswaarskrifte word aangetoon dat daar in die prinsipiële raamwerk van Sinode 2000 weersprekings en teenstrydighede is wat opgeklaar moet word. Die beswaardes, CFC Coetzee, LF Schulze en J Visser, toon in vyf beswaargronde aan dat daar in die prinsipiële raamwerk op logiese gronde 'n teenstrydigheid in die prinsipiële raamwerk is, dat die raamwerk inhoudelik vatbaar is vir paradoksale vertolking, en seker die belangrikste, dat die Skrif nie onduidelik is oor die instelling van die Nagmaal nie. Volgens die beswaardes word die duidelikheid van die Skrif nie in die prinsipiële raamwerk na vore gebring nie (ACTA 2003:533). Volgens die beswaardes kom die Gereformeerde belydenisskrifte met die Skrif ooreen en leer dat die Nagmaal 'n goddelike instelling is met brood en beker. Sinode 2003 gee gevolg aan hierdie beswaarskrif en beveel aan dat die prinsipiële raamwerk herformuleer word om verwarring uit te skakel.

Op die dieselfde Sinode het nog 'n beswaar van die Gereformeerde Kerk Steynsburg gedien. Die beswaar bestaan uit twee beswaargronde naamlik dat die prinsipiële raamwerk nie die kerke in staat stel om Bybels-verantwoordbare besluite in sake die wyse van Nagmaalviering te neem nie en dat al die Skrifgegewens rakende die Nagmaal nie in ag geneem is in die daarstel van die prinsipiële raamwerk nie (ACTA 2003:544). Die kommissie oordeel dat die Kerkraad nie in beginsel gekant is teen die prinsipiële raamwerk nie, maar dat daar onduidelikhede in die formulerings is wat opgeklaar moet word. Verder word aanbeveel dat meer Skrifgetuienis wel in aanmerking geneem moet word by die daarstel van 'n raamwerk om aan kerke leiding te gee oor die toepassing van art. 62 KO. Die Sinode besluit dat die beswaar van die Gereformeerde Kerk Steynsburg gedeeltelik gehandhaaf word met die implikasie dat daar in die prinsipiële raamwerk die volgende toevoeging gemaak word, "Dit maak daarvan 'n gemeenskaps- en liefdesmaal gegrondves in die eenheid met Christus" (ACTA, 2003:545).

Die realiteit bestaan dat na hierdie besluite verskeie gemeentes in die verband van die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika steeds voortgegaan het om van afsonderlike kelkies gebruik te maak tydens die viering van die nagmaal. Dit veroorsaak dat daar op die Sinode 2009 weer beswaarskrifte dien teen die besluite van Sinode 2003 oor die prinsipiële raamwerk (ACTA, 2009:547). Hierdie beswaarskrifte wys egter nie op enige nuwe Skrifgegewens nie, maar handel oor die gebruik en die verskillende interpretasies van woorde in die prinsipiële raamwerk. Die beswaardes probeer aantoon dat daar op grond van die verskillende interpretasies steeds gemeentes is wat gebruik maak van afsonderlike kelkies in die bediening van die Heilige Nagmaal. Die beswaardes neem die vertrekpunt dat die prinsipiële raamwerk enige alternatiewe wyse van Nagmaalviering uitgesluit het. Die sinode oordeel dat die besware nie slaag nie, met die gevolg dat die prinsipiële raamwerk soos verander tydens Sinode 2003 gehandhaaf word (ACTA, 2009:556).

## *2.5. DIE 2001 PSALM OMDIGTING.*

### **2.5.1. Inleidend.**

Om die Woord van die Here in Afrikaans te kan lees was en is steeds 'n groot en besonderse genadegawe van die Here. Dit geld nie net Afrikaans nie maar ook enige ander taal. God maak homself in die taal van mense, verstaanbaar aan ons bekend. Maar hierdie genadegawe het in die geskiedenis nog 'n verdere verdieping beleef. Die Bybel was inderdaad een van die pieke van die Afrikaanse taalgeskiedenis. Hierby kon die Afrikaanse Kerke in Suid Afrika vier jaar na die ingebruikneming van die Afrikaanse Bybel in 1937 die Afrikaanse beryming van die Psalms in gebruik neem. N.H. van der Walt (1938:149) beskryf hierdie vreugde so in die Almanak van 1938: "Noudat die nuwe Psalmboek met Afrikaanse beryminge en toonsettings verskyn het is dit asof daar 'n besondere sanglus by die gemeentes ontwaak het... Dit is die spontane respondering van die gemeentes op die aanbieding van ons Nuwe Psalmboek deur die Eerwaarde Sinode." Inderdaad was die vreugde groot as 'n mens in ag neem wat 'n besondere plek die Psalms in die herstigting van die Geformeerde Kerke in Suid Afrika ingeneem het. Vier en sestig jaar later lyk dit asof die vreugde moes plek maak vir stryd, want dit is juis rondom die Psalms waar 'n nuwe strydpunt ontwikkel het.

### **2.5.2 Die Afrikaanse Psalmberyming – 1937.**

Met die oorsetting van die Bybel in Afrikaans is die behoefte en die noodsaaklikheid hoe langer hoe meer gevoel dat die Psalmboek ook in Afrikaans beskikbaar gestel moes word. Die kerke het kennis geneem van die behoefte aan 'n Afrikaanse beryming en gee op die Sinode van 1920 aan dr. J.D. Du Toit (Totius) die opdrag om die beryming van die Psalmbundel in Afrikaans te onderneem. Hierdie aksie word 'n breë kerklike beweging nadat die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 'n versoek aan die ander Afrikaanse Kerke rig dat daar samewerking in verband met hierdie saak kan plaasvind (Van Huyssteen, 1976,vii). Op die Sinode van 1936 rapporteer die Psalmberymingsdeputate dat prof. J.D. Du Toit teen die einde van 1933 al 150 Psalms berym het (ACTA 1936:78). Die jare 1934 en 1935 is spandeer aan die revisie van die beryming deur die aangewese deputate. Hierby het die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ook kommissies van reviseurs aangewys wat saam met die deputate vir Psalmberyming gewerk het om die beryming gereed te kry.

Die deputate het verder die beryming aan die oordeel van drie letterkundige adviseurs onderwerp. Na ontvangs van die kommentaar van die letterkundige adviseurs moes 'n subkommissie bestaande uit ds. J.A. Van Rooy, prof. J.A. Du Plessis en ds. J.V. Coetzee self aan die hand van die Bybel, dogmatiese en eksegetiese kritiek uitbring. Die Kommissie vir

Dogmatiese en Kerkregtelike Sake beveel op die Sinode aan dat, "die Sinode soos met die Afrikaanse Bybel besluit om ook die Afrikaanse Psalmberyming met die gewone addendum daarby op aanbeveling van die Revisiekommissie vir kerklike gebruik te aksepteer wanneer dit verskyn, en om die approbasie daarvan tot die eersvolgende Sinode uit te stel" (ACTA 1936:142). Die sinode keur hierdie aanbeveling goed. Met hierdie besluit van die Sinode word die werk aan die Afrikaanse Psalmberyming afgehandel en deur die kerke aanvaar. In die voorwoord van die eerste Afrikaanse uitgawe van die Psalmboek skryf Totius oor die vreugde dat die Afrikaanssprekende kerke nou ook Afrikaans singende kerke kan wees. Hiermee word die vreugde en die grootsheid van die werk aan die eerste Afrikaanse beryming te kenne gegee.

**2.5.3. Voortgaande hersiening.**

Die deputate wat belas is met die korrespondensie met binnelandse kerke rapporteer op Sinode 1967 dat 'n skrywe van die Kommissie Kerkmusiek en Liturgie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontvang is, waarin hulle vra dat deputate van die Gereformeerde Kerke die kommissie sal ontmoet, om te beraadslaag oor die wenslikheid van die hersiening van die musiek en die teks van die Psalmboek. Die deputate wys daarop dat daar wel al geruime tyd aan die hersiening van die musiek aandag gegee word, maar dat die hersiening van die teks nog nooit ter sprake gekom het nie. Die Sinode besluit dat die Kommissie van die Nedersuitse Gereformeerde Kerke geantwoord moet word, dat daar eers formeel oor die hersiening van die teks besluit moet word en dat dit jammer is dat die Kommissie alreeds met so 'n taak begin het aangesien die Gereformeerde Kerke die alleenhouer is van die kopiereg op die Psalmboek (ACTA 1967:454).

Na beraadslaging en bestudering van die N.G. Kerk se Kommissie van Kerkmusiek en Liturgie se verslag, rapporteer ds. P.W. Buys namens die deputate op die Sinode 1970 dat die werk van Totius inderdaad nie volmaak is nie, maar dat die Here in sy voorsienigheid 'n teoloog, kenner van tale en 'n digter gegee het om die beryming van die Psalms te doen. Daarom is die mening dat die beryming van Totius aanvaar moet word as die grondslag van die Afrikaanse Psalmboek. Verder besluit die Sinode van 1970 dat daar vir die huidige geen noodsaak is om die beryming van die Psalms te hersien nie (ACTA, 1970:461).

Hiermee het die N.G. Kerk nie heeltemal verlief geneem nie. Op die Sinode van 1973 dien weer 'n skrywe van die Kommissie vir Kerkmusiek en Liturgie waarin versoek word dat 'n afgevaardigde van die Kommissie toeligting kan gee oor die noodsaak, omvang en metode van so 'n hersiening van die Psalmberyming. Die Sinode verwys hierdie aansoek weer na die deputate vir ekumeniese sake om op die Interkerklike Kommissie te bespreek, die N.G. Kerk

aan te hoor en daaroor te rapporteer met inagneming van die besluit van 1970 (ACTA, 1973,408).

Op Sinode 1976 word terug gerapporteer dat gesprek tussen die deputate en die kommissie plaasgevind het en dat die noodsaak wat die Kommissie van die N.G. Kerk voorsien deur die deputate aangehoor is. Die Sinode besluit op aanbeveling dat daar wel voortgegaan kan word om drie deputate te benoem om 'n studie te maak van die beweerde en moontlike taal onsuiwerhede wat uit die Psalmberyming uitgesuiwer behoort te word en verder dan met behulp van wie goedgevind word, te poog om die taalonsuiwerhede te redigeer (ACTA, 1976:405). Hierdie werkwyse moet ook as voorstel aan die ander kerke voorgehou word, sodat 'n interkerklike revisiekommitee in die lewe geroep word om met die werk voort te gaan. Met hierdie besluit is dit duidelik dat die GKSA steeds van oortuiging is dat die 1936 beryming, wat hoofsaaklik deur Totius gedoen is steeds as voldoende beskou word vir die gebruik in die kerke. Hierdie stand van sake is ook bevestig deur die rapport van die deputate wat verantwoordelik was om 'n studie te doen insake die hersiening van die Psalm teks. Op grond van die aanbeveling van die kommissie is besluit dat daar nie verder gegaan word met die revisie van die Psalmteks nie, maar dat deputate weer saamgestel word om met die ander twee Afrikaanse kerke te skakel in hierdie verband (ACTA 1979:618). Op die Sinode van 1982 rapporteer die deputate dat daar wel met die NG Kerk geskakel is in verband met die hersiening van die teks en dat hulle jongste sinode besluit het dat dit nie wenslik is om verder te gaan met die hersiening van die Psalmberyming nie en dat die Totiusteks nie verander of verbeter moet word nie, maar as kultuurskat ongeskonde bewaar moet word (ACTA, 1982:513).

Op dieselfde Sinode dien 'n beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Noord-Transvaal waarin kommer uitgespreek word dat die Psalms nie meer tot hulle reg kom in ons volkslewe nie en dat dit nie meer in skole en by ander kultuuraksies genoegsaam gesing word nie. In hierdie beskrywingspunt word melding gemaak van die feit dat die verdringing van Psalmsang buite die kerklike verband van die Gereformeerde Kerke juis te doen het met 'n afwykende Skrifbeskouing wat in die samelewing besig is om pos te vat. 'n Artikel van dr. Loader word aangehaal waarin hy aanvoer dat die tyd ryp is vir 'n nuwe Psalmberyming aangesien die Totius beryming nie meer geskik is vir die alledaagse gebruik nie. Daarin word aangevoer dat die wraakpsalms nie meer vandag in die lig van Christus se liefde gesing kan word nie. Die beskrywingspunt voer aan dat daar juis as gevolg van 'n afwyking in Skrifbeskouing gepoog word om die Totiusberyming in diskrediet te bring (ACTA, 1982:515)

**2.5.4. ’n Nuwe Psalmberyming.**

Die deputate wat aangewys is om verdere gesprek met die N.G. Kerk te voer rapporteer op die Sinode van 1985 dat verteenwoordigers uitgenooi is om samesprekings by te woon tussen die Afrikaanse kerke om ’n nuwe beryming van die Psalms daar te stel (ACTA, 1985:747). Hiermee saam dien ’n beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal wat vra dat die Gereformeerde Kerke met die Nederduitse Gereformeerde Kerke en met die Nerderduitsch Hervormde Kerk sal saamwerk aan ‘n nuwe Psalmberyming. Die redes wat hiervoor aangevoer word is die volgende:

- Die Totius-beryming word in die Gereformeerde kerke hoog geag en gewaardeer. Daarom sal dit nie van pas wees as daar verandering aan die teks van die beryming aangebring word deur iemand anders as die digter self nie.
- Die Nuwe Bybelvertaling en nuwe vertalings van die liturgiese formuliere noodsaak ’n nuwe beryming aangesien die Totius-beryming se taalgebruik geïsoleerd staan in vergelyking met die Nuwe Bybelvertaling en liturgiese formuliere.
- Die taalgebruik van die Psalmberyming raak plek-plek selfs vir volwassenes ontoeganklik, des te meer vir kinders in katkisasie
- Die N.G. Kerk en die N.H. Kerk is reeds besig met ’n nuwe beryming en daarom kan dit heilsaam wees vir die Gereformeerde Kerke om betrokke te wees.

Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt met die gevolg dat die GKSA nou saamwerk aan die daarstel van ’n nuwe beryming van die Psalms. Met hierdie besluit word die weg gebaan vir samewerking tussen die drie Afrikaanse Kerke in die daarstel van ‘n nuwe Afrikaanse Psalmberyming.

Teen hierdie besluit van 1985 word op die Sinode van 1991 beswaar gemaak deur V.E. d’ Assonville en L.F. Schulze. In hierdie beswaar word beredeneer dat die Sinode van 1985 hierdie ingrypende besluit neem bloot op grond van praktiese redes, sonder die nodige besinning en sonder om die finansiële implikasies in ag te neem (ACTA 1991:582). Die sinode besluit dat die beswaar gehandhaaf word, met die gevolg dat die Gereformeerdes Kerke nie meer saamwerk aan die daarstel van ’n nuwe Psalmberyming nie. Sinode 1994 neem weer ’n beswaarskrif ter tafel teen die besluit van 1991 aangaande die samewerking aan die nuwe Psalmberyming (ACTA, 1994:543). Die Sinode besluit dat hierdie beswaar slaag. Met hierdie besluit word die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika weer gebind aan die saamwerk vir die daarstel van ’n nuwe Psalm beryming.

Op Sinode 1997 rapporteer die subkommissie van die deputate vir liturgiese sang dat die werk aan die nuwe Psalmberyming voortgaan onder die leiding van prof. T.T. Cloete. Vanuit

die Gereformeerde Kerke werk proff. H.F. van Rooy, H. du Plooy en dr. D. Kruger ten nouste met prof. Cloete saam (ACTA, 1997:786).

In die proses van die beryming is daar van die proewe aan die gemeentes beskikbaar gestel met die oog daarop dat kritiek gelewer kan word. Tydens Sinode 2003 word die reaksie vanuit die kerkverband aan die vergadering voorgelê, maar geen van die kritiekpunte word as deurslaggewend beskou om die 2001-omdigting af te wys nie (ACTA, 2003:646-658). Op hierdie Sinode besluit die kerke dat die 2001-omdigting en die 1936-beryming in een bundel uitgegee word en vir gebruik in die eredienste aanbeveel word. Die gebruik van beide word met die inagneming van art. 69 van die Kerkorde aan die oordeel van die plaaslike kerk oorgelaat (ACTA, 2003:642). Met hierdie besluit word daar 2 verskillende berymings van die Psalms aanbeveel om in die kerke te sing.

Alhoewel die kritiek teen die 2001 omdigting op hierdie stadium nie gehandhaaf is nie, het die Sinode tog sekere uitsprake gemaak oor die Messiaanse interpretasie van die Psalms. Daar word erken dat die Messiaanse besware gewig dra maar is nie deurslaggewend om die omdigting af te keur nie, om die volgende redes (ACTA, 2003:643):

- Die hele Ou Testament dra 'n Messiaanse karakter wat die lyn van die openbaring al helderder laat oopgaan tot by die Nuwe Testament. Die Heilige Gees het hierdie weg gevolg in die Ou Testament. Ons moet die weg wat die Heilige Gees gebruik het respekteer, daarom is die Ou Testament omgedig soos hy homself aanbied.
- Aan die beswaarskrif insake Messiaanse verkondiging van die Ou Testament is nie gevolg gegee nie.
- 'n voetnoot kan die openbaringshistoriese verband met die Messiaanse gebruik van die Psalms in die Nuwe Testament aandui.

### 2.5.5. Besware teen die 2001 Omdigting.

Hierdie besluit van Sinode 2003 het aanleiding gegee tot verskeie besware van individue en kerkrade. In die briewekolomme van die Kerkblad het lidmate verskeie besware gelig teen hierdie besluit. In die middelpunt van die besware het die saak van die Messiaanse verkondiging van die Psalms gestaan.

Van die besware wat alreeds aan die deputate deurgegee is, het ook sy weg gevind na populêre tydskrifte. In die briewekolomme van die Kerkblad is die kommer uitgespreek oor die ontmessianisering van die Psalms. In die tydskrifte *Waarheid en Dwaling* en *Kerkpad* is die 2001-omdigting sterk afgewys en is die nuwe navorsing wat ten onderbou van die omdigting lê net 'n "stok ou Joodse kettery wat in die nuwe baadjie van die Bybel in Praktyk" na vore kom (vgl. Meijer, 2002:9-10). In dieselfde trant oordeel d'Assonville (2002:5-6) dat

Christus op verskeie plekke in die 2001-omdigting weggelaat is. Hiermee saam voer hy ook aan dat daar selfs dele van die Bybel is wat in die 2001-omdigting geheel weggelaat word. Die konklusie is duidelik vir hom dat die gelowige by die gebruik van die 2001-omdigting voor die keuse gestel word: “of die Woord van God of die woord van mense”

In die Kerkblad word 'n artikel geplaas van d'Assonville, Kayayan en Schulze (2004:32-33), waarin aangevoer word dat die Omdigting die grondteks van die Bybel verander by Psalm 110 waar “my Here” met “my koning” vertaal word. Verder word gemeen dat die standpunt van die deputate dat die Messiaanse karakter van 'n gedeelte 'n saak van interpretasie is, in werklikheid stry teen die stand van sake en ons geloof, naamlik die Bybel is die Woord van God. Wanneer die Nuwe Testamentiese uitsprake nie as gesaghebbend aanvaar word in die verstaan van die Ou Testament nie, word die hele Skrifbeskouing van die nuwe omdigting problematies.

Dit word duidelik dat die besluit van Sinode 2003 aangaande die aanvaarding van die 2001-omdigting nie die besware wat reeds aan die deputate deurgegee is opgelos het nie, maar dat hierdie besware eintlik na die Sinode net meer verdiep het. Dit word sigbaar in die hoeveelheid beswaarskrifte wat op die tafel van Sinode 2006 aan die orde gekom het. Besware teen die goedkeuring vir die gebruik van die 2001-omdigting is ontvang van die Gereformeerde Kerk Aranos, van Partikuliere Sinode Bosveld, van dr. V.E. d'Assonville van Colesberg en van die Gereformeerde Kerk Rooiwal (ACTA, 2006:637-720). Die hoofsaak waaraan in hierdie besware aandag gegee word is die Messiaanse strekking van die Psalms, die regte gebruik van die Godsname en die oënskynlike weglating van dele van die Bybelteks. In die beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld word aangevoer dat die Sinode deur die aanvaarding van die 2001-omdigting die eenheid van die Skrif in gedrang bring. Hiermee saam vermeld die beswaar van d'Assonville dat die Godheid van Christus en ons geloof in Hom as God in gedrang kom (ACTA, 2006:655, 659). In die volgende hoofstuk sal gesien word hoe die Sinode op hierdie besware geantwoord het.

Sinode 2006 het wel besluit dat die besware nie gehandhaaf word nie, maar die onrus is steeds nie uit die weg geruim nie. Om hierdie rede aanvaar die Sinode 'n voorstel dat studiedeputate aangewys word om die vraagstukke wat onderliggend aan die besware is, in diepte te bespreek en die Sinode daaroor te adviseer en daar gevolglik rus in die kerkverband kan kom. Op Sinode 2009 rapporteer die deputate dat die weg van art. 31 en 46 Kerkorde gevolg moet word om besware wat daar steeds oor die 2001-omdigting mag bestaan, ordelik op die tafel van meerdere vergaderings te bring (ACTA 2009:746).

## *2.6. DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK*

### 2.6.1. Inleidend.

Die saak oor die plek van die vrou in die kerk is die een saak wat in die GKSA groot verdeeldheid op vergaderings en in gemeentes veroorsaak het. Die roeping van vroue lidmate in die kerk het deur die geskiedenis van die kerk op verskillende geleenthede aan die orde gekom. In die midde van die GKSA was die Sinodes van 1988, 2003, 2006 en 2009 gekenmerk deur die debat oor hierdie saak.

### 2.6.2. Voor 1988.

Die plek van die vrou in die kerk het nie maar onlangs op die tafel van die Sinode geland nie. Pieterse (2002:705) toon aan dat daar al in 1935 oproepe gekom het dat vroue as ouderlinge en predikante moet dien.

In 1972 het daar vanuit die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) ŉ versoek aan al sy lidkerke gekom om studie oor die moontlikheid of die vrou in die amp van diaken kan staan. Die GES het besluit dat die vrou nie tot die amp van predikant en ouderling toegelaat kan word nie (GES, 1972:58). Die Sinode van die GKSA het besluit om deputate te benoem om die saak te ondersoek, maar die betrokke deputate is nooit benoem nie. In 1979 is die deputate toe wel benoem met die spesifieke taak om in die lig van die Skrif belydenis en kerkorde ŉ studie te maak van die taak en die posisie van die vrou in die kerk m.b.t. ampte, diens en stemreg (ACTA,1979:565). Op die sinode van 1982 was die deputate nog nie gereed om ŉ uitspraak oor hierdie aangeleentheid te doen nie. In 1985 het hierdie deputate weer verslag gelewer wat op hierdie stadium meer omvattend is.

### 2.6.3. Sinode 1985.

Die opdrag wat hierdie deputate gehad het was om op grond van Skrif, belydenis en kerkorde ŉ studie te maak van die rol van die vrou in die kerk met betrekking tot die ampte, diens en stemreg. Hier vind ons reeds dat die saak oor die vrou in die kerk gedeel word in die saak oor stemreg en oor haar plek in die besondere ampte. In hierdie deputate rapport word dit gestel dat die belangrikste Skrifgegewens oor die saak soos 1 Kor. 14:34-35 en 1 Tim 2:11-12 en *die deurlopende lyn in die Skrif* van die roeping van manne tot die dienste van profeet en koning eerder dui op die nie beroepbaarheid van vroue tot die diens van opsiener ouderling en leraar ouderling (ACTA, 1985:330). Dit is hier al duidelik dat die saak oor die vrou in die amp nou verbind word aan die openbaringshistoriese verklaring van die Skrif. Verder het hierdie Sinode ook onder andere besluit dat daar in hierdie rapport nie genoegsaam aan die noodsaaklike fundering in die Skrif aandag gegee is nie en is die saak weer na die volgende Sinode verwys.

**2.6.4. Sinode 1988.**

Op hierdie Sinode is die vroeëre besluite van die vrou in die kerk gehandhaaf en is vroue stemreg goedgekeur. Omdat vroue volwaardige lede van die liggaam van Christus is, kan hulle ook deel hê aan die verkiesing van manslidmate tot die besondere dienste. Hierdie rapport wat voor die sinode gedien het, dui ook duidelik aan wat die hermeneutiese uitgangspunte in die werk van die deputate was. Hier word duidelik melding gemaak van die aanvaarding van die Skrif as die Woord van God en dat God Hom nêrens in die Woord weerspreek nie (ACTA, 1988:509). Op hierdie sinode het die saak ook ‘n mate van finaliteit bereik maar ook nie in geheel nie. Aanbevelings dat vroue in besondere omstandighede tot die ampte geroep en verkiesbaar gestel kan word is afgekeur. Die groot aanbeveling wat gemaak is in hierdie deputate rapport is dat die dienste van ouderling en predikant op grond van Skrifgegewens nie vir vroue oopgestel kan word nie en dat daar nie genoegsame bewys in die Skrif is wat onteenseglik daarop dui dat vroue in die amp van diaken kan dien nie. Aanbevelings dat daar weer deputate aangewys word om verdere studie te maak, is op hierdie sinode afgekeur.

**2.6.5. Sinode 2003.**

Hierdie sinode word gekenmerk as die sinode wat die amp van diaken vir vrouelidmate oopgestel het. Hierdie besluit staan teenoor die besluit van 1988 en is deurgevoer onder die los lyne wat daar na 1988 steeds bestaan het (ACTA, 2003:590). Die rapport wat hierdie aanbeveling gemaak het, het die standpunt van 1988 oor die ampte van predikant, en ouderling gehandhaaf, maar die amp van diaken is oopgestel. Hierdie rapport het ook aandag gegee aan die studie oor die aard van die amp. In hierdie deputate rapport het die belangrike Skrifgedeeltes ook aan die orde gekom. Die belangrikste Skrifdele wat hier aan die orde gekom het is 1 Kor. 11, 1 Kor. 14, 1 Tim 2, 1 Tim 5:9, Rom. 16 en Gal 3:28. Die Skrifdele wat oor die amp handel het ook in die bylae van 1988 aandag gekry.

Op hierdie sinode dien ook ŉ beswaarskrif van W.C. Vergeer en J.J. Janse van Rensburg teen die besluite van Sinode 1988 rakende die vrou in die besondere dienste. Die beswaardes voer aan dat die Sinode ŉ onbybelse standpunt handhaaf dat alle mans hoof is van alle vroue, dat die Sinode van inkonsekwente hermeneuse gebruik maak en dat die Skrif op ŉ kasuïstiese wyse gebruik word met die gevolg dat die Bybel a-histories gebruik word in die besluit oor die vrou in die besondere dienste. Die Sinode gee die beswaardes gelyk dat die Bybel wel kasuïsties gebruik is in die besluit van 1988, maar al die ander beswaargronde word afgewys. In die beswaarskrif word die sosiohistoriese gegewens van die Skrif beklemtoon (ACTA 2003:545).

**2.6.6. Sinode 2006.**

Hierdie sinode is gekenmerk deur 'n groot hoeveelheid beswaarskrifte na aanleiding van die besluit van Sinode 2003 om vroue toe te laat tot die besondere diens van diaken. Die besware wat aan die orde gekom het, het hoofsaaklik twee benaderings gehad. Ten eerste was daar beswaar gemaak teen die wyse waarop Sinode 2003 die besluit geneem het. Partikuliere Sinode Bosveld se beswaar het aangevoer dat die besluit van die 2003 strydig is met die bepaling van Kerkorde artikel 46. Die vergadering oordeel dat hierdie beswaar van Sinode Bosveld slaag. Dit het die situasie meegebring dat alle sake wat oor die vrou in die amp handel, nie verder in behandeling geneem kon word nie. Die deputate wat deur sinode 2003 aangewys is om verder na die saak oor die plek van die vrou in die kerk te kyk het op hierdie sinode 'n rapport ingedien wat voorstel dat al die ampte vir vroue oopgestel moet word (ACTA, 2006:446), maar in die lig van die beswaar wat geslaag het kan hierdie rapport ook nie ter tafel geneem word nie. Dit geld ook al die ander beswaarskrifte wat oor hierdie betrokke saak handel. In hierdie rapport is daar ook van verskeie Skrifgedeeltes gebruik gemaak en daar is ook duidelik soos in 1988 van die hermeneutiese vertrekpunte en Skrifbeskouing melding gemaak.

**2.6.7. Gereformeerde Teologiese Vereniging – Augustus 2006.**

Tydens die vergadering van die Gereformeerde Teologiese Vereniging (GTV) wat in Augustus 2006 vergader het word 'n mosie aanvaar wat aan proff. J.J. Janse van Rensburg, G.J.C. Jordaan en dr. D.G. Breed die opdrag gee om 'n deeglike studie te onderneem van die teologiese vraagstuk van die vrou in die besondere dienste. In hierdie studie word die Skrifbeskoulike aspekte asook die hermeneutiese aspekte wat in die studie verreken word duidelik uiteengesit. Die bevindings van die studie word gepubliseer in 'n boek getiteld, *Manlik en vroulik in die kerk: Geslagtelikheid en die besondere dienste* (2008). In hierdie boek word eksegese en hermeneuse gedoen van al die relevante Skrifgedeeltes om dan op grond daarvan te bepaal wat die Skrif oor hierdie vraagstuk openbaar.

Wat kenmerkend is van hierdie studie is dat daar eenstemmigheid onder die skrywers bestaan wat betref die Skrifbeskoulike en hermeneutiese uitgangspunte, maar dat die bevindings vanuit die eksegese van verskillende Skrifgedeeltes nie ooreenstem nie. Tog is die erkenning van die skrywers duidelik (Breed *et al*, 2008:202): "In die studie word aanvaar dat God se Woord sy openbaring van die vasstaande, onveranderlike waarheid oor Homself, sy wil en verlossingsweg bevat. God weerspreek Homself nie in sy Woord nie en gee daarom ook nie twee teenoorgestelde waarhede oor 'n saak nie." Die finale bevinding van die studie stel dat die verskille wat daar wel bestaan, nie Skrifbeskoulike, eksegetiese en

hermeneutiese vertrekpunte raak nie. Die verskil lê eerder in die beoordeling van die eksegetiese oortuigingskrag van die betrokke standpunte (Breed *et al*, 2008:203).

**2.6.8 Sinode 2009.**

Hierdie studie van die GTV lê ook ten grondslag aan die deputate rapport wat op die tafel van Sinode 2009 dien oor die plek van die vrou in die besondere dienste. Die plek van die vrou in die besondere dienste is langs verskillende weë op die agenda van die vergadering geplaas. Benewens die rapport van die studiedeputate was daar ook 'n beswaarskrif van Klassis Krugersdorp teen die besluit van Sinode 2006 aangaande die vrou in die diens van diaken (ACTA, 2009:563).

Hierdie beswaarskrif handel nie direk oor die skriftuurlike beoordeling van die vraag of vroue in die diens van diakens geroep en bevestig mag word nie, maar die kerkregtelike posisie of Sinode 2006 reg geoordeel het oor die kerkregtelike besware in verband met art. 46 Kerkorde van Partikuliere Sinode Bosveld. Die beswaar is na die kommissie vir preadvies verwys en nadat die kommissie terug rapporteer het besluit die Sinode om die beswaar van Klassis Krugersdorp te handhaaf (ACTA, 2009:581). Die implikasie van hierdie besluit is dat die besluite rakende vroue in die diens van die diaken soos geneem op Sinode 2003 weer van krag is en dat die besluite van Sinode 2006 gerojeer word.

Die kommissie wat die oor die saak van die vrou in al die besondere dienste 'n aanbeveling moes maak, rapporteer terug op die voortgesette sinode van Junie 2009. Hierdie rapport stel ook die twee verskillende verstaansmoontlikhede van Skrifgedeeltes wat oor die plek van die vrou in die besondere dienste handel terwyl daar soos in die studie van die GTV beklemtoon word dat daar geen verskil is in Skrifbeskoulike, eksegetiese en hermeneutiese vertrekpunte nie. Na deeglike bespreking besluit die Sinode dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie (ACTA, 2009:667). Met hierdie uitspraak word die saak van die vrou in die besondere dienste na studie van etlike dekades tot 'n einde gebring.

## *2.7. SAMEVATTING.*

Aan die begin van die hoofstuk is dit gestel dat verskille in die kerklike gemeenskap al van die vroegste tye 'n realiteit is. In hierdie lig kan ons die historiese verloop van verskille binne die kerklike gemeenskap van die GKSA beskou. Op sinodale vlak is van die verskille al bygelê deur die aanvaarding of afwysing van beswaarskrifte.

Uit die historiese verloop van die verskille in die GKSA kan die volgende sake geïdentifiseer word wat betref die gebruik van die Skrif:

- Rasseverhoudinge: Eenheid en verskeidenheid in die lig van die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament.

- Bybelvertaling: Die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament met spesifieke verwysing na die openbaring van Christus as Messias.
- Kelkies: Die opdrag van Christus en die hermeneutiese beginsel van preskripsie en deskripsie in die Skrif.
- Psalmomdigting: Soos by Bybelvertaling die openbaring van die Messias in die Ou Testament.
- Vrou in die besondere dienste: Die duidelikheid van die Skrif in samehang met die sosiohistoriese konteks van die Skrifdele.

# HOOFSTUK 3

# DIE ROL VAN SKRIFBESKOUING IN DIE VERSKILLE IN DIE GKSA

## *3.1. INLEIDING*

Uit die vorige hoofstuk het dit duidelik geword dat die besluite wat sinodes geneem het oor verskillende sake in die Gereformeerde Kerke deeglik op Skrifondersoek berus. Skrifbegronding vir besluite is vir kerklike vergaderings van kardinale belang, aangesien dit die manier is waarop Christus sy regering van die kerk uitvoer. Spoelstra (1989:23) skryf hieroor dat "wie in die kerk van Christus leer en regeer moet slegs deurgee wat Christus in sy Woord beveel, anders beswaar 'n kerklike wet die gewetens van mense." Dit is duidelik in hierdie uitspraak dat die openbaring van God in die Skrif in die sentrum van die gelowige se kerklike lewe staan. Om ware kennis van God te ontvang is dit in die eerste plek nodig dat die Skrif bestudeer moet word (Calvyn, 1984:150). Verder skryf Johannes Calvyn (1984:152) hieroor: "Ons moet in die Woord kom waar God reg en lewendig na aanleiding van Sy werke beskryf word, terwyl sy werke juis nie aanleiding van die mismaaktheid van ons eie oordeel nie, maar na die maatstaf van ewige waarheid gewaardeer moet word." Wanneer die erkenning gegee word dat die Woord van God soos dit in die Heilige Skrif geopenbaar word in die sentrum van die kerklike lewe staan, is dit duidelik dat daar juis in die Skrifondersoek van kerklike vergaderings deurgedring wil word na wat God se wil vir sy kerk en vir sy kinders is.

In die sinodebesluite wat verdeeldheid in die GKSA veroorsaak, is dit duidelik dat daar die lig van die Skrif deurgaans oor bepaalde sake gesoek word. In al die rapporte kom Skrifstudie en Skrifbegronding na vore. Tog is daar verskil in die gevolgtrekkings wat gemaak word op grond van dieselfde Skrifgegewens. Daarvan getuig die beswaarskrifte. Daarom kan ons die vraag stel hoekom daar soveel verskil is as dit die bedoeling is dat daar in die woorde van Calvyn "na die maatstaf van ewige waarheid" gewaardeer moet word? Hoekom is daar te midde van erns met Skriftuurlike begronding steeds soveel verdeeldheid? In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die rol wat Skrifbeskouing en hermeneutiese beginsels in die onderlinge verskille speel. Daar sal ondersoek gedoen word na die gevolgtrekkings wat na aanleiding van Skrifgegewens gemaak is op bepaalde tye deur die meerdevergaderings.

### *3.2. GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUING.*

**3.2.1. Inleidend.**

Die verklaring van die Skrif is ten nouste verbonde aan die verklaarder se beskouing van die Skrif. Die belydenis dat die Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens moet weet om van sy saligheid verseker te word daarin volkome vervat is, sal die verklaarder in sy eksegetiese en hermeneutiese arbeid rig (Du Toit, 1971:70). In hierdie verband stel Van Wyk (2002:594) ook dat geloof, Skrifbeskouing en Skrifverstaan ten nouste aan mekaar verbind is en mekaar wedersyds beïnvloed. In die teologiese wetenskap is daar verskillende maniere hoe die Skrif beskou word en gevolglik ook hoe die Skrif verklaar word. In hierdie gedeelte van die studie sal eers gepoog word om die breë lyne van 'n Gereformeerde Skrifbeskouing en gevolglik die implikasies daarvan vir die verklaring en verstaan van die Skrif te skets.

Om die breë lyne van 'n Gereformeerde Skrifbeskouing te skets kan ons vertrekpunt alleen maar in die aanvaarde belydenis as gemeen akkoord geneem word. Die leer van die Skrif word in al drie die besondere belydenisskrifte aangespreek, te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis (art 2-7), Heidelbergse Kategismus (vr. 19, 22, 98) en Dordtse Leerreëls (1:3, 2:5, 3/4:8,17; 5:14) (Beeke & Sinclair, 1999:10-18)

**3.2.2. Die Skrif as openbaring.**

Die eerste aspek van Skrifbeskouing wat aan die orde kom is die feit dat die Bybel aanvaar word as die openbaring van God. In art 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) word melding gemaak dat die gelowiges God deur twee middele ken. Die eerste is deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Hierdie manier van openbaring kan ook beskryf word as die algemene openbaring of die "boek van die natuur". Die boek van die natuur ontneem die mens alle verontskuldiging om God nie te ken nie. Die tweede manier waardeur die gelowige God nog meer volkome kan ken is deur sy heilige en goddelike en geskrewe Woord. In hierdie artikel is dit van belang dat gesien word dat God homself laat ken. Dit is nie die mens self kennis oor God verwoord nie, maar dit is God wat kennis van Homself aan die mens gee. So kan die gelowige God alleen ken omdat en vir sover Hy Homself aan die mensdom bekend gemaak het (Feenstra, 1947:33). Dit is dus duidelik dat God Homself op verskillende maniere bekend maak te wete die openbaring in die natuur, die openbaring van die geskrewe Woord, maar ook belangrik, die openbaring in die vlees geworde Woord (Joh. 1:14). Christus is dus die openbaring van God wat onder ons kom woon het (Joh. 3:16).

Die besondere openbaring word in die Skrif aan sy gelowige kinders gegee. Hiermee saam moet enersyds gewaak word teen die gedagte dat die Skrif en die besondere openbaring in

geheel met mekaar vereenselwig word en andersyds dat die besondere openbaring en die Skrif geheel van mekaar geskei word (Feenstra, 1947:43).

Wanneer die Skrif en die openbaring van God met mekaar vereenselwig word, is die gevaar dat die sentrum en die doel van God se openbaring gemis word. Die sentrum van God se openbaring is Christus alleen en die doel van die openbaring is dat God in sy kinders kom woon en sy heerlikheid in die skepping openbaar (Bavinck, 1928:352). Die uiteinde hiervan is dat die wese van God se openbaring deur die geskiedenis in die lewe van sy volk misken word en dat die openbaring slegs beperk word tot die Skrif (Bavinck, 1928:352).

Die ander sy van hierdie munt is dat daar op die spoor van die moderne teologie 'n skeiding tussen openbaring en die Skrif gemaak word. Die uiteinde hiervan is dat die Skrif bloot maar 'n aanhangsel van God se openbaring gemaak word. Dan is die Skrif die mens se nadenke oor die openbaring van God en derhalwe bloot 'n menslike geskrif. Die Woord van die Here sal dan op 'n bepaalde oomblik deur hierdie mensewoorde in die leser inslaan en so die Woord van God  word (Feenstra. 1947:43).

Die vraag is nou hoe moet die verhouding tussen die openbaring van God en die Skrif verstaan word. Deur die geskiedenis die Here homself op baie plekke en op vele maniere openbaar, maar dit is nie alles in volledigheid opgeteken nie. Alles wat in die Skrif opgeteken is, is die besondere openbaring van God, maar alles wat deur God geopenbaar is, is nie in die Skrif opgeteken nie (Feenstra, 1947:44). Polman (s.j.:67) verklaar in ooreenstemming hiermee dat die Skrif nie alleen maar die optekening, vaslegging en beskrywing van God se openbaring is nie, maar dat dit in der waarheid self God se openbaring is. Die Skrif staan nie los van God se openbaringswerk nie maar in die midde daarvan.

### 3.2.3. Die Skrif as die Woord van God.

In Johannes 1:14 lees ons dat die Woord vlees geword het. Verder lees ons ook in die brief aan die Hebreërs (1:1) dat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het, maar  in die laaste dae het Hy deur die Seun gespreek. Deur die geskiedenis van die wêreld openbaar God homself in sy skepping en aan sy skepping deur die Woord. Die Woord van die Here word in die geskiedenis van die skepping sigbaar by die geboorte van Jesus Christus. Hy is die "woord wat vlees geword het en onder ons kom woon" (Joh.1:14). Christus Jesus as die Woord van God is daarom die sleutel tot kennis van alles in die skepping (Spykman, 1991:84).  Aan die begin spreek God sy Woord in die skepping, deur Christus word die Woord geopenbaar in die herskepping en nou word die Woord aan ons gegee in die vorm van 'n historiese dokument, naamlik die Bybel. Christus is daarom die hartklop van die Bybelse boodskap, Hy staan in die sentrum van die eerste letter tot die laaste (Spykman, 1991:84).

Die sentraliteit van Christus as die Woord van God het volgens Spykman (1991:87) verreikende gevolge. Die Bybel is die enigste rigtingwyser vir ons op die weg na saligheid, dit konfronteer ons deurentyd met Christus as die geïnkarneerde Woord van God en dit is vir die gelowige die enigste hermeneutiese sleutel tot kennis van die ewige normatiewe Woord wat God aan die begin van die skepping bekend gemaak het.

### 3.2.4. Die inspirasie van die Skrif.

Die feit dat die Skrif die Woord van God is, laat nou die vraag ontstaan hoe die Bybelskrywers die Woord van die Here ontvang het en dit op Skrif gestel het. In 2 Pet 1:21 lees ons dat die heilige profete deur die Gees gedrywe is en in 2 Tim 3:16 dat die Skrif deur God ingegee is. In hierdie gedeeltes kom die werking van die Heilige Gees na vore en die inspirasie van die Skrif aan die orde. Van Genderen en Velema (1992:85-87) wys op verskillende teorieë wat rondom die inspirasie leer ontstaan het:

- Die meganiese inspirasieteorie – Hierdie leer het sy ingang gevind by die Lutherse en gereformeerde ortodoksie van die sewentiende eeu. Hier word die Bybel as 'n hemelse diktaat beskou waarin die Gees aan die skrywer woord vir woord gedikteer het (vgl. ook Bavinck 1928:401).
- Die dualistiese inspirasieteorie – In hierdie benadering word 'n tweeledige karakter in die Bybel ingedra. Die geïnspireerde dele is alleen die dele wat religieus-eties van aard is en die res is alleen die woorde van die skrywers. Met die religieus-etiese word bedoel dat net die dele wat op die geloof en etiese lewe van die mens betrekking het as geïnspireerd beskou word. Daarom kan daar krities met die teks omgegaan word solank dit nie die religious-etiese deel van die Skrif raak nie.
- Die dinamiese teorie – Hierdie teorie het veral veld gewen onder die invloed van Schleiermacher. In wese gaan dit hier daaroor dat die Bybelskrywers naby aan God gekom het en dat die Gees hulle dan vervul het met spesiale krag om die Woord van die Here op skrif te stel. In hierdie teorie word die inspirasie verskuif van die Skrif na die Bybelskrywers (vgl. Feenstra, 1947:49, Bavinck, 1928:388).
- Die aktualistiese inspirasieteorie – Hierdie teorie vind sy sterkste ontwikkeling by Karl Barth. In hierdie benadering is die inspirasie nie afgehandel nie, maar iets wat in die teenwoordige tyd nog onvoltooid is. Dit wat in die Skrif gelees word is eers geïnspireerd wanneer dit deur die werking van die Heilige Gees in die hart van die leser die Woord van God word. So word die inspirasie gestel as 'n daad wat God steeds vandag in die leser en hoorder doen, eerder as wat dit die toestand van Skrif self is.

- Die organiese inspirasieteorie – Op die spoor van Johannes Calvyn en later deur die werk van teoloë soos Kuiper en Bavinck word die organiese inspirasieteorie aan die orde gestel. In hierdie benadering word daar gepoog om reg te doen aan die verskillende aspekte van die Woord van God in menslike geskrif. Dit wat die Bybelskrywers neergepen het, het nie uit hulle self opgekom nie, maar is deur die Heilige Gees ingegee en die skrywers het as mense in diens van die Heilige Gees gestaan. Deur hierdie werk van die Gees het ons die betroubare Woord van God ontvang met Christus as die middelpunt. Die mense is nie ontruk van hulle eie taal, sosiale, persoonlike, omgewings- en historiese omstandighede nie, maar die Gees het die Woord in hierdie omstandighede aan hulle gegee.

In hierdie verskillende benaderings tot die teorie van die Bybelse inspirasie is dit duidelik dat daar op verskillende maniere met die vraagstuk van die verhouding tussen die inspirerende werk van die Heilige Gees en die skrywende werk van die Bybelskrywers omgegaan is. Die benadering wat die getrouste aan die belydenis van NGB art. 2-7 bly is die organiese inspirasieteorie. Vir die doeleindes van hierdie studie word die organiese inspirasieteorie aanvaar as die heersende Gereformeerde beskouing van inspirasie.

**3.2.5. Eenheid van die Skrif.**

In artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat die Heilige Skrif in 2 dele saamgevat word, naamlik die boeke van die Ou en die Nuwe Testament. Alhoewel hierdie twee dele van die Skrif duidelik onderskei kan word is dit van groot belang dat hierdie twee dele nie geskei moet word nie. In ooreenstemming met die organiese inspirasieteorie staan die wonder van die Skrif sentraal as in ag geneem word dat al die geskrifte van die Bybel oor 'n tydperk van sestien eeue, deur verskillende persone in verskillende tye op Skrif gestel is, maar steeds 'n wonderbaarlike eenheid vorm (Polman, s.j.:89).Om hierdie rede erken die Gereformeerde Skrifbeskouing nie net die beginsel van *Sola Scriptura* nie, maar ook die *Tota Scriptura.* Die Ou en die Nuwe Testament is so onlosmaaklik aan mekaar verbind dat die een nie sonder die ander werklik verstaan kan word nie (Van Genderen en Velema, 1991:75).

Hierdie eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament beteken egter ook nie dat daar 'n eendersheid tussen die twee dele van die Skrif bestaan nie. Van Genderen en Velema (1991:75) verwys in hierdie verband na die woorde van Augustinus dat die Nuwe Testament in die Ou Testament verborge is en dat die Ou Testament in die Nuwe Testament openbaar word. Al word die boeke van die Ou en die Nuwe Testament deur 'n verskeidenheid van geskrifte en genres gekenmerk, getuig dit tog van die een boodskap van God.

Die een boodskap van God deur die Ou en die Nuwe Testament word aan sy gelowige kinders gegee deur die verloop van die geskiedenis. Om hierdie rede is dit belangrik dat daar

aandag gegee moet word aan die beginsel van openbaringshistoriese voortgang in die Skrif. Coetzee (1995:65) beskryf openbaringsgeskiedenis deur te wys op drie aspekte wat in hierdie benaming duidelik blyk:

i. Die uitdrukking "openbaringsgeskiedenis" gee erkenning dat ons in die Skrif te doen het met Godsopenbaring en nie met nadenke van mense oor God nie. In terme van die eenheid van die Skrif is dit duidelik dat God homself bekend maak in die Ou Testament en in die Nuwe Testament. Alhoewel die Skrif oor 'n lang tydperk en teen die agtergrond van allerhande kulturele verskille vasgelê is, is dit steeds God wat Homself bekend maak.

ii. God het dit so gewil dat Hy homself in die loop van die geskiedenis bekend maak. Die openbaring in die geskiedenis neem sy vertrekpunt in die universele gebeurtenis van die skepping en sentreer met die verloop van tyd meer op die geskiedenis van Israel in die Ou Testament. In die Nuwe Testament word die vertrekpunt geneem van God se openbaring in Jesus Christus in die midde van die volk Israel wat vandaar weer uitgebrei word na openbaring aan alle volke en tale.

iii. Dit maak dit dus duidelik dat die Skrif nie verskillende teologieë of verskillende gedagtes van mense oor God bevat nie, maar dat dit die teboekstelling is van God se geopenbaarde wil deur God-verkose menslike skrywers.

Die belydenis van die eenheid van die Skrif rus op die fondament van God se openbaring aan die gelowiges in die verloop van die geskiedenis.

In die getuienis van die Nuwe Testament staan die werk van God wat Hy in die Persoon en in die werk Christus en deur die Heilige Gees gedoen het sentraal. In die Ou Testament staan die werk van God in sy skepping en sy gang deur die geskiedenis van Israel as verbondsvolk sentraal (Van Genderen en Velema, 1991:77). Die eenheid en onderskeid tussen die twee testamente word duidelik gesien in die werk van Christus. Die Ou Testament getuig van die verwagting van die Messias en die Nuwe Testament getuig van die openbaring van die persoon en werk van die Messias, maar steeds gaan dit in beide oor die koms van dieselfde Middelaar (Van Genderen en Velema, 1991:78).

### 3.2.6. Die duidelikheid van die Skrif.

Een van die belangrike eienskappe van die Bybel as die Woord van God is dat God se Woord duidelik tot sy volk gekom het. Deur die geskiedenis van die kerk in die wêreld is daar vanuit die Skrif 'n vraagteken geplaas oor die duidelikheid as eienskap van die Skrif. Die Roomse Kerk het in die tyd van die reformasie op grond van Skrifdele soos 2 Pet. 3:16, Hand. 8:30, Luk. 24:27 aangevoer dat die Skrif inderwaarheid 'n duister boek is wat slegs

deur die kerk uitgelê en verklaar kan word (Bavinck, 1928:445). Hierteenoor was die beklemtoning van die Skrif se duidelikheid een van die grootste bolwerke teen die Roomse leer tydens die Reformasie. Tydens die Reformasie het daar egter 'n oorreaksie uit sommige protestantse kringe gekom wat die duidelikheid van die Skrif betref. Uit hierdie kringe is gestel dat die uitlegging van die Skrif by die individu lê. Hierdie individualisme het ontaard in 'n vrye lees en ondersoek van die Skrif wat op sy beurt aanleiding gegee het tot misbruik van die Bybel

Die vraag bly egter hoe ons die duidelikheid van die Skrif moet verstaan aangesien daar tog vele aspekte is wat ons nie verstaan nie. Tog, al verskil verklaarders oor 'n verskeidenheid van skrifgedeeltes, bely ons steeds dat die Bybel duidelik is. Hierdie probleem word ook in die Westminister konfessie behandel:

*WC I:7. All things in Scripture are not alike plain in themselves, nor alike clear unto all: yet those things which is necessary to be known, believed and observed for salvation are so clearly propounded and opened in some place of Scripture or other that not only the learned but also the unlearned in due use of the ordinary means may attain unto a sufficient understanding of them (Beeke & Ferguson, 1999:15).*

Uit hierdie belydenis van die Westminister Konfessie word daar in die eerste plek erken dat alles wat in die Bybel staan nie duidelik opsigself is of vir alle mense in gelyke mate verstaanbaar is nie, maar desnieteenstaande alles wat vir ons saligheid nodig is, volkome in die Skrif geleer word en dat juis dit deur die geleerde en die ongeleerde gelowige verstaan kan word.

In die belydenis word ook vermelding gemaak dat hierdie dinge geleer word op die een of ander plek in die Skrif. Hier kan ons alreeds sien dat gedeeltes van die Bybel duideliker as ander is oor bepaalde sake. Vandaar dan die beginsel soos Van Genderen en Velema (1992:103) stel, dat teenoor die Roomse beginsel dat die Kerk alleen die Skrif mag verklaar enersyds en sommige protestantse kringe willekeurig se oorreaksie dat die individu self en willekeurig met die Skrif kan omgaan andersyds, staan die gereformeerde beginsel dat die Skrif selfverklarend is en so die hoogste regter in alle geskille is. In die praktyk beteken dit dat die Skrif met die Skrif vergelyk moet word en dat die minder duidelike dele van die Skrif in die lig van die duidelike dele verklaar kan word.

Saam met die duidelikheid van die Skrif moet die gelowige altyd onder die indruk kom van die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees open die oë van die gelowige om die helderheid van die lig van die Skrif se lig te kan sien. So werk die Gees nie sonder die Woord nie, maar met en deur die Woord (Van Genderen en Velema, 1992:107). Die werk van God die Heilige Gees en die duidelikheid van die Skrif kan daarom nie van mekaar losgemaak

word nie. So gee die Heilige Gees ook mense wat geroep word om die Skrif te vertaal en te verklaar. In dit alles bly die mens afhanklik van die werking van die Heilige Gees (Van Genderen en Velema, 1992:106).

**3.2.7. Die genoegsaamheid van die Skrif.**

In samehang met die duidelikheid van die Skrif en die aanvaarding van die gesag van die Skrif vorm die genoegsaamheid van die Skrif 'n belangrike aspek van die gereformeerde Skrifbeskouing. Met die genoegsaamheid word bedoel dat alles wat vir die gelowige van nut en belang is om tot die saligmakende geloof te kom, volkome in die Skrif geleer word (Van Genderen en Velema, 1992:106). Daar mag geen menslike geskrifte of tradisies op dieselfde vlak as die Skrif gestel word nie. Hierdie deel van die belydenis oor die gereformeerde Skrifbeskouing is veral gemik teen die leer van Rome wat uitgegaan het van die onvolkomenheid van die Skrif. Volgens die Rooms Katolieke Kerk moet die Skrif deur die tradisie van die kerk aangevul word om tot die volkomenheid van God se openbaring te kan kom (Bavinck, 1928:453). Teenoor hierdie opvatting plaas die reformasie die volkomenheid en genoegsaamheid van die Skrif. Dit vind ons ook terug in die Sola Scriptura (die Skrif alleen) as uitroep van die reformasie. In die Nederlandse geloofsbelydenis artikel 7 word die volkomenheid van die Skrif ook onder woorde gebring. Hier word veral drie aspekte van die volkomenheid of genoegsaamheid van die Skrif bely (Feenstra, 1947:73).

Eerstens dui die volkomenheid van die Skrif daarop dat dit die wil van God volkome bevat. Dit wil sê dat die gelowige nie verder as die Bybel self hoef te soek om van die Vader volkome te leer nie.

In die tweede plek beteken die volkomenheid van die Skrif dat alles wat deur die gelowiges geglo moet word daarin volkome geleer word. Die Skrif leer nie alleen maar dat die gelowiges in God moet glo nie, maar ook hoe daar geglo moet word. Die Skrif leer nie alleen maar die feit van die geloof nie, maar ook die inhoud van die geloof.

Derdens beteken die genoegsaamheid van die Skrif dat alles wat in die Skrif geleer word volmaak is en in alle maniere volkome. Niemand kan of mag iets by die leer van die Skrif voeg om te poog om die Skrif nog duideliker te maak nie.

**3.2.8. Samevattend.**

Voordat daar verder gegaan kan word om die invloed van Skrifbeskouing in die verskille wat in die GKSA bestaan te ondersoek, is dit vireers noodsaaklik dat daar in die lig van bogenoemde inligting eers 'n definisie van gereformeerde Skrifbeskouing gestel word. So 'n definisie staan vas geanker in dit wat bely word in art. 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Om verder tot so 'n definisie te kom is dit noodsaaklik om al die aspekte

oor die Skrif in ag te neem soos dit deur verskeie teoloë uiteengesit is. Hierdie definisie dien verder as raamwerk waaraan die verskillende besluite en besware wat rondom die betrokke sake geneem is getoets kan word.

Op grond van die belydenis is 'n gereformeerde Skrifbeskouing: 'n beskouing van die Skrif wat erken dat die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament in die Bybel die organies geïnspireerde Woord van God is waardeur Hy Homself, in so verre dit Hom behaag, sy wil en die weg tot saligheid deur Jesus Christus alleen aan sy kerk bekend maak. Alhoewel hierdie openbaring onderskei word in die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament vorm dit 'n eenheid in Jesus Christus wat die weg van saligheid, die reël van die geloof en die wil van God volkome, genoegsaam en duidelik aan sy kinders bekend maak. Uit hierdie definisie kan die besluite wat verskille in die GKSA veroorsaak, getoets word aan die volgende kriteria.

- Erken die besluite die feit dat die Bybel die Woordopenbaring van God is?
- Neem die besluite die eenheid van die Skrif in ag?
- Word die duidelikheid van die Skrif aangaande die wil van God in die besluite sigbaar?
- Word die organiese inspirasie van die Skrif deur die besluite gehonoreer?
- Word die volkomenheid en genoegsaamheid van die Skrif na vore gebring?

## *3.3. VOLKEREVERHOUDINGE.*

### 3.3.1. Inleidend.

In die konteks van Suid Afrika se geskiedenis is die Skriftuurlike begronding van rasseverhoudinge van groot belang. Die rede hiervoor is dat daar met die gebruik van die Skrif en die lukrake aanhaal van tekste rassevermenging en rasseskeiding beide as die wil van God uitgeroep word (Meijer, 1983:6-7). Hierdie verkeerde gebruik lei tot misverstaan van die Skrif en tot afdwaling en onbekendheid van God se geopenbaarde wil. Om hierdie rede is dit dan nou belangrik om in die lig van die regte gebruik van die Skrif ondersoek te doen na die Skriftuurlike begronding van die Sinode se besluite rakende volkereverhoudings. Soos reeds in hoofstuk 2 aangedui is, het daar bepaalde verskuiwings plaasgevind. Die doel van hierdie afdeling is om ondersoek te doen na die Skrifbeskoulike uitgangspunte wat die studies van betrokke deputate onderlê het. Besluite waaraan aandag gegee moet word in hierdie afdeling van die studie is die van Sinodes 1958, 1961, 1970, 1985, 1991 en 2003.

### 3.3.2. Skrifbegronding in 1958.

Die Sinode van 1958 ontvang die rapport van aangewese deputate wat 'n studie aangaande volkereverhoudinge in die lig van die Skrif moes onderneem (ACTA, 1958:209). Die

vertrekpunt wanneer die Skrifgegewens volkereverhoudinge ondersoek word is in die eerste plek die feit dat die Bybel nie 'n handboek is vir die bestudering van volkekundige en sosiologiese vertrekpunte nie, maar dat dit Woord van God is waarin die koninkryk van die hemele en die verlossingswerk van Christus sentraal staan, maar ook waarin ons verder die beginsels vir alle lewensterreine ontvang (ACTA, 1958:209). Met hierdie vertrekpunt word die beginsel duidelik gemaak dat die Bybel as Woord van God nie bedoel is as wetenskaplike handboek nie, maar dat dit tog ook nie beteken dat die Skrif niks sê oor die vraagstuk van rasseverhoudinge nie. Die aangewese deputate het in hierdie omvattende rapport egter nie net aan die Skriftuurlike aspekte van volkereverhoudinge aandag gegee nie, maar het meer omvattend ook na die situasie van die dag gekyk, asook kerkregtelike aspekte voordat daar algemene riglyne neergelê is rakende die rassevraagstuk.

In die verdeling van die werk het die deputate prof. S Du Toit aangewys om die studie rakende die Ou Testament se openbaring oor volkereverhoudinge uit te voer en rakende die Nuwe Testament prof. W.J. Snyman. Aan die begin van die studie word drie algemene opmerkinge gemaak te opsigte van die gebruik van die Skrif (ACTA, 1958:209).

- Die Bybel is die boek wat handel oor die Koninkryk van God en die verlossingswerk van Jesus Christus. Dit mag nie as wetenskap handboek gebruik word nie, maar dit het ten doel om die beginsels van alle lewensterreine neer te lê. In hierdie opsig moet die verklaarder in ag neem watter dele van historiese waarde is sonder dat daar 'n normatiewe bedoeling geleer word en watter dele het wel 'n normatiewe betekenis.
- Daar moet gelet word op die deurlopende gees en strekking van die hele Skrif openbaring. Daar moet dus rekening gehou word met die Skrifverband in die openbaringshistoriese konteks.
- Wanneer die Skrif verklaar word, moet die verklaarder alleen gelei word deur die Skrif en nie deur die omstandigheide wat in die hedendaagse bestaan ter sake is nie.

In die hantering van die Skrif het hierdie twee professore by uitstek gepoog om aan hierdie beginsels getrou te bly.

In die studie van die Ou Testament word die Pentateug, die historiese boeke, die boeke van die profete en die wysheidsliteratuur ondersoek. Vanuit hierdie ondersoek van die Ou Testamentiese gedeeltes word sewentien konklusies gemaak betreffende volkereverhoudinge in die Ou Testament (ACTA 1958:221-223). Die belangrikste hiervan is dat daar aangedui word dat die menslike geslag 'n eenheid is wat deur God geskape is. Wat een is en deur God saamgevoeg is mag nie deur die mens geskei word nie. Behalwe hierdie eenheid vertoon die skepping tog ook 'n ryk variasie en differensiasie. Wat God dus geskei

het, mag die mens ook nie weer saamvoeg nie. Tog moet daar rekening gehou word met die feit van die sondeval en die gevolg dat differensiasie vervorm kan word tot 'n kloof wat stryd en verwydering veroorsaak. Dieselfde geld die menslike strewe na eenheid wat deur die sonde besmet is. God alleen kan die kinders van Abraham in die verbond weer in 'n geestelike eenheid verenig met die handhawing van verskillende volke en tale. Die Ou Testament verwerp daarom rasse chauvinisme aan die eenkant en kosmopolitisme aan die ander kant. Die openbaring van die Ou Testament is duidelik dat daar geen diskriminasie teen enige ras of volk is net omdat dit 'n ander ras of volk is nie. Die slotsom van die Ou Testamentiese gegewens is duidelik dat die vermenging van individue uit verskillende volke of rasse op sigself sonde is nie, maar gesien in die lig van die feit dat volke en tale en nasies tot die einde sal bestaan, is dit ook nie sonde vir 'n volk of ras om daarna te streef om sy eie identiteit te bewaar nie. Trouens, dit kan as sonde beskou word as 'n volk sy eie volksidentiteit prysgee en daarmee saam sy roeping versaak en daarmee saam die verskeidenheid wat die Here gegee het geweld aandoen.

Dieselfde benadering in die Nuwe Testamentiese gedeelte van die studie wat deur prof. Snyman onderneem is, word gevolg deur die geheel van die Nuwe Testament in berekening te bring. Die vertrekpunt word geneem in die geslagsregister van Christus en loop uit in die Openbaring van Johannes. In die studie word ook aandag gegee aan die optrede van Johannes die Doper, die Apostels se optrede in Handelinge en die ander briewe van die Nuwe Testament (ACTA, 1958:223-239). Die slotsom van die studie uit die Nuwe Testament is weer eens dat rassevermenging as sodanig nie sonde is nie, maar dat dit onder bepaalde oorwegings soos kulturele en godsdienstige oorwegings wel sonde kan wees. Tog word die beginsel van die eenheid van die mensdom en die verskeidenheid in verskillende volke nasies en tale ook duidelik in die Nuwe Testament geleer (Vgl. ook die studie oor die vraagstuk wat die sinode vooraf gegaan het [Snyman, 1977:284]).

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit nie van belang om in die fynere eksegetiese bevindings van die deputate in te gaan nie, of om van die bevindinge te beaam of teë te spreek nie. Wat wel van belang is, is die vertrekpunt in die beskouing van die Skrif en die gevolglike besluite van die Sinode op grond van hierdie studie. Ter wille van volledigheid word al die konklusies wat deur die Sinode goedgekeur is, opsommenderwys genoem (ACTA, 1958:264-266) omdat die GKSA se standpunt oor volkereverhoudinge op Skrifgronde in hierdie tyd hierin weergegee word.

- Die Skrif is afkomstig van God self en bestem vir die hele mensheid sonder onderskeid.
- Die Skrif erken die eenheid van die mensheid in die skepping, die herskepping en oor die Pinksterwording heen tot by die voleinding van alle dinge, maar verwerp

die eenheidsorganisasie van die mensheid self vanaf Babel en sy Babiloniese nalatenskap.

- Die volke moet egter saamwerk om hulle gesamentlike roeping te vervul, elk op sy eie tyd en wyse. Hiervoor moet vermenging in 'n mate plaasvind, terwyl sommige volke vir 'n tyd selfs oor ander moet heers om hulle tot voller kultuur ontplooiing te stimuleer.
- Geeneen is egter in sigself meerder- of minderwaardig as die ander nie, alhoewel elkeen 'n eie roeping het.
- Die goddelike verkiesing en verbreiding van die evangelie word in die geslagte oorgelewer en van volk tot volk deur die sendingarbeid.
- Die kerklike eenheid kom organisatories tot verwesenliking op die internasionale vlak in sy ekumeniese verband, met internasionale omvang volgens die fundamentele eenheid in leer, diens en tug.
- In Suid Afrika is verskillende nasionaliteite gevestig in een staatsverband en deurmekaar op dieselfde grondgebied, terwyl 'n eie grondgebied en 'n eie staatsgesag die beste voorwaarde vir vreedsame bestaan naasmekaar is.
- Die sosiale vermenging tussen blank en nie-blank op kerklike gebied is in Suid-Afrika nie wenslik nie aangesien dit onder bestaande verhoudinge die gevaar behels van die ondermyning van nasionale identiteit, veral vir die getalswakkere blanke bevolking.
- Omdat die genade die natuur nie ophef nie, maar heilig, moet die kerke rekening hou met die maatskaplike en staatkundige instellinge en skeidslyne, maar hulle moet ook die Christelike vryheids- en liefdeseis profeties verkondig.
- Met die oog hierop moet onnodige en krenkende rassediskriminasie algaande opgehef word.
- Die roeping van die GKSA in hierdie verband is dat daar in die skakeling van ekumeniese omvang gearbei word om 'n selfstandige nasionale gereformeerde kerkverband vir die nie-blankes in Suid Afrika te vestig.
- Teenoor afwykende beskouinge moet nasionale verskeidenheid met internasionale samewerking gehandhaaf word, gemengde kerkformasie tussen blank en nie-blank is ongewens en blanke voogdy moet uitgeoefen word.

Uit hierdie besluit word dit duidelik dat die Sinode in ooreenstemming met die Skrif die eenheid van die mensdom erken, maar dat daar meer klem gelê word op die gegewe van die verskeidenheid. Uit hierdie besluit word dit ook duidelik dat daar ook nie net by Skrifbegronding alleen gebly is nie. Praktiese sake is ook in oorweging geneem soos dat kerklike eenheid net op internasionale vlak sigbaar moet word, terwyl daar geen Skrifgronde

vir so 'n afleiding bestaan nie. Verder word die praktiese implikasie van sosiale vermenging tussen volkere vir die "getalswakkere" blankes vermeld, sonder dat so 'n afleiding uit die Skrif gemaak word. Hieruit is dit duidelik dat daar tog wyer as net Skrifgegewens na hierdie saak gekyk is, maar dit het tog nie die hantering van die Skrif self geraak nie.

Verder is dit opmerklik dat daar in die besluit erken word dat rasse diskriminasie gaandeweg opgehef moet word, maar dat die feit van getalswakkere blankes voogdyskap vereis en in 'n mate regverdiging gee vir die rassediskriminasie tot op daardie stadium.

### 3.3.3. Besluite van Sinodes.

Die Sinode van 1958 het die rapport weer terugverwys na die deputate om bogenoemde konklusies aan te vul met uitgebreide motiverings. In die rapport wat voor die Sinode van 1961 gelê word, word van dieselfde vertrekpunte gewerk as wat in 1958 die geval was (ACTA, 1961:115-119). Die Sinode handhaaf die konklusies, veral wat die Skriftuurlike benadering van Sinode 1958 gestel het en bevestig weer dat kerklike vermenging in beginsel en in die reël verwerp moet word, omdat God self die verdeling van die mens in verskillende rasse, kultuurgroepe en volkere bewerk het. Die sinodes wat hierop gevolg het, handhaaf deurgaans die benadering van die Skrif as openbaring van God aangaande sy koninkryk en die mens se saligheid in Christus Jesus. Van hierdie beskouing van die Skrif word daar nie afgewyk nie. In hierdie lig val die klem op die feit van die mens se verwantskap aan mekaar, maar dat daar in die menslike geslag ook 'n ryke verskeidenheid sigbaar is. Sinode 1970 het nie vir 'n bepaalde standpunt gekies nie aangesien dit nie op die weg van 'n kerklike vergadering is om hieroor te besluit nie. Tog word deurgaans gepoog om die realiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing in verskillende kultuur en rassegroepe en die gegewens van die Skrif aangaande die eenheid en die verskeidenheid van die mensdom met mekaar te versoen.

### 3.3.4. Ander stemme.

Dit was egter nie net die sinodes wat met hierdie vraagstukke gemoeid was nie. Ander het ook oor hierdie aangeleentheid geskryf. Op die volkskongres van 1944 lewer prof. J.D. du Toit 'n invloedryke toespraak rakende die Suid Afrikaanse rassebeleid en die hantering van die Skrif. (Du Toit, 1981). Na 1959 verskyn 'n studie wat oor die onderwerp van die Skriftuurlike gegewens rakende volkereverhoudings handel van J.C. Coetzee in 1965, genaamd "*Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament*". In hierdie studie word 'n eksegetiese navorsing gedoen oor die begrip volk in die Nuwe Testament en hoe dit in verband staan met die Godsvolk. As vertrekpunt vir die studie geld die erkenning dat die Nuwe Testament deel is van die geopenbaarde Woord van God (Coetzee, 1965:15). Om hierdie rede word daar openbaringshistories met die teks omgegaan. Met hierdie term word bedoel dat God Homself

in die geskiedenis openbaar en dat daar deur die ondersoek rekening gehou word met hierdie historiese ontwikkelingsgang.

Alhoewel daar nie in hierdie studie direk aan die vraagstuk van rasseverhoudinge aandag gegee word nie, bevestig dit die openbaring van die Skrif dat daar tussen volkere 'n organiese verband bestaan. Die verskillende volkere word in die Godsvolk opgeneem as samestellende dele. Daarin bly die individuele gelowige solidêr en een met sy volk (Coetzee, 1965:320-321). Die opmerking word ook in die studie gemaak dat dit opvallend is dat dit in die Skrifopenbaring gaan om volkere en nie om rasse nie. Waar daar in die groot openbaringshistoriese momente volkere na vore tree word daar geen vermelding gemaak van rasseskeiding nie (Coetzee, 1965:321).

In 1970 lewer prof. B. Spoelstra 'n referaat by die SABRA Jeugkongres in Vryburg wat weer eens ondersoek doen na die Skriftuurlike begronding van die Suid-Afrikaanse volkerebeleid. Met betrekking tot die skriftuurlike openbaring oor hierdie saak word verskillende stellinge gemaak oor wat die Bybel openbaar aangaande die vraagstuk (Spoelstra, 1970:34-45). Hierdie stellings word vervolgens opsommenderwys weergegee:

- Die Bybel moet reg gebruik word om antwoorde op beleidsvraagstukke van politieke, maatskaplike en volkekundige aard te gee. Die misbruik van die Bybel vind plaas wanneer 'n standpunt eers geformuleer word en daarna na 'n Bybelteks gesoek word om die beleid te staaf. Die regte gebruik van die Bybel is gesetel in die erkenning dat dit die geopenbaarde Woord van God is wat die rigsnoer van ons lewe is. Verder moet elke uitspraak in dié verband van die gees en strekking van die hele Godsopenbaring gelees word.
- Histories gesien het die Bybel die Afrikanervolk se beskouing van volkere en rasseverhoudinge gevorm. Dit word sigbaar in die optrede van die Nederlandse Setlaars se optrede teenoor inboorlinge, slawe en vreemdelinge. Vir die Afrikaanse pionier was die Skrifgegewe die bepalende faktor in die samelewings vrae waarmee hy ook al gekonfronteer is.

In die res van die studie wys Spoelstra hoe die bepalende invloed van die Bybel op die Afrikaanse volkstradisie die beskouing ten opsigte van volkereverhoudinge bepaal het. Weereens word dit duidelik dat daar aan die eenheid van die mensdom en die verskeidenheid van volke en nasies gehoor gegee moet word. Handelinge 17:26 neem hier weereens 'n prominente plek in om die verskeidenheid van die volke as raadsplan van God te beklemtoon. Op grond van die eenheid en die verskeidenheid van volke in die wêreld dui Spoelstra aan dat die mense-eenheid in die volkere-verskeidenheid en die volkere-verskeidenheid in die mense-eenheid seker die belangrikste kenmerk van die Afrikaanse

volkerebeskouing is (Spoelstra, 1970:38). Die gevolgtrekking is duidelik: “Die uitgangspunt van etniese tuislande is in ooreenstemming met die Bybel.”

'n Ander stem wat wel nie uit die geledere van die Gereformeerde Kerke kom nie, is die teoloog van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, dr. A.P. Treurnicht. In sy boek “Credo van 'n Afrikaner” sluit hy aan by die Sinode van die Gereformeerde Kerke om 'n begronding van afsonderlike ontwikkeling te gee (Treurnicht, 1975:16). Weereens word die belang van Hand. 17:26 hier aan die orde gebring om die skeiding tussen volke te onderstreep. In hierdie boekie van Treurnicht word die skeiding tussen volkere en rasse direk verbind aan die Calvinisme. Die Calvinistiese lewensvisie van God se soewereiniteit en die feit dat Hy in die Skrif nie alleen maar die weg tot saligheid openbaar nie, maar ook die norme vir ons sedelike lewe uitstippel, gee noodwendig aanleiding daartoe dat die skeiding tussen volkere gehandhaaf moet word (Treurnicht, 1975:7-8). Dit verseker ook die voortbestaan vir die getalmindere bevolkingsgroep.

### 3.3.4. GES en standpunt-verandering.

Al het hierdie stemme gepoog om die Skriftuurlike begronding van die land se volkerebeleid te verwoord, was daar tog die stemme wat gewys het op die onskriftuurlikheid van die noodwendige rassediskriminasie. Druk vanuit die internasionale ekumeniese gemeenskap het die GKSA genoodsaak om sy eie standpunte oor die skeiding van volkere in heroorweging te neem. In 1972 neem die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) 'n rapport ter tafel wat hom uitspreek oor die kwessie van rasseaangeleenthede, wat nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in Australië en Noord-Amerika afgespeel het (GES, 1972:38). In die rapport word daar weer eens erken dat die mensdom 'n eenheid vorm, alhoewel die verskeidenheid van die verskillende volkere en nasies en tale ook sigbaar word. Dit is egter duidelik uit die rapport wat voor die GES gedien het, dat daar 'n swaarder klem op die eenheid van die mensdom en veral die kerk, as op die verskeidenheid gelê word. Die Sinode se besluit is duidelik (GES, 1972:39):

> The unity of the Body of Christ should come to expression in common worship, including Holy Communion among Christians, regardless of race. It may be that linguistic or cultural differences make the formation of separate congregations... advisable. In this case it is wise not to force an outward and therefore an artificial form of unity, but to recognize the differentiation in the within the circle of Gods people. The existence of different congregations for different indigenous groups must be accepted, but no person may be excluded from worship, solely on the basis of color or race. ***However, the worshiping of people together of different races is a sign of the unity of the church and the communion of the saints can be witnessed in the whole world.*** (beklemtoning bygevoeg – CJ).

Die beskouing van die GES oor die eenheid en verskeidenheid wat in die Skrif geleer word het noodwendig ook sy weerklank gevind in die rapporte wat op die Sinodes van die GKSA gedien het. Dit het die duidelikste sigbaar geword op die Sinode van 1985. In die rapport van die deputate ekumeniese sake word gestel dat die Sinode antwoord op die rapport van die GES. In die reaksie moet herbevestig word dat die Sinode nie ras, volk of kleur as vereiste vir lidmaatskap van kerke stel nie en dat daar teen niemand op grond hiervan gediskrimineer mag word nie (ACTA 1985:650-651). Die  besluite van die Sinode 1970 word ook herroep sonder dat dit 'n instemming met of teen enige party-politieke standpunte verteenwoordig (ACTA, 1985:433). Die logiese konsekwensie van hierdie besluit is dat die Sinode self die ondersteuning van die ideologie van apartheid verwerp, asook die praktiese beoefening van hierdie ideologie (ACTA 1991:187). Hiermee maak die sinode 'n duidelike uitspraak teen die ideologie van rasseskeiding. Die vraag is egter of die Skrif op 'n ander manier hanteer is om by hierdie uitspraak te kom.

**3.3.5. 'n Ander benadering.**

Die veranderde standpunt van die kerke in sinode het egter nie eensklaps gebeur nie. Deur die tyd is die ideologie van rasseskeiding ook deur teoloë van die Gereformeerde Kerke bevraagteken. In die Kerkblad van 12 Oktober 1983 dui J.J van der Walt in 'n populêre artikel aan hoe die verkeerde gebruik van die Skrif aanleiding gee tot 'n verkeerde verstaan en implementering van volkereverskeidenheid.  In die artikel word die gebruik van Hand. 17:26 en Dan. 2:43  as skriftuurlike bewys om rasseskeiding te regverdig bevraagteken (Van der Walt, 1983:4). Waar daar in die verlede op hierdie verse aangedring is dat volke hulle eie grense moet hê en daarom nie mag vermeng nie, voer Van der Walt aan dat so 'n gevolgtrekking teen die werklike bedoeling van hierdie verse indruis. Wanneer hierdie verse in hul onmiddellike konteks gelees word, is dit duidelik dat die tekste nie ten doel het om 'n wet van skeiding te gee nie, maar dat volke naas mekaar en saam met mekaar in een land in die diens van die koninkryk van God staan (Van der Walt, 1983:4).

Ander stemme wat ook getuig het van die onreg wat deur 'n beleid van rasseskeiding teweeg gebring word, word die duidelikste gevind in 'n verskeidenheid artikels van J.H. van Wyk. In 'n werk oor verskillende mensbeskouings word die beskouing wat regverdiging aan apartheid gee ook ten sterkste afgewys en in stryd met die mensbeskouing wat deur die Skrif geleer word (Van Wyk, 1993). Uit dieselfde kader wat die ideologie van rasseskeiding op grond van die Skrif verwerp, is J.M. Vorster. Hy stel dit duidelik dat die praktyk om mense volgens rasse te verdeel vreemd aan die leer van die Skrif is (Vorster, 2005:191). Die mens is geskape na die beeld van God en vind daarin sy eenheid deur die hele mensdom. Waar die mensdom in die verloop van die Ou Testamentiese geskiedenis verdeel is, kom daar in Christus 'n nuwe eenheid tot stand.  Die verlossende werk van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees

bevestig die eenheid van die mensdom deurdat daar geen onderskeid gemaak word op grond van volk of ras wat betref die verlossing nie. Die gevolgtrekking wat Vorster maak op grond van die Bybelse perspektief is radikaal (Vorster, 2005:193):

> The church should therefore express this unity and must act in a divided world as an example of equality and humaneness, as a multi-racial, multi-cultural and multi-national body. Equality and dignity should find its full expression in the Christian Church.

In hierdie standpunt word die verskuiwing wat gemaak is ten opsigte van volkere verhoudinge verwoord. Waar daar in die jare vyftig klem gelê is op die verskeidenheid van rasse en volkere word daar nou klem gelê op die eenheid van die mensdom te midde van verskillende volke.

### 3.3.6. Veranderde Skrifbeskouing?

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat daar 'n groot denkskuif in die oortuiging aangaande rasseverhoudinge gekom het. Die vraag is egter of daar 'n verskuiwing in Skrifbeskouing gekom het wat hierdie radikale verskil tot gevolg het. Dit is opmerklik dat die Skriftuurlike vertrekpunte wat in 1958 gestel is, deurgaans gehandhaaf is en dat daar teen die Skrifgebruik wat in 1958 gegeld het, nie beswaar op 'n kerklike vergadering ingebring is nie. In 1958 het die Sinode erns met die geheel van die Skrif gemaak om by 'n bepaalde gevolgtrekking te kom. Dit is verder ook opmerklik dat die GKSA vanuit die staanspoor sterk gekant was teen rassediskriminasie as sodanig, maar tog het die besluite en die sensitiwiteit vir die regering van die dag en die omstandighede in die samelewing veroorsaak dat daar nie sterk genoeg getuig is teen die gevaar van rassediskriminasie in die volkerebeleid in die tydperk van 1958 tot 1991 nie.

Vanuit die geledere van die GKSA het Totius gepoog om 'n skriftuurlike begronding aan die beleid van apartheid te gee. S. du Toit en W.J. Snyman het op hierdie sentimente voortgebou en op skriftuurlike gronde die beleid van rasseskeiding regverdig. In hierdie tyd is gepoog om erns te maak met die geheel van die Skrifopenbaring, dat die Bybel nie gebruik kan word as 'n wetenskaplike handboek om uitspraak oor die saak van volkereverhoudinge te gee nie. Soos aangedui in 3.3.5 het die teoloë wat getuig het teen die beleid van rasseskeiding self hierdie benadering tot die Skrif gehandhaaf, maar daar is tot 'n ander oortuiging gekom.

Alhoewel daar nie 'n verskil in die Skrifbeskouing na vore kom in beide oortuigings nie moet die vraag steeds beantwoord word hoe is so 'n verskil dan moontlik? Om hierdie vraag te beantwoord is egter nie maklik nie, aangesien daar verskillende faktore is wat in ag geneem moet word. Dit gaan hier nie net oor die uitspraak van die Skrif wat in ag geneem moet word nie, maar ook hoe hierdie uitsprake verstaan word in die lig van die geheel van God se openbaring. Verder kan die uitspraak van die Skrif nie in isolasie van die

lewensomstandighede van die kerk gesien word nie. Van Wyk (1985:54) verwys hierna in sy beoordeling van die werk van W.J. Snyman. Benewens die feit dat hy aantoon dat die skrifberoep van W.J. Snyman moontlik nie aan die geheel van die Skrifopenbaring oor versoening en die koninkryk van God aandag gee nie, verwys hy ook na die feit dat die skrifgebruik van Snyman nie rekening hou met die werklikheid van die politieke omstandighede in Suid-Afrika nie (Van Wyk, 1985:54). Alhoewel dit hier gaan om die beskouing van een teoloog, mag ons nie uit die oog verloor dat die werk van Du Toit en Snyman as deputate van die Sinode oor die rassevraagstuk leiding gegee het en deur die Sinode aanvaar is nie.

Samevattend kan gestel word dat die verskuiwing in denke oor rasseverhoudinge nie die gevolg is van verskillende Skrifbeskoulike of hermeneutiese uitgangspunte nie. Die Skrif word oor hierdie aangeleentheid deurgaans gesien as die Woord van God wat as 'n geheel die openbaring van God se koninkryk en die weg tot saligheid bevat. Die verskil kom egter daarby in dat daar in die tyd van apartheid ('n oordrewe?) klem op die verskeidenheid in die skepping geplaas is en die menslike geslag by hierdie verskeidenheid ingereken is. Deur die beklemtoning van die verskeidenheid is die eenheid van die menslike geslag onderspeel.

## *3.4. DIE 1983-VERTALING VAN DIE BYBEL EN 2001-OMDIGTING.*

### <u>3.4.1 Inleidend.</u>

In hoofstuk 2 is aangedui dat die besware teen die gebruik van die 1983-vertaling van die Bybel oor 'n tydperk van vier-en-twintig jaar voor die verskillende Sinodes van die GKSA gedien het. Die 2001-omdigting is nog nie so lank in gebruik in die kerke nie, maar daar is alreeds verskillende besware teen hierdie omdigting ook ingedien en afgewys. Alhoewel 'n vertaling van die Bybel en die beryming van die Psalms nie dieselfde werk is of noodwendig met mekaar in verband staan nie, is dit opmerklik dat die besware wat teen die 1983-vertaling en die 2001-omdigting geopper word, baie in ooreenstemming het veral wat die saak van die Messiaanse verkondiging van die Ou Testament betref (vgl. Van Rooy, 2005:618-619). In die besware rondom die gebruik van die 1983-vertaling kom verskillende sake wat die Skrifbeskouing raak, aan die orde naamlik die gebruikte grondteks, die dinamies ekwivalente vertaalmetode en die aanduiding van Messiaanse gedeeltes wat die eenheid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament raak. Die uitstaande beswaar wat teen die gebruik van die 2001-omdigting na vore kom, is die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament. Ander besware teen die gebruik van die 2001-omdigting raak die gebruikte Godsname, en die weglating van sekere gedeeltes. Om hierdie rede is dit sinvol om die besware wat teen die vertaling en die omdigting geopper word, saam te behandel om

duplisering uit te skakel. Die gedeeltes wat net van toepassing is op die vertaling of beryming onderskeidelik, sal duidelik aangedui word en so behandel word.

In hierdie afdeling sal ondersoek gedoen word deur na die relevante punte van die besware te kyk en te oordeel of die kerke werklik 'n verskuiwing in die Gereformeerde Skrifbeskouing maak deur die aanvaarding van die vertaling en die omdigting van die Psalms. Beswaarskrifte en kommissierapporte word ondersoek asook sekere skrywes in die populêre pers deur beswaardes. Die vraag wat beantwoord moet word in hierdie afdeling is of die Messias-openbaring in die Ou Testament die leer oor die eenheid van die Skrif raak.

### 3.4.2 Die besware rakende die Messiaanse vertaling en beryming.

In die beswaarskrif van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar word verskillende aspekte rakende die besluit van die Sinode van 1985 rakende die gebruik van die 1983-vertaling naas die 1953-vertaling (sien hoofstuk 2, 2.3.4 bl.25) gestel. Die hoofsaak van die beswaar is die sogenaamde wegvertaling van die Messias uit die Ou Testament. Op grond van hierdie beswaar is die Kerkraad van die oortuiging dat die 1983-vertaling die eenheid van die Heilige Skrif aantas  omdat die Messiaanse tekste in die Ou Testament nie onderskeidend vertaal word nie. Dit moet egter beklemtoon word dat hierdie een van vele beswaargronde is, maar dat dit hier behandel word omdat dit die kwessie van die eenheid van die Skrif direk raak.

Die hoofsaak waarom dit gaan in die beswaargrond word soos volg verwoord: "die 1983-vertaling misken die Christologiese karakter van die Ou Testament met name in die eksplisiet Messiaanse tekste waarin die woord "hy" konsekwent met 'n kleinletter gespel is, byvoorbeeld in Jes. 53 en Ps. 110." (ACTA, 1988:289). Ter motivering van die beswaargrond word gestel dat hierdie aantasting van die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament een van die oudste dwalings is wat by die Gnostisisme, die ketter Marcion, die Manicheïsme en die dialektiese teologie van Karl Barth na vore kom.

'n Ander beswaarskrif met dieselfde strekking wat op verskeie sinodes gedien het, is dié van br. G.L. Erasmus (vgl. hoofstuk 2, 2.3.4 bl. 26). In die beswaarskrif word gestel dat die eenheid van die Bybel in die Ou en die Nuwe Testament misken word deur die "ontmessianisering" van die Ou Testament  en die daaropvolgende ontkenning van die Godheid van Christus (ACTA 2009:105). Hierdie beswaarskrif hanteer die kwessie van die Messiaanse strekking van die Ou Testament omvattend deur na 'n groot verskeidenheid tekste te verwys.

Die verband tussen die gesag van die Skrif en die aanduiding van die Messiaanse gedeeltes van die Bybel word ook in die debat rondom die aanvaarding van die 2001 omdigting gesien. Soos reeds aangetoon in hoofstuk 2, 2.5.5, bl. 40-41 raak die bepaalde manier van omgang met die Messiaanse gedeeltes van die Psalms die beskouing van die eenheid van die Skrif.

Ter wille van duidelikheid moet hier vermeld word dat daar met die Messiaanse aanduiding bedoel word dat waar die Nuwe Testament Ou Testamentiese gedeeltes aanhaal as heenwysings na Christus, word die woord of persoonlike voornaamwoord met ŉ hoofletter aangedui. Wanneer die beswaardes dus praat van "ontmessianisering" word beswaar gemaak teen die gebruik van die vertaling en die omdigting om hierdie woorde met ŉ kleinletter weer te gee en nie met ŉ hoofletter nie.

**3.4.3 Direk en indirek Messiaans.**

In die besware teen die gebruik van die 1983-vertaling van die Bybel en die 2001-omdigting van die Psalms word skerp uitsprake gemaak wat deur die Sinode oorweeg moet word. In sy oorweging van die besware van Gereformeerde Kerk die Kandelaar word die stelling deur die Sinode gemaak dat: "die Messiaanse karakter van ŉ gedeelte is ŉ saak van interpretasie, ook waar dit by vertaling kom" (ACTA 1991:120). Hierdie uitspraak van die Sinode het aanleiding gegee tot nog ŉ beswaarskrif van die Gereformeerde kerk die Kandelaar waarin aangevoer word dat die uitspraak van Sinode 1991 impliseer dat die Messiaanse verkondiging van die Ou Testament omgekeer word asof dit eers later Messiaans sou word. Die Messiaanse karakter van die Ou Testament is volgens die beswaardes ŉ Godgegewe openbaarde waarheid wat in besondere gevalle deur ons aanvaar moet word (ACTA 2003:119).

In die midde van die verskil tussen die besluite van die sinode en die beswaardes rakende die Messiaanse strekking moet besin word oor die gebruik van die terme "direk messiaans" en "indirek messiaans". Wanneer die term "direk messiaans" gebruik word, het dit die bedoeling dat die betrokke gedeelte direk en uitsluitlik op Christus betrekking het terwyl die term "indirek Messiaans" daarop dui dat die betrokke gedeelte ŉ eerste vervulling in die Ou Testamentiese konteks het en dan weer ŉ tweede vervulling in Christus (Van Rooy, 2004:759-764). Die vraag of gedeeltes as direk of indirek Messiaans vertaal of berym moet word het egter geen eenvoudige antwoord nie. Van Rooy (2004:764) wys daarop dat daar onder Gereformeerde Skrifverklaarders groot verskil bestaan oor die Messiaanse strekking van die Ou Testament. Sommige sien gedeeltes as direk Messiaans, ander as indirek Messiaans. Voorbeeld hiervan is die verklaring van N.H. Ridderbos van Psalm 2, wat gesien word as ŉ indirekte Messiaanse Psalm (Ridderbos, 1962:77).

Van Rooy erken ook dat daar wel in die Ou Testamentiese wetenskap kommer kan bestaan ten opsigte waarvan die Ou Testament wel heenwys na die koms van die Messias al dan nie (Van Rooy, 2005:620). Vir sommige Ou Testamentici is die gedagte van ŉ Messias deel van die Christelike tradisie en nie van die Ou Testamentiese teks self nie. Die onafhanklikheid van die Ou Testament moet vooropgestel word omdat die Ou Testament nie direk en helder na Jesus Christus of die Nuwe Testament wys nie (Brueggemann, 1997:731). Die feit dat die

Christene oor die wêreld heen die belofte van Christus in die Ou Testament sien, is deel van die interpretasie-proses wat nie noodwendig verkeerd is nie, en self deur die Ou Testament toegelaat word, aangesien die boodskap van die Ou Testament meerstemmig is. Daarom moet die verband tussen die twee testamente gemaak word van die Nuwe na die Ou Testament en nie van die Ou Testament na die Nuwe Testament nie (Brueggemann, 1997:732). Hierdie siening van die Messiaanse aanduiding van die Ou Testament maak definitiewe skeiding tussen die twee testamente en tas inderwaarheid die eenheid van die Skrif aan.

Die vraag wat egter hier na vore kom, is of die keuse vir 'n indirek Messiaanse vertolking van die Ou Testamentiese gedeeltes neerkom op 'n veranderde Skrifbeskouing en die gereformeerde beginsel van die eenheid van die Skrif in gedrang bring. Vir Meijer (2002:9) en vir d'Assonville (2002:3) is die antwoord 'n duidelike ja, terwyl van Rooy (2004:766) en Helberg (2006:594) van mening is, dat dit juis uit respek vir die eenheid van die Skrif en die eie aard van die Ou Testament is, dat die indirekte messiaanse benadering gevolg word. Helberg verwoord dit soos volg (2006:594).

...die ander psalms kan dus Messiaans in Nuwe-Testamentiese sin *gelees* word, maar die implikasie van die koms van Christus moet in Nuwe-Testamentiese lig bygedink en die psalm daarvolgens geïnterpreteer word. *Vertaling* en *omdigting* van die psalms kan dit nie uitdruk nie en daar moet by die Ou-Testamentiese teks gehou word. Die ingrypende betekenis van die vervulling deur Christus kan nie uitgedruk word deur bloot die messias met 'n hoofletter aan te dui nie.

Daar is dus in die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament 'n eenheid wat in Christus te vind is, maar ook 'n onderskeid wat gehandhaaf moet word. Die verhouding is openbaringshistories en draai om die koms van die persoon Jesus Christus (Helberg, 1983:100). Jesus is die vervulling van die voorafskaduwings van die Ou Testament en nie net die vervulling van iets nie.

In hierdie lig neem die Sinode van 2006 tog 'n belangrike besluit in sake die messiaanse vertolking van die Psalms (ACTA, 2006:739). In die gesprekke het dit duidelik geword dat daar 'n behoefte is om die Messiaanse duiding van Psalm 110 nog duideliker na vore te bring in 'n nuwe beryming. Met hierdie besluit van die sinode word dit duidelik dat die GKSA self steeds die Messiaanse aanduiding van die Ou Testament erken en derhalwe 'n Messiaanse beryming van Ps. 110 verlang. Die aanvaarding van die 2001 omdigting kan dus op hierdie gronde nie 'n aanduiding wees dat daar 'n verskuiwing in die beskouing van die eenheid van die Skrif gekom het nie. Om die agting vir die Messiaanse strekking van die Ou Testament duidelik te maak, besluit Sinode 2003 om die Messiaanse strekking van die Psalms deur voetnote onderaan die berymde Psalm aan te bring (ACTA, 2003:642). Of die gebruik van die voetnote werkbaar is al dan nie, val nie binne die ondersoekveld van hierdie studie nie,

maar dit maak duidelik dat GKSA die Messiaanse aard van die Ou Testament en die eenheid van die Skrif erken.

ŉ Laaste aspek wat aan die orde gestel moet word in die kwessie van die Messiaanse gedeeltes van die Ou Testament, veral met betrekking tot die beryming van die Psalms, is die kwessie van die eerste hoorder. In die beswaarskrif van A.H. Bogaards wat voor die sinode 2006 gedien het, word aangevoer dat die besluite van Sinode 2003 die beginsel om die teks om te dig soos die eerste hoorder dit verstaan het as enigste hermeneutiese sleutel verhef en sodoende nie die openbaringshistoriese aard van die Skrif in ag neem nie ( ACTA, 2003:657; ACTA, 2006:735).

Die eerste hoorders van sogenaamde koningspslams het verstaan dat die betrokke Psalms ten doel gehad het om as politieke Psalms die geloof van Israel in God direk aan die militêre voorspoed van die Dawid-dinastie te koppel (Burden, 1993:756). Die Christene van die Nuwe Testament sou dan later Christus as hierdie Messias herken. In hierdie benadering tot wat die eerste hoorders sou verstaan by die aanhoor van hierdie Psalm, word dit duidelik dat skeiding gemaak word tussen dit wat die Ou Testament verkondig het en wat die Nuwe Testamentiese Christene verstaan het. In ŉ studie oor die gebruik van Psalm 110 in die brief aan die Hebreërs dui Nel (2004:216) aan dat die verklaring van die Ou Testamentiese Messiaanse Psalms nie onafhanklik van die Nuwe Testament kan geskied nie, maar verg ŉ hermeneutiese wisselwerking tussen die twee testamente.

### 3.4.4. Die gebruikte grondteks in die vertaling van die Nuwe Testament.

Die een beswaar wat teen die gebruik van die 1983-vertaling na vore kom, raak die grondteks wat gebruik word (ACTA, 2009:116). In die beswaar word gestel dat die gebruikte grondteks, naamlik $UBS^3$ (3 de Teksuitgawe van die United Bible Societies), in wese ŉ onbetroubare getuie van die woord van God is. Erasmus (2003:251-266) lê ook die verband tussen die gebruikte grondteks vir die 1983-vertaling en ŉ afwykende Skrifbeskouing wat deur hierdie grondtekste na vore gebring word. As motivering hiervoor word verwys na die Skrifbeskoulike standpunte, en na bewering okkultiese toegeneentheid, van die Wescott en Hort, wat as die vaders van die teksgetuies wat vir die $UBS^3$ gebruik is beskou word. Vir haar gaan dit oor die herkoms van twee verskillende tradisies van die groot hoeveelhede grondtekste wat bestaan. Aan die een kant die Aleksandrynse teks en aan die ander kant die Antiogeense teks. Die gelowige van vandag moet besluit met watter teks hy homself vereenselwig, die een wat sy ontstaan in Antiogië gehad het of die ouer manuskripte wat hulle ontstaan in Alexandrië gehad het (Erasmus, 2003:570). Die ouer Alexandrynse manuskripte word geag as die Skrifkritiese en onbetroubare manuskripte terwyl die meerderheidstekste hulle oorsprong in Antiochië gehad het wat geag word as die meer betroubare bronne van die Nuwe Testament. Wescott en Hort het die teks van Alexandrynse

oorsprong hoër geag as dié van Antiogië. Die gevolgtrekking wat deur Erasmus gemaak word is dat die 1983 vertaling op die onbetroubare getuie van die Alexandrynse teks berus en daarom nie die Woord van God is nie. Op grond hiervan word gewys op die afwyking in Skrifbeskouing by die gebruik van die 1983 vertaling van die Bybel.

Dit lê nie op die weg van hierdie studie om 'n oplossing te bied vir die vraagstukke wat op die gebied van die tekskritiek lê nie. Die vraag is egter of die Gereformeerde Kerke deur die aanvaarding van die 1983 vertaling van die Bybel 'n ander Skrifbeskouing aanvaar het met betrekking tot die keuse van die gebruikte grondtekste van die vertaling. Metzger (1971:xxiv) stel dat daar met betrekking tot meer as vyfduisend beskikbare manuskripte nie twee is wat met mekaar ooreenstem nie. Toegegee, daar is sommige klein verskille en in sommige manuskripte meer wesentlike verskille. Juis omdat hierdie verskille deur die hele spektrum van manuskripte na vore kom, moet gestel word dat nie een enkele manuskrip of groep van manuskripte bestaan wat maar net bloot meganies nagevolg kan word nie (Metzger, 1968:246; Jordaan, s.j:67). In die besluit van Sinode 2009 word ook daarop gewys dat die verband wat gelê word tussen die Skrifbeskouing van Wescott en Hort en 'n beweerde afwykende Skrifbeskouing wat deur die gebruik van die 1983-vertaling oënskynlik in die kerke ingevoer word, berus op *ad hominem* beredenering en nie op *ad rem* getuienis nie (ACTA, 2009:122). Om dus op grond van die besluit om die 1983-vertaling vir gebruik by die kerke aan te beveel af te lei dat 'n verskuiwing in Skrifbeskouing plaasgevind het, is nie houdbaar nie.

### <u>3.4.5. Die dinamies-ekwivalente vertaal metode.</u>

In die besware teen die gebruik van die 1983 vertaling van die Bybel word daar melding gemaak dat die gebruik van die dinamies-ekwivalente vertaalmetode aanleiding gee tot 'n Skrifbeskoulike verskuiwing. Met dinamies-ekwivalente vertaling word bedoel dat die vertaling van 'n betrokke gedeelte dieselfde effek op die hedendaagse leser het as wat dit op die eerste oorspronklike lesers gehad het, al verskil die bewoording en struktuur van die vertaling van die oorspronklike (Snyman, 2003:177, vgl. ook Van Bruggen, 1978:30). Dit gaan dus nie oor die letterlike weergee van 'n betrokke gedeelte nie, maar 'n weergawe van die betekenis van die oorspronklike. Helberg verduidelik hierdie definisie aan die hand van 'n voorbeeld uit Job: "...Totius het by geleentheid gesê dat Job nie Afrikaans wil praat nie. Wanneer ons die Nuwe Vertaling ontvang het, sal wel blyk dat die nuwe vertalingsmetode Job minder daarop gesteld maak om Hebreeus te handhaaf en meer gewillig om Afrikaans te praat" (Helberg, 1983:5).

Die vertaalmetode gaan nie maar net oor die manier waarop die oorspronklike in die ontvanger-taal oorgeplaas word nie, maar dit neem die ontvanger-gemeenskap in ag en

poog daarom om die gedeelte in 'n verstaanbare idioom vir daardie gemeenskap oor te plaas. Deur hierdie vertaalmetode word nie net die taal nie, maar ook die gebruiker van die taal in ag geneem (Van Bruggen, 1978:68). In kritiek op hierdie benadering wys Van Bruggen (1978:96) daarop dat daar in die vertaalmetode uitgegaan word van die standpunt dat daar 'n kloof bestaan tussen die Bybelse openbaring en die hedendaagse leefwêreld van die Bybelleser. Hierdie kloof kan alleen oorbrug word as die teks geherinterpreteer word en daardie herinterpretasie in die vertaling gestalte neem.

Die raakvlak tussen die dinamies-ekwivalente vertaalmetode en Skrifbeskouing raak die duidelikheid van die Skrif. Dit wil voorkom of die dinamies-ekwivalente vertaalmetode van die standpunt uitgaan dat die Skrif onduidelik is en dat dit alleen maar deur die interpreterende werk van die vertalers duidelik en verstaanbaar vir die hedendaagse leser aangebied kan word. Helberg (1984:11) stel selfs dat hierdie "gekontroleerde interpretasie" veiliger is as wanneer 'n leser 'n letterlike vertaling lees en sy eie interpretasies van die teks maak. Teenoor die klein moontlikheid van verkeerde verklaring deur die vertalers staan die werklikheid van verkeerd verstaan deur die lesers in die geval van die meer letterlike vertaling.

Dit is duidelik dat die dinamies-ekwivalente vertaalmetode self problematies kan wees. Die feit is egter dat daar by enige vertaling 'n mate van verklaring en interpretasie teenwoordig is. Tog erken die deputate dat die dinamies-ekwivalente vertaalmetode nie kan slaag om betekenis honderd persent weer te gee nie. Ten minste kan geen vertaling dit doen nie. In die hantering van die beswaarskrifte teen die gebruik van die 1983 vertaling word die leemtes van die dinamies-ekwivalente vertaalmetode erken en daar word selfs gelyk gegee dat die Skrifbeskoulike uitgangspunte van hierdie metode nie die toets van Skrif en belydenis self kan deurstaan nie, maar terselfdertyd wys die beswaardes nie waar hierdie afwykings in die teks van die 1983-vertaling na vore kom nie (ACTA, 2009:114-116). Die tergende vraag bly steeds of 'n verskuiwing in Skrifbeskouing plaasgevind het toe die kerke hierdie vertaling wat op die lees van die dinamies-ekwivalente metode geskoei is, aanvaar het. Uit die beswaar wat voor die Sinode gedien het, is nie aangetoon dat die aanvaarding van die 1983-vertaling aanleiding gee tot 'n vreemde Skrifbeskouing nie, alhoewel die leemtes van die bepaalde vertaalmetode aangetoon is. Feit is dat die leemtes van die vertaalmetode aanleiding gegee het tot die besluit om aan 'n brontaal-georiënteerde vertaling van die Bybel te werk en in die toekoms beskikbaar sal word (Snyman, 2003:191).

### 3.4.6. Samevattend.

In hierdie afdeling is ondersoek gedoen of die gebruik van die 1983-vertaling van die Bybel en die 2001-omdigting dui op 'n veranderde Skrifbeskouing wat in die GKSA posgevat het. Al

is Bybelvertaling en Psalmberyming twee selfstandige aspekte, is dit hier saam behandel, aangesien die besware op dieselfde Skrifbeskoulike gronde staan. Skrifbeskoulike aspekte wat geraak word is die eenheid van die Skrif soos dit in die aanduiding van Messiaanse gedeeltes gereflekteer word en die duidelikheid van die Skrif soos dit in die kwessie van gebruikte grondtekste en vertaalmetode gereflekteer word.

Uit die ondersoek aangaande die Messiaanse aanduidings in die Ou Testament het dit in die besluite van verskillende Sinodes duidelik geword dat die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament deur die kerke steeds erken en bely word. Daar is inderdaad Ou Testamentici wat 'n skeiding tussen die twee testamente bring deur aan te voer dat die Messiaanse duiding van 'n Ou Testamentiese gedeelte slegs interpretasie van die Nuwe Testamentiese kerk is. Die GKSA gaan van die standpunt uit dat die hele Ou Testament gerig is op die koms van die Messias, maar dat daar dan onderskei word tussen direkte en indirekte Messiaanse gedeeltes. Gesprek oor hierdie onderskeid raak die eksegese van die bepaalde gedeeltes en kan nie net gereduseer word tot die gebruik van hoofletters al dan nie.

Wat Bybelvertaling betref, is aangetoon dat die gebruikte grondteks en die gebruikte vertaalmetode nie 'n direkte effek op die beskouing van die duidelikheid van die Skrif het nie. Dat daar gedebatteer kan word oor watter grondteks die mees betroubare lesing bevat, staan vas. So staan die feit ook vas dat die dinamies-ekwivalente vertaalmetode nie die toets van die tyd kon deurstaan nie en daar weer terugbeweeg word na brontaal vertaling van die Bybel. Daar kan egter nie onteenseglik aangedui word dat die gebruik van die 1983-vertaling 'n verskuiwing in die beskouing van die duidelikheid van die Skrif beteken nie.

## *3.5. DIE GEBRUIK VAN KELKIES BY DIE VIERING VAN DIE NAGMAAL*

### 3.5.1. Inleidend.

Die gebruik van die gemeenskaplike drinkbeker by die viering van die Heilige Nagmaal is vir baie lank as 'n gegewe gebruik in die GKSA aanvaar. Op die sinodes van 1927 en 1930 het die kerke duidelik uitspraak gelewer teen die gebruik van afsonderlike kelkies en die bediening van die nagmaal in die banke. Tog het daar voortdurend vrae ontstaan oor die gebruik van kelkies tydens die viering van die Nagmaal en het die Sinode van 1994 studie deputate aangewys om studie oor die onderwerp te doen (ACTA 1994:524). Op die sinode van 2000 word in die deputaterapport 'n prinsipiële raamwerk voorgelê wat leiding aan die kerke kan gee aangaande hierdie vraagstuk.

Dit is nie op die weg van hierdie studie om in die fynere aspekte van die eksegese van bepaalde skrifgedeeltes in te gaan en uitsluitsel te gee nie, maar om te sien of daar enige Skrifbeskoulike verskuiwing in die kerke se benadering plaasgevind het in die behandeling

van hierdie saak. In hierdie afdeling sal daar dus gefokus word op die besluite van Sinode 2000 en die gepaardgaande hermeneutiese vertrekpunte wat in die deputate se rapport na vore gekom het.

**3.5.2. Verskillende wyses van Nagmaalviering.**

Deur die verloop van die kerkgeskiedenis is die Nagmaal op verskillende wyses gevier. By die ondersoek van die geskiedenis, word dit duidelik dat die Nagmaal deur verskillende kerke op verskillende tye op verskillende wyses gevier word (Van Wyk, 1991:245). Die verskillende wyses van Nagmaalviering kan soos volg opgesom word (Van Wyk: 1991:245-254):

- Die Christologiese viering – dit is die wyse van viering wat poog om so getrou moontlik aan die wyse van viering vas te hou soos Christus die nagmaal ingestel het. Die maaltyd karakter, die feit dat brood en wyn gebruik is, dat saam uit een beker gedrink is en die gebruik van ongesuurde brood moet hiervolgens in die Nagmaal na vore kom. Al die elemente is egter nie van dieselfde waarde nie, maar die gemeenskap met Christus en die gemeenskap met mekaar staan voorop.
- Die Calvynse viering – die deelnemers aan die nagmaal kom na die tafel en ontvang die brood en die wyn uit die hand van die predikant(e). Hierdie gebruik staan ook bekend as die wandelende nagmaal. Calvyn het ook nadruk daarop gelê dat daar in die viering van die Nagmaal onderskei moet word tussen fundamentele en middelmatige sake. So is die gebruik van gesuurde of ongesuurde brood en die kwessie van wit wyn of rooiwyn ’n middelmatige saak, maar om die Nagmaal slegs onder een teken te vier is ’n fundamentele saak.
- Die Zwingliaanse viering – die deelnemers bly in die banke sit en die brood en wyn word deur die diakens aan die gemeente bedien. ’n Kombinasie van die bediening in die banke en aan die tafel word in verskeie kerke gebruik. Hierdie metode voorkom ook die gevaar dat die tafel as ’n derde teken tot die wyn en die brood in die bediening van die nagmaal toegevoeg word.
- Die Albertynse viering – die deelnemers bly in die banke sit en die wyn word deur middel van klein bekertjies (kelkies) aan die lidmate bedien. Hierdie gebruik is vir die eerste keer in Suid-Afrika ingestel deur ds. Albertyn van die Nederduitse Gereformeerde kerk Riversdal op grond van praktiese oorwegings. By hierdie wyse van die nagmaalviering word die klem op die brood en die wyn geplaas en nie soseer op die manier waarop die wyn gedrink word nie. Die besware teen die gebruik van die beker is prakties van aard aangesien die beker moontlik onkies, onhigiënies en hinderlik kan wees.

- Die Aportanusiaanse viering – hierdie manier van viering wys op die wyse waar die deelnemers aan verskillende tafels sit en uit verskeie bekers drink. Hierdie manier is die metode wat tans die meeste in die Gereformeerde Kerke in gebruik is en kan teruggevoer word na die Nederlandse manier van nagmaalgebruik. Op hierdie manier kom die maaltyd karakter en die gemeenskaplike karakter van die Nagmaal duidelik na vore.

Oor die verskillende voordele en nadele van hierdie verskillende maniere van Nagmaalviering kan nog verder uitgewy word maar dit lê nie op die weg van hierdie studie nie. Hierdie uiteensetting dui daarop dat daar in die verskillende kerke deur die tyd wel verskillende maniere van Nagmaalgebruik voorgekom het.

### 3.5.3. Skrifgebruik en die wyse van Nagmaalviering.

In die debat rakende die gebruik van kelkies en die gemeenskaplike drinkbeker speel die Skrifgegewens 'n bepalende rol. Daar moet voortdurend gevra word na dit wat die Skrif oor hierdie saak openbaar. Wanneer dit by die wyse van Nagmaalviering kom moet daar gewaak word om bloot meganiese afleidings uit die betrokke tekste van die Bybel te maak om 'n standpunt teen en of vir die gebruik van kelkies te formuleer. Sinode 2000 was deeglik van hierdie feit bewus en het daarom eers 'n hermeneutiese besinning gedoen met die oog op tersaaklike Skrifgedeeltes (ACTA, 2000:387). Sake wat onder die loep gekom het was die volgende:

- Hoe daar in die eksegese proses onderskei word tussen indikatief en imperatief.
- Hoe word onderskei tussen die sentrum en periferie.
- Watter onderskeiding moet gemaak word tussen gegewens wat deskriptief is en die wat preskriptief is.

Aan die hand van bogenoemde word die bevindings opsommenderwys weergegee (ACTA 2000:388-396).

#### 3.5.3.1 Indikatief/imperatief.

Bogenoemde terme is in wese taalkategorieë maar word in die Gereformeerde teologie ook as openbaringskategorieë gebruik. Die twee begrippe dui dus twee fasette van die evangelie aan wat in die Skrif geproklameer word. Kortom kom dit daarop neer dat die terme dui op die heilsfeit (feit van die verlossing in Christus) en die voortvloeiende opdrag wat in die feit veranker is. Dus is die imperatief gewoonlik konkluderend op die indikatief. Die indikatief en die imperatief kan bepaal word deur die gebruik van stilistiese merkers en die bepaling van die retoriese konteks, die openbaringshistoriese konteks en die geheel van die Skrifkonteks.

3.5.3.2 Sentrum en periferie.

Wanneer besin word oor die terme sentrum en periferie moet van die staanspoor in ag geneem word dat dit gaan oor dit wat in die sentrum van die Skrif as ŉ geheel staan en dit wat in die sentrum van ŉ bepaalde Skrifgedeelte staan. In elke perikoop is ŉ sentrale openbaringsfokus (sentrum) en omliggende dele (periferie) wat na die sentrum verwys. Hier kan ook verwys word na hoofsaak en bykomende sake. Daar moet gewaak word dat die periferale sake nie as oorbodig beskou word nie, want op die een of ander manier hou dit verband met die sentrum. Daarom mag die periferie nie op ŉ afstand geplaas word nie (vgl. Jordaan, 2005:4-5).

3.5.3.3. Deskriptief en preskriptief.

Hierdie terme het nie werklik ingang in die hermeneutiek gevind nie en word merendeels in die etiek aangewend. Deskriptief dui hoe mense se sedelike lewe is en preskriptief hoe mense se sedelike lewe behoort te wees. Op die gebied van Skrifverklaring hou dit in dat sekere dele dinge net beskryf en ander dele as opdragte dien. Die gevaar om hierdie begrippe op die gebied van Skrifverklaring te gebruik lê daarin dat die deskriptiewe dele as minder belangrik en die preskriptiewe dele as meer belangrik beskou kan word. So word die deur oopgemaak dat die Skrif as ŉ tydgebonde boek beskou mag word. Dit hou ook die gevaar in dat sekere dele van die Bybel se gesag misken word en afgespeel word teenoor ander dele. Die deskriptiewe gedeeltes van die Skrif is net so gesagvol soos die preskriptiewe dele, aangesien dit steeds deel van God se openbaring in die geskiedenis is.

Uit die studie om duidelike hermeneutiese vertrekpunte te stel in die oorweging van die wyse van nagmaalviering, kon die deputate aanbevelings aan die Sinode doen. Die aanbevelings berus op wesentlike aspekte, seremoniële handelinge en kerkordelike vereistes.

Die wesentlike aspekte is dié wat te alle tye geld en universeel van aard is, terwyl die seremoniële handelinge dui op die sake wat nie wesentlik vir die viering van die Nagmaal is nie maar tog op simboliese wyse die wesentlike aard van die sakrament na vore bring.

Die wesentlike aspekte wat na vore kom is dat brood in die geloof geëet moet word as teken en seël van Christus se liggaam wat gebreek is. Verder moet wyn gedrink word as teken en seël van die bloed van Christus wat gevloei het. Alhoewel Christus nie in een van die instellingswoorde uitdruklik na wyn verwys nie, is die implikasie duidelik. Die laaste aspek wat wesentlik deel is van die viering van die Nagmaal is dat dit in woord en daad verkondig moet word (ACTA, 2000:397).

Uit die wesentlike aspekte van die nagmaal spruit die sakramentele handelinge voort wat die simboliese aard van die sakrament beklemtoon en na vore bring. Die handeling van die brood wat gebreek word simboliseer die feit van Christus se liggaam wat as offer gegee is. Die wyn wat uitgedeel word in drinkbekers wat gemeenskaplik gedrink word, simboliseer die gemeenskapskarakter van die Nagmaal. Die maaltyd karakter word deur die gemeenskaplike viering van die gemeente gesimboliseer (ACTA, 2000:398).

Op grond van hierdie beredenerings besluit die sinode dat die brood aan almal uitgedeel moet word met die opdrag "neem eet" en die wyn moet aan almal uitgedeel word met die woorde "neem en drink almal daaruit". Daarom het die beker saam met die wyn as teken 'n prominente plek en funksie (ACTA, 2000:401). Met hierdie aanbevelings is die gebruik van kelkies egter nie uitgesluit nie. Die Sinode besluit verder dat waar daar om gewigtige redes van die gemeenskaplike drinkbekers afgewyk word, moet dit met verantwoording uit die Skrif gedoen word. Dit wil dus voorkom of die Sinode op Skrifgronde aan die prominente plek van die beker vashou, maar dat daar wel ruimte is vir die afwyking daarvan, mits so 'n afwyking op Skrifgronde berus. Hoe haalbaar dit is om Skrifgronde wat die gebruik van die kelkies regverdig na vore te bring, is 'n ope vraag, maar tog is die Sinode 2000 huiwerig om 'n duidelike uitspraak vir of teen die gebruik van kelkies te maak. Wat die gewigtige redes mag wees, word ook nie duidelik uitgespel nie. Dit is verder tog duidelik dat die Sinode in die onderskeiding van wesentlike aspekte en seremoniële handelinge gepoog het om die hermeneutiese implikasie van die onderskeid tussen indikatief/imperatief en sentrum/periferie in ag te neem.

### 3.5.4. Die beker as teken?

In die sentrum van die debat oor die gebruik van kelkies by die viering van die nagmaal staan die vraag of die klem wat op die gebruik van die beker geplaas word nie aanleiding daartoe gee dat die beker as 'n derde teken verhef word nie (Van Wyk 1990:256-257). Die aanvaarde skriftuurlike gegewe is dat daar slegs twee tekens in die Nagmaal verkondig word wat as wesentlik vir die viering van die Nagmaal beskou word. Die brood dien as teken van die liggaam van Christus en die wyn as teken van die bloed van Christus (ACTA 2000:400, Van Wyk 1990:255, vgl. ook Grove, 1994:597). Wie die klem op die beker laat val ten koste van die vrug van die wingerdstok, verhef die beker tot 'n wesenselement van die Nagmaal, terwyl die gereformeerde belydenis in NGB art. 35 en Heidelbergse Kategismus net twee tekens vermeld naamlik brood en wyn.

Van Wyk (1991:255) waarsku teen die misbruik van die Skrif om 'n geykte Nagmaalspraktyk te sanksioneer wanneer dit by die gebruik van die beker kom. Dit is nie oortuigend dat daar soveel klem op die beker gelê word aan die een kant nie maar afgewyk word van ander

Skrifgegewens rakende die Nagmaal aan die ander kant. Volgens van Wyk (1990:256) is die wesentlike sake die bediening van brood en wyn en vorm die sakramentele handelinge deel van die middelmatige sake waaroor daar verskil tussen kerke kan bestaan. Wesentlik is brood en wyn en die houer(s) waaruit die wyn gedrink word sakramenteel van aard.

Wanneer die jongste besluit oor die viering van die heilige Nagmaal nagegaan word, is dit duidelik dat die Sinode 2009 (ACTA, 2009:535-562) ook hierdie onderskeid tref. In antwoord op twee beswaarskrifte teen die prinsipiële raamwerk van Sinode 2000 bevestig die sinode dat die wesentlike sake die brood en die wyn is en dat die gebruik van drinkbekers deel van die sakramentele handelinge is. Wat hiermee saam weer bevestig word, is die feit dat die gebruik van ('n) gemeenskaplike drinkbeker(s) dien om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer. Daarom het die drinkbeker saam met die wyn as teken 'n prominente plek en funksies (ACTA, 2009:247). Die beker word hierdeur wel nie op 'n onskriftuurlike manier tot 'n derde teken by die nagmaal verhef nie, maar die simboliese rol daarvan word beklemtoon. Die gemeenskaplike beker versterk die gemeenskaplike simbool wat wesentlik deel is van die viering van die Nagmaal.

### **3.5.5. Samevattend.**

In die besluite rondom die viering van die nagmaal en in besonder die gebruik van gemeenskaplike drinkbekers of afsonderlike kelkies, het die verskillende sinodes met verantwoordelikheid met die Skrif omgegaan. Daar is deeglik ondersoek gedoen na die hermeneutiese implikasie van die indikatief en die imperatief en die sentrum en periferale sake rakende die viering van die Nagmaal. Op Skrifgronde is deeglik aandag gegee aan die wesentlike sake en die sakramentele handelinge wat die viering van die nagmaal raak, sonder om die sake te vermeng. Die noodsaaklikheid van die sakramentele handelinge om die wesentlike aard van die simbool navore te bring, blyk duidelik uit die besluite van Sinode 2000 en 2009 . In hierdie gedeelte word dit duidelik dat daar nie 'n verskuiwing in die beskouing of die hantering van die Skrif na vore gekom het nie.

## *3.6. DIE PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK.*

### **3.6.1. Inleidend.**

Die saak van die vrou in die kerk, is seker die een saak wat die meeste omstredenheid en verskille in die GKSA veroorsaak het. Die besluite van die kerke wat in Sinode vergader is in die openbare pers gepubliseer en daar is ruim kommentaar gelewer op hierdie besluite. Dit was selfs 'n besprekingspunt op verskeie radio-programme. In hoofstuk 2 het dit reeds duidelik geword dat daar rakende hierdie saak diepgaande verskille na vore kom en dat dit in hierdie saak by uitstek rondom die saak van Skrifbeskouing en hermeneutiek gaan. Hier gaan dit nie net oor die verstaan van sekere skrifgedeeltes nie, maar oor die manier hoe

hierdie gedeeltes verklaar word in die lig van die geheel van die Skrif enersyds, en die plek wat die historiese agtergrond van die Skrifdele in die verstaan daarvan speel andersyds. Hier gaan dit inderwaarheid nie net oor die vraagstuk of vroue in die besondere dienste van die kerk mag dien nie, maar oor die manier waarop die Skrif verstaan en hanteer word om 'n antwoord op die vraagstuk te gee. Jordaan (1994:4) verwys in hierdie verband na die beswaarskrif van Klassis Boland aan die Nasionale Sinode 1994.

Die saak van die vrou in die kerk raak egter nie net die eksegetiese arbeid en verstaan van die Skrif nie, maar ook ander vlakke van die teologie. In die etiek raak hierdie vraagstuk die implikasie van gelykwaardigheid tussen mense, ook wat geslag betref (vgl. Vorster, 2007:248-277) en op pastorale gebied raak dit die roepingsbewustheid van vroue in diens van God se koninkryk. Vir die doel van hierdie studie word egter net op die skrifbeskoulike aspekte gefokus.

In hierdie afdeling van die studie word ondersoek gedoen na die Skrifbeskoulike aspekte wat na vore kom in die kwessie van die vrou in die kerk. Dit is noodsaaklik om te sien hoe die vraagstuk die kerke se standpunt raak oor die duidelikheid van die Skrif wat hierdie saak betref. Verder moet daar ook ondersoek gedoen word na die rol wat sosiohistoriese gegewens speel in die verklaring van bepaalde gedeeltes. In samehang hiermee moet aandag gegee word aan die openbaringshistoriese manier van Skrifverklaring en die implikasie daarvan op hierdie vraagstuk.

### 3.6.2. Vertrekpunte by die rapport van Sinode 1988.

Na studie van etlike jare lê die studiedeputate oor die vrou in die amp 'n rapport ter tafel wat die bevindings en aanbevelings voor die vergadering bring (ACTA, 1988:502-524). In hierdie rapport is daar op grond van verskeie Skrifgedeeltes aangetoon dat vroue nie in die besondere diens van ouderling en woordbedienaar kan dien nie en daar kan ook nie sonder teëspraak voldoende bewys word dat vroue tot die diens van diaken toegelaat kan word nie. Die rapport van die studiedeputate vloei voort uit die bylaag wat nie in die Handelinge van die Sinode opgeneem is nie, maar in die aanvullende agenda van die Sinode gepubliseer is (vgl. titelblad van Bylaag, Plek van die vrou in die kerk). In die bylaag word die geldende vertrekpunte in die studie uiteengesit wat betref Skrifbeskouing en hermeneuse. Die volgende vetrekpunte word in die bylae uiteengesit (ANON, 1988:6):

- Die Bybel as Woord van God spreek met die gesag van God. Hierdie gesag is onfeilbaar, absoluut en onaantasbaar. Die aantasting van die gesag van die Skrif lei daartoe dat sekere dele van die Skrif bloot as geskiedenis of 'n menslike belewenis van die geskiedenis gesien word. Met betrekking tot die vrou in die kerk het dit as voorbeeld tot gevolg dat die gegewens wat in die briewe van Paulus oor hierdie saak

gegee, word bloot getipeer word as die opinie van Paulus wat nie in die leefwêreld van vandag kan geld nie.

- Die gesag van die Skrif word begrond in die feit dat God deur en vanuit die Skrif tot sy kerk spreek. Wanneer die eksegeet vanuit hierdie raamwerk die Skrif benader, hou dit in dat hy nederig voor die gesag van God sal buig en naspreek wat God openbaar. Daarom begin die eksegese proses deur die gebed en word dit deur die proses gedra deur die gebed. Dit is nie die mens of die situasie wat aan die Bybel sy gesag verleen nie. Dit word nie eers konkreet wanneer dit deur die eksegeet konkreet gemaak word nie. Wanneer die basis van die Skrifgesag na die mens of die situasie verskuif, impliseer dit dat die Skrifdele wat beperkings op die plek van die vrou plaas bloot as irrelevant vir vandag afgemaak kan word.
- Die eenheid van die Skrif moet te alle tye in ag geneem word. Op grond van hierdie vertrekpunt staan die beginsel dat die Skrif sy eie verklaarder is en dat daar deur Skrif met Skrif vergelyking tot die regte verstaan van 'n bepaalde gedeelte gekom kan word. Nêrens in die Skrif weerspreek God Homself nie. Om tot die regte verstaan van die gedeeltes te kom moet die lig van duidelike gedeeltes gebruik word om die minder verstaanbare gedeeltes duideliker te belig.
- Saam met die eenheid van die Skrif moet daar tog ook erken word dat daar 'n duidelike verskeidenheid in die Skrif na vore kom. Die Skrif getuig ook van die verskeidenheid mense in hul bepaalde lewenstye en leefwêreld wat deur die Here gebruik is om sy Woord op Skrif te stel. Te midde van die verskeidenheid staan verskillende dele nie teenoor en in konflik met mekaar nie, maar kan juis 'n meer volledige prentjie van God se openbaring verkry word.
- Omdat die Bybel oor 'n lang tydperk geskrywe is, word die openbaringslyn van die Skrif al hoe duideliker. Met betrekking tot die besondere dienste hou dit die implikasie in dat daar 'n ontwikkeling was in die hoeveelheid en die werking van die ampte.
- Die vraag oor die tydgerigtheid van die Bybel raak die verskille aangaande posisies oor die vrou in die amp direk. Die Woord spreek die mens van alle tye aan, maar tog het die boeke van die Bybel nie tydloos in 'n vakuum ontstaan nie. Die Geesvervulde skrywers het in die tyd waarin hulle geleef het, geskrywe met die oog op spesifieke mense in die tyd. Daarom moet daar rekening gehou word met die taal, kultuur en idioom van die tyd waarin die geskrifte van die Bybel geskrywe is. Tog is die openbaring van God gerig op mense van alle tye en is dit nie vasgevang in sy eie ontstaantyd nie. Met betrekking tot die vrou in die amp gaan die tydgebonde standpunt van die vertrekpunt uit dat die Bybel in 'n patriargale, androsentriese

leefwêreld ontstaan het en derhalwe is die uitsprake oor die vrou en haar plek in die samelewing en die kerk nie meer vandag geldig nie.

In die res van die bylae word daar vanuit hierdie vertrekpunte eksegetiese ondersoek gedoen na al die verskillende tersaaklike skrifgedeeltes. In die rapport van die deputate word daar egter nie net aandag gegee aan die Skriftuurlike gedeeltes nie, maar ondersoek word ook gedoen na die plek van die vrou volgens die belydenis en kerkorde asook die kerkgeskiedenis. Op grond van hierdie vertrekpunte en die ander gegewens soos in die geskiedenis van die vroeë kerk en die belydenis na vore gekom het kom die Sinode tot die besluit dat (ACTA 1988:522):

"Vroulike lidmate moet – soos manlike lidmate – hulle gawes tot nut en saligheid van ander lidmate asook ongelowiges aanwend. Daartoe is hulle geroep in die amp van die gelowige en tot uitvoering van hierdie roeping hoef hulle noodwendig nie in die besondere diens te staan nie. Kerkrade dra die verantwoordelikheid om toe te sien dat die nodige ruimte bestaan vir lidmate om hulle gawes in die amp van die gelowige te kan aanwend."

**3.6.3. Beswaar van Klassis Boland teen die besluit van 1988**.

Hoewel daar nie spesifiek teen enige van die gegewens in die bylae beswaar gemaak word nie, dien 'n beswaarskrif van Klassis Boland op die sinode van 1994 teen die besluite van Sinode 1988. In die beswaar word ook erken: "die beslissende vraag rakende die vrou en die 'besondere dienste' is 'n hermeneutiese vraag" (ACTA 1994:468). In die beswaar word die Skriftuurlike houdbaarheid van die besluit van 1988 getoets en word gevra dat die besluit heroorweeg word. Die beswaar neem sy vertrekpunt eweneens deur die gereformeerde Skrifbeskouing en hermeneutiese uitgangspunte te vermeld (ACTA 1994:468). Die volgende kan genoem word:

- Die verlossingswerk van God in Christus is die sentrum van die Skrifopenbaring. Die werking van die besondere dienste lê nie in die sentrum van die Skrifopenbaring nie en daarom word die Skrif oorvra wanneer daar 'n Skriftuurlike antwoord oor hierdie saak gesoek word.
- Die Skrif is duidelik in alles wat nodig is vir ons saligheid. Die fundamentele duidelikheid van die Skrif oor die weg tot saligheid beteken nie dat die Skrif oor alles duidelik is nie. Daarom is dit nie in stryd met die Gereformeerde beginsel van die duidelikheid van die Skrif dat daar sekere dinge vir ons omstandigheide vandag moeilik is om te verstaan en onduidelik is nie.
- Die aanvaarde beginsel dat die Skrif in geheel die woord van God is en daarom deur Skrif met Skrif vergelyking duidelikheid verkry kan word, kan aanleiding gee tot

gedwonge harmoniserings. So word die verskeidenheid in die geheel van die Skrif ontken en gaan die historiese konkreetheid van die Skrif verlore.

- Die Skrif is alleen genoegsaam vir die weg tot saligheid. Verklaring van die Skrif vind plaas binne die konteks van 'n bepaalde tradisie en in ons geval binne die Gereformeerde tradisie. Omdat die klem op die weg tot saligheid val, is sake soos by voorbeeld die plek van die vrou in die besondere dienste toetsbaar en veranderbaar op grond van die Skrif. So gesien was die uitsluiting van die vrou uit die besondere dienste deel van die bepaalde tradisie in die tyd toe die Woord op Skrif gestel is.
- Die verklaring van die Skrif is die taak van die gemeenskap van gelowiges oor die wêreld heen. Om die verstaan in gemeenskap met ander moontlik te maak is die gelowiges afhanklik van die werking van die Heilige Gees. Daar kan nie individualisties of subjektivisties met die verstaan van die Skrif omgegaan word nie. Die vraag is in hoe 'n mate die Sinode van 1988 geïsoleerd oor hierdie saak gehandel het.
- Die konkrete omstandighede en lewenskonteks van vandag se gelowiges moet in berekening gebring word by die toepassing van die Bybelse gegewens. Daarom moet die verkiesbaarheid van vroue in die besondere dienste beoordeel word in die lig van die sosiale posisie wat hulle in die samelewing vandag beklee.

Die Sinode neem kennis van hierdie vertrekpunte van die beswaardes maar neem dit nie vir sy rekening nie. Die kommissie wat verder die beswaar hanteer beveel aan dat dit nie kan slaag nie, wat so deur die Sinode aanvaar word. Die afleiding kan hieruit gemaak word dat die besware van Klassis Boland nie tiperend kan wees vir die heersende Skrifbeskouing in die Gereformeerde Kerke nie.

Tog kan daar nie so 'n vereenvoudigde gevolgtrekking gemaak word nie. Die kerke wat in Klassis Boland resorteer is tog kerke waarmee die res van die Gereformeerde kerke in verband staan. Op 8 Maart 1994 kom 'n groep bekommerde lidmate bymekaar in die Gereformeerde Kerk Nylstroom om sake wat onrus in die kerkverband veroorsaak, te bespreek (Buys, 1994:3). G.J.C. Jordaan lewer by hierdie geleentheid 'n rede aangaande 'n grondverskuiwing wat klaarblyklik in die Gereformeerde Kerke plaasgevind het met betrekking tot Skrifbeskouing. In hierdie rede word swaar geleun op die beswaarskrif wat Klassis Boland ingedien het. Jordaan (1994:4) wys daarop dat die beswaar van Klassis Boland van die vertrekpunt uitgaan dat die Skrif oor die saak van die vrou in die amp nie duidelik is nie en so die leer van die duidelikheid van die Skrif in gedrang bring. In hierdie opsig moet daarop gewys word dat 'n verskraling van die duidelikheid van die Skrif wel afgelei kan word, waar die duidelikheid net beperk word tot die weg tot saligheid. Vanuit die

Gereformeerde Skrifbeskouing is dit tog duidelik dat die Skrif duidelik is oor die weg tot saligheid in Jesus Christus, die openbaring van God self en die geopenbaarde wil van God vir die gelowige. Hierdie standpunt van Klassis Boland word egter afgewys en kan nie as ‘n standpunt van die GKSA aangewys word nie.

**3.6.4. Die beswaar tydens Sinode 2003.**

Tydens Sinode 2003 kom weer eens ŉ beswaar van W.C. Vergeer en J.J. Janse van Rensburg ter tafel teen die besluit van 1988 (ACTA, 2003:545). In hierdie beswaarskrif word daar nie eers hermeneutiese vertrekpunte gestel nie maar direk beswaar gemaak teen die hermeneuse en Skrifgebruik van die Sinode 1988.

Die beswaardes poog om in 4 beswaargronde aan te toon dat die Sinode van 1988 se eksegese van bepaalde gedeeltes nie houdbaar is nie en dat die Skrif op ŉ ongeldige manier gebruik word. Die eerste twee beswaargronde raak die eksegese van bepaalde gedeeltes (vgl. ACTA, 2003:246) en die laaste twee beswaargronde handel oor ŉ bepaalde manier van Skrifgebruik. Rondom die eksegetiese bepalings wys die beswaardes daarop dat dit ŉ onbybelse vertrekpunt is dat alle mans hoof van alle vroue is en in die tweede plek dat daar vanuit ŉ onewewigtige hermeneutiese standpunt gewerk word as gestel word dat die swyggebod vir alle tye geldend is.

Die twee beswaargronde wat die Skrifgebruik van 1988 raak stel dat die Sinode die Skrif op ŉ kasuïstiese wyse gebruik het en dat die historiese agtergrond van die Skrif nie verreken is in die besluite oor die vrou in die besondere dienste nie. Met die kasuïstiese wyse van Skrifgebruik word bedoel dat die Skrif as ŉ wetboek hanteer word en dat iets net toelaatbaar is as dit letterlik in die Skrif staan. Wat die a-historiese gebruik van die Skrif betref, wys die beswaardes daarop dat die historiese agtergrond van die Skrif bloot as dekor gebruik word en geen invloed op die eksegese van die tersaaklike Skrifgedeeltes het nie. Dit het tot gevolg dat daar nie rekening gehou word met die tydgerigtheid van die Bybel nie.

In die behandeling van hierdie beswaarskrif beveel die kommissie aan dat die beswaarskrif nie kan slaag nie en dat die beswaardes nie voldoende aangetoon het dat Sinode 1988 onbybelse gevolgtrekkings op grond van hulle eksegese gemaak het nie en dat die Bybel nie op a-historiese wyse gebruik is nie. Die Sinode besluit wel dat daar voldoende aangetoon is dat die Skrif op kasuïstiese wyse gebruik is. Dit hou egter nie in dat die beswaar in sy geheel kan slaag nie (ACTA, 2003:554). In die lig van hierdie besluite van die sinode kan daar nie sonder meer gesê word dat daar ŉ verskuiwing in die ooreengekome Skrifbeskouing van die Gereformeerde Kerke gekom het nie. Wat wel duidelik word is dat daar verskil is in die gewig wat aan sekere eksegetiese aspekte gestel word. Aan die een kant word gevra wat die betekenis van ŉ bepaalde teks oor die vraagstuk van die vrou in die diaken amp stel. Die

klem val dus op die deel van die eksegese terwyl die geheel ook in ag geneem word. Aan die ander kant word daar vanuit die geheel van die eksegetiese gegewens klem geplaas, terwyl die deel tog ook in ag geneem word. Dit gee aanleiding tot die verskillende verstaan van dieselfde eksegetiese gegewens. In hierdie lig word dit duidelik dat daar nie 'n prinsipiële verskuiwing in Skrifbeskouing ingetree het nie, maar dat die gewig van verskillende eksegetiese bevindinge verskillend beoordeel word.

### 3.6.5. Die besluit van Sinode 2009.

In hoofstuk twee is reeds aangedui hoe die studie van die plek van die vrou in die kerk verloop het tot by Sinode 2009 waar daar 'n finale besluit geneem is (vgl. 2.6.8.). Die verband tussen die studie van die GTV en die aanbeveling van die studie deputate is ook reeds aangetoon. Tog moet daar weer eens ondersoek gedoen word na die Skrifbeskoulike standpunte van Sinode 2009. In die studie van die GTV en die rapport word uitgebreid gehandel oor die Skrifbeskouing en hermeneutiese vertrekpunte wat die studie onderlê.

Die vertrekpunte word bondig gestel sodat daar geen misverstand kan wees oor die Skrifbeskoulike uitgangspunte wat in die studie oor die vrou in die besondere dienste gestel word nie. Die Bybel word erken as die altyd geldende woord van die Here waarin Hy sy wil aan sy kerk bekend maak. Daar word erken dat die Bybel binne 'n bepaalde historiese konteks ontstaan het, wat dit wel tydgerig maak, maar dat die Bybel as Woord van die Here nie deur die tyd gebonde is nie (ACTA, 2009:605; Breed *et al,* 2008:37-43). Verder word erken dat die Bybel deur die Heilige Gees geïnspireer is en dat dit daarom nie die denke van mense oor God is nie maar die Woord van God self. Te midde van hierdie eenstemmigheid word daar tog twee uiteenlopende standpunte gestel. Die een positief en die ander negatief.

In die lig van hierdie aanbevelings is dit opmerklik dat die Sinode 2009 (ACTA, 2009:668) die verskil in die besluit na vore bring. By die besluit rakende die vrou in die besondere diens van diaken word gestel dat die besluit in die lig van die Skrif geneem is, maar by die besluit rakende die vrou in die dienste van ouderling en predikant word daar in die "lig van die behandeling van die Rapport..." besluit. Wyk die kerke hier van die beginsel "sola Scriptura" af? Aangesien twee teenoorgestelde standpunte die duidelikheid van die Skrif wel in gedrang sal bring en die Sinode tog die duidelikheid van die Skrif erken, is dit verstaanbaar dat hierdie besluit nie op grond van die Skrif geneem kon word nie, anders sou dit die hermeneutiese vertrekpunt van die Skrif se duidelikheid weerspreek. Vanuit 'n kerkregtelike hoek sal hier besin moet word of dit houdbaar is dat besluite op hierdie wyse geneem kan word. Dit val egter nie binne die bestek van hierdie studie nie.

Die vraag wat noodwendig hieroor gevra moet word is hoe dit moontlik is dat daar by twee sulke verskillende standpunte uitgekom word te midde van dieselfde vertrekpunt wat die

beskouing van die Skrif betref. Dit is opmerklik dat daar in die beredenering van hierdie teenoorstaande standpunte verskillende klem gelê word op die plek wat die sosiohistoriese konteks in die verstaan van bepaalde Skrifgedeeltes speel. Vraag is: in watter mate kan die sosiohistoriese konteks ŉ bepalende faktor in die betekenis van ŉ teks wees?

**<u>3.6.6. Sosiohistoriese agtergrond in die eksegese.</u>**

In die beswaar van Van Rensburg en Vergeer by Sinode 2003 word die stelling gemaak dat die Sinode van 1988 die historiese gegewens van bepaalde Skrifgedeeltes bloot as "dekor" of agtergrond gebruik en dat dit nie die regmatige invloed op die eksegetiese arbeid uitgeoefen het nie (ACTA 2003:548). Die miskenning van die sosiohistoriese agtergrond kom volgens die beswaardes daarop neer dat die Bybel op 'n a-historiese wyse gebruik word.

In die tyd van die reformasie is die verklaring en verstaan van die Skrif weer in die hande van die eksegeet geplaas en was dit nie meer ŉ aksie van die kerk nie (Kurpershoek, 1997:14). Die idee van die Verligting, met sy klem op die menslike vryheid en die rede het veroorsaak dat die inspirasieleer van die Skrif op die agtergrond geskuif het en die klem op die Bybelskrywers en hulle tyd meer beklemtoon is. Uit hierdie drang na die verstaan van die Bybelskrywers in hulle tyd het die historiese kritiek ontwikkel. Met hierdie benadering word van die vertrekpunt uitgegaan dat ŉ teks alleen verstaanbaar is wanneer die sosiohistoriese gegewens nagevors is (Kurpershoek, 1997:16).

In die kring van die GKSA is die sosiohistoriese benadering veral deur J.J. Janse Van Rensburg en W.C. Vergeer aan die orde gestel ( Van Rensburg, 1996, Vergeer, 1993). In ŉ artikel oor die vreemdelingskap in die eerste brief van Petrus sit Van Rensburg die metode en plek van die sosiohistoriese navorsing uiteen en maak die gevolgtrekking dat die sosiaal historiese gegewens uit die eerste eeuse samelewings en kerke die moontlikheid optimaliseer om die hele idee van die vreemdelingskap in sosiohistoriese reliëf te plaas (Van Rensburg, 1996:53). Dan word dit moontlik om ŉ akkurater beeld van vreemdelingskap te konstrueer en die implikasie daarvan in die situasie in die huidige Suid-Afrikaanse situasie toe te pas. Alhoewel die studie van die sosiohistoriese gegewens nie die vertikale dimensie van hoe God homself en sy wil aan sy volk bekend maak nie moet dit steeds in die bestudering van die historiese konteks na vore gebring word. Kurpershoek (1997:44) stel in kommentaar op die benadering van Van Rensburg dat die historiese gegewens bepalend gemaak word in die proses van eksegese en dat dit juis om hierdie rede ŉ totale oorheersende rol in die proses van eksegese speel.

Hieruit kan dus die afleiding gemaak word dat dit wel moontlik is om die voorveronderstelling te konstateer dat die Bybel tydgerig is en nie tydgebonde nie, maar dat die tyd gerigtheid van die Bybel in die proses van eksegese dan oorbeklemtoon word. Met betrekking tot die debat

oor die vrou in die besondere ampte wil dit tog voorkom of dit in sekere gevalle wel die geval kan wees. In sy verklaring van 1 Tim 2:9-15 stel Van Rensburg (1993:1881) dat Paulus nie die beperkinge op vroue sou gelê het as die samelewingsposisie van die vroue nie so drasties (soos vandag) van die van mans verskil het nie. In dieselfde trant verklaar Vergeer (1999:1637) oor dieselfde verse dat alhoewel Paulus die herstelde posisie van die vrou beklemtoon, wil hy nie die sosiale orde van die dag omvergooi nie, want dit sou die Christene se vermoë om rustig en stil te lewe, as voorbeeld van die lewe in Christus, ernstig benadeel.

Alhoewel hierdie benadering nie op die rekening van enige kerklike vergadering van die GKSA geplaas kan word nie en derhalwe nie as 'n standpunt van die GKSA gestel kan word nie, word hierdie benadering ook gesien in die rapport wat voor die Sinode 2009 gedien het in die deputate se siening wat ten gunste van die oopstelling van al die besondere dienste was. Hierdie benadering word deur Jordaan (2001:4) ten sterkste afgewys. Volgens hom word die sosiohistoriese konteks op hierdie manier ingespan om die Bybel te laat buikspreek deurdat daar dan iets anders bedoel word as wat daar geskrywe staan. In sy ergste vorm kan daar dan beweer word dat geen gesagsreëling wat in die Bybel gegee word vandag meer ernstig opgeneem kan word nie aangesien dit die patriargale verlede van die ontstaanstyd van die geskrifte weerspieël (Jordaan, 2001:4). In hierdie lig moet gewaak word dat die daar nie deur die oorbeklemtoning van die sosiohistoriese gegewens 'n ongeldige verklaring van 'n bepaalde Skrifgedeelte gegee word nie.

**<u>3.6.7. Die duidelikheid van die Skrif.</u>**

'n Aspek wat direk in die besluite oor die vrou in die besondere dienste na vore kom is, of die duidelikheid van die Skrif gehonoreer word al dan nie. Met die eerste oogopslag wil dit voorkom of twee teenoorstaande standpunte oor 'n saak die duidelikheid van die Skrif in gedrang bring. Die vraag wat hieruit na vore kom, is of dit nie juis hier is waar 'n verskuiwing in die Skrifbeskouing in die Gereformeerde kerke plaasgevind het nie. Soos reeds aangetoon in die beswaarskrif van Klassis Boland is daar dié wat van mening is dat die duidelikheid van die Skrif beperk is tot die weg tot saligheid en nie oor ander sake wat op die periferie van die openbaring lê nie. In die studierapport wat voor Sinode 2009 gedien het, word egter erken dat die duidelikheid van die Skrif deur albei standpunte gehonoreer word. Die verskil in standpunt gaan nie daaroor dat daar verskil word oor die duidelikheid van die Skrif nie, maar lê op die vlak van eksegetiese sintese (ACTA, 2009:664). Hiermee word erken dat die eksegeet self sondaarmens is wat nie enige gesag aan sy eie verklaring en hermeneuse kan gee nie, maar dat dit deur die Skrif self gekontroleer moet word (Breed, *et al,* 2007:41). Die erkenning is dus duidelik gemaak dat die verskil in standpunt nie die gevolg is van die onduidelikheid van die Skrif nie, maar die twyfel onder verklaarders wat self in die bedeling van die sonde leef (vgl. Breed, et al, 2007:41).

### 3.7.7. Samevattend.

Uit die ondersoek na die rol van Skrifbeskouing in die debat rondom die plek van die vrou in die kerk het dit duidelik geword dat daar wel Skrifbeskoulike aspekte is wat onderliggend aan die vraagstuk is. Die Sinode van 1988 het 'n duidelike besluit met duidelik uiteengesette Skrifbeskoulike en hermeneutiese standpunte geneem. In die besware wat gelig is, het daar Skrifbeskoulike besware met betrekking tot die hantering van die Skrif en die historiese agtergrond van die Skrif na vore gekom. Hierdie besware is deur die daaropvolgende sinodes afgewys. Die hantering van die historiese agtergrond van die Skrif in die proses van eksegese het ook aan die orde gekom en dit is duidelik dat die kerke tog erns gemaak het met die inagneming van die sosiohistoriese agtergrond van die Skrif. Daar moet egter gewaak word dat die sosiohistoriese agtergrond nie die sleutel tot die verstaan van sekere tekste word nie. Die duidelikheid van die Skrif word regdeur die besluite van die Sinode erken. Die verskillende gevolgtrekkings wat gemaak word, is nie gegrond in 'n opvatting dat die Skrif onduidelik is nie, maar is te wyte aan 'n verskil in eksegetiese sintese. In die lig hiervan kan nie sonder meer gesê word dat daar in die GKSA 'n verskuiwing of afwyking van die Gereformeerde Skrifbeskouing plaasgevind het nie.

## *3.7. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING.*

Die doel van hierdie hoofstuk is om ondersoek in te stel na die rol wat Skrifbeskouing in die verskille in die GKSA speel. Om hierdie ondersoek te doen, is eers gepoog om 'n definisie van 'n gereformeerde Skrifbeskouing op grond van die Skrif self en die belydenis te formuleer. Die volgende definisie kan gegee word:

'n beskouing van die Skrif wat erken dat die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament in die Bybel die organies geïnspireerde Woord van God is waardeur Hy Homself, in so verre dit Hom behaag, sy wil en die weg tot saligheid deur Jesus Christus alleen aan sy kerk bekend maak. Alhoewel hierdie openbaring onderskei word in die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament vorm dit 'n eenheid in Jesus Christus wat die weg van saligheid, die reël van die geloof en die wil van God volkome, genoegsaam en duidelik aan sy kinders bekend maak (vgl. 3.2.8).

Uit hierdie definisie is kriteria saamgestel waaraan die besluite van sinodes getoets kon word.

Die volgende bevindings kan gemaak word:

- **Erken die besluite die feit dat die Bybel die Woordopenbaring van God is?**

In al die geskilpunte word ten volle erken dat die Bybel die Woordopenbaring van God is.

- **Neem die besluite die eenheid van die Skrif in ag?**

Hierdie aspek is veral van belang in die debat rondom die Psalmomdigting en die 1983-vertaling van die Bybel. Daar is aangetoon dat die kerke die eenheid tussen die Ou

Testament en Nuwe Testament erken. Tog word die eie aard van die twee testamente ook erken en onderskei. In die debat rondom die Messiaanse duiding van die Ou Testament is hierdie benadering van groot belang. Die kerke erken die Messiaanse karakter van die hele Ou Testament, maar wil uit respek vir die teks dit nie met hoofletters aandui nie. Hier speel die debat rondom die direkte en indirekte messiaanse duiding ook ŉ belangrike rol.

- **Word die duidelikheid van die Skrif aangaande die wil van God in die besluite sigbaar?**

Die duidelikheid van die Skrif word in al die gevalle van die verskille erken. Hierdie aspek is veral belangrik in die debat oor die plek van die vrou in die kerk. Alhoewel daar verskil is in die gevolgtrekkings wat gemaak word, is dit nie te wyte aan die Skrif wat onduidelik is nie, maar aan die verskillende verstaanwyses van die eksegetiese gegewens. Dit dui ook op die gebrokenheid van die eksegeet en sy arbeid. Hierdie verskille kan die gevolg wees van die klem wat daar op die sosiohistoriese gegewens geplaas word. Die gevaar is aangetoon dat die tydgerigtheid van die Bybel hierin oorbeklemtoon kan word en dat dit gevolglik die verskil in eksegetiese bevindings kan veroorsaak.

- **Word die organiese inspirasie van die Skrif deur die besluite gehonoreer?**

Die organiese inspirasie van die Skrif kom in geen een van die verskilpunte in gedrang nie.

- **Word die volkomenheid en genoegsaamheid van die Skrif na vore gebring?**

Daar is ook geen verskil oor die genoegsaamheid en die volkomenheid van die Skrif nie.

Hieruit is dit duidelik dat daar nie ŉ verskuiwing in die Skrifbeskouing van die GKSA in gesluip het nie. Die verskille wat bestaan kan terug herlei word na die verskil in eksegetiese bevindings. Die eksegetiese bevindings word egter nie net deur die Skrifbeskouing bepaal nie, maar uit ŉ verskeidenheid ander vertrekpunte. In die volgende hoofstuk word nader ondersoek gedoen na hierdie vertrekpunte of paradigmas.

# HOOFSTUK 4

# DIE INVLOED VAN PARADIGMASKUIWE IN DIE VERSKILLE IN DIE GKSA

## *4.1. INLEIDING.*

In die besluite wat aanleiding gee tot die verskille wat tans in die GKSA heers word die Skrifbeskoulike uitgangspunte en die hermeneutiese vertrekpunte wat onderliggend aan die besluite lê uitgebreid verantwoord. Hierdie vertrekpunte staan egter nie los van die tydsgees en leefwêreld van vandag nie. Die tydsgees dui op die denkraamwerk of paradigma waarbinne die wetenskap van die teologie beoefen word en waarbinne die kerk in die samelewing funksioneer.

ŉ Verskuiwing in die paradigma waarbinne die samelewing en die kerk funksioneer, het in die afgelope dekades onmiskenbaar geword (Smit & Vorster, 2000:515). Hierdie verskuiwing in paradigma is egter nie op georganiseerde manier deur ŉ individu geskep of deur ŉ groep beplan nie, maar groei eerder tot rypheid binne die konteks van ŉ veranderende samelewing as gevolg van verskeie sosiale en wetenskaplike faktore. Binne die konteks van hierdie veranderinge het die GKSA steeds op grond van die Skrif oor bepaalde sake besluit. Die vraag wat hieruit spruit is in watter mate die verskuiwing in paradigma wat in die samelewing en kerk plaasgevind het, in die besluite van die kerke neerslag vind al dan nie.

Om hierdie vraag te antwoord sal daar eers ondersoek gedoen word na paradigmaverskuiwings wat plaasgevind het. Daarna sal gepoog word om aan te toon in watter mate hierdie verskuiwings neerslag vind in die manier hoe die kerke die Skrif hanteer. Aandag moet ook gegee word aan die plek en geldigheid van die Gereformeerde belydenis as ŉ bepaalde denkraamwerk waaruit die Skrif benader word. Om aan hierdie doelstelling te beantwoord sal daar nie weer afsonderlik na die besluite van die sinodes gekyk word wat onderliggend aan die verskille in die GKSA is nie, maar daar sal gepoog word om tendense soos dit in die verskillende skrywes na vore kom, aan te toon.

## *4.2. PARADIGMAS EN PARADIGMAVERSKUIWING.*

### 4.2.1. Die verandering in denkraamwerk.

ʼn Paradigma word deur Kuhn, wat die term vir die eerste keer in wetenskapsbeoefening gebruik het, as universele wetenskaplike prestasies wat vir ʼn tyd lank ʼn model daarstel om oplossings aan ʼn gemeenskap wetenskaplikes te lewer, gedefinieer. (Kuhn, 1970:viii). Op grond hiervan impliseer ʼn paradigma dus die werklikheidsbeskouing wat die wetenskaplike se uitgangspunte en benadering tot die veld van ondersoek bepaal (Vorster, 1999:101). Hierdie benadering is egter nie net beperk tot die natuurwetenskappe nie maar vind ook neerslag in die beoefening van die teologie, veral met betrekking tot die hermeneutiek en Skrifverstaan. Die benadering van paradigmaskuiwe word ook met vrug in die ekklesiologie en missiologie aangewend.

Vorster (1999:101) wys daarop dat die benadering van verskillende paradigmas ook nie ongekwalifiseerd in die teologie toegepas kan word nie. Die prinsiepes wat self deur Kuhn en sy volgelinge aangebied word, moet in die teologie ook verreken word. Die teoloog benader sy studieveld nie objektief, onbelas en neutraal nie. Met betrekking tot die hermeneutiek is dit dus noodsaaklik dat die lewensbeskoulike vertrekpunte van ʼn bepaalde historiese tydvak duidelik gestel word.

Die verskuiwing van denkraamwerk of paradigma vind plaas wanneer bepaalde vertrekpunte nie meer antwoorde bied op bestaande realiteite nie (Kuhn, 1970:111). Die navorser begin nuwe terreine ontgin, dan vind hy nuwe sleutels om ʼn nuwe werklikheid te ontgin. Hierdie verskuiwings kan in drie kategorieë ingedeel word, naamlik makro- meso- en mikroverskuiwings. Makroverskuiwings vind plaas wanneer ʼn verandering in wyse van denke plaasvind. Verskuiwing op mesovlak vind plaas wanneer die denkrigtings wat uit die denkwyse groei verander en die verskuiwing op mikrovlak raak die verskillende tradisies wat uit die denkrigtings na vore kom (Vorster, 1999:102). Hierdie verskillende vlakke van verskuiwing vind ook op verskillende maniere plaas. Verskuiwings op mikrovlak vind gereeld en selfs deurlopend plaas terwyl verandering van denkrigting minder gereeld plaasvind en die op makrovlak die mens in sy totaliteit raak en derhalwe selde plaasvind. Met hierdie verskillende vlakke van paradigmaverskuiwings in gedagte, is dit vanselfsprekend dat die invloed daarvan op die samelewing in mindere of meerdere mate sigbaar sal wees. ʼn Verskuiwing in denkraamwerk op makrovlak sal noodwendig meer ingrypende gevolge vir die samelewing en daarom ook vir die kerk hê as wat ʼn verskuiwing op mikrovlak sal hê. Om hierdie rede is dit nodig om vas te stel op watter vlak verskuiwinge ten opsigte van die verstaan van die Skrif in die GKSA plaasgevind het.

### 4.2.2. Die verskuiwing na die postmodernisme.

In die geesteswetenskappe word daar aanvaar dat daar aan die einde van die twintigste eeu 'n verskuiwing op makrovlak plaas gevind het. Hierdie verskuiwing kan getipeer word as 'n verskuiwing van die modernisme na die postmodernisme. Die verskuiwing werk vanuit die grondmotief dat die geskiedenis in verskillende tye van leefwêreld en denkraamwerk ingedeel kan word. Die tye word genoem die premodernisme, modernisme en postmodernisme (Vorster, 1999:103). Opsommenderwys kan hierdie verskillende tydperke soos volg weergegee word.

- Die premodernisme se grondmotief was die gedagte dat alles beheer word deur die metafisiese. Die rede (denke van die mens) is beheers deur die religieuse. In hierdie tyd is godsdiens hoog geag, die mens- en kultuurbeskouing was pessimisties en die lewenstyl was gerig op basiese dinge soos kos , bestaan en voortbestaan. Hierdie lewenswyse is beheer deur die metafisiese en die godsdiens. Dit het veroorsaak dat die samelewing kerksentries geleef en gedink het. Dit het aanleiding gegee tot die oorheersing deur die pous en die Rooms Katolieke kerk.
- Met die aanbreek van die Renaissance het 'n verskuiwing op makrovlak plaasgevind toe die dominansie van die metafisiese geleidelik bevraagteken is. Hierdie bevraagtekening het uitgemond in die Verligting, toe die rede (denke) die grondmotief vir die mens se bestaan geword het. Waar die premodernisme 'n pessimistiese beskouing van die mens en sy vermoë gehad het, was dit in die modernisme die teenoorgestelde. Die mens is gesien as die bepaler van sy eie bestemming. Die klem op die mens het veroorsaak dat die klem gaandeweg verskuif het van die godsdiens en die kerk na die mens se eie belang. Leerstellings is verwerp of met nuwe inhoud gevul. In hierdie tyd is die Skrif onderwerp aan Skrifkritiek en is die gesag van die Bybel as Woord van God gaandeweg ontken. Die historiese kritiek as hermeneutiese metode en eksegese het in hierdie tydperk geweldig veld gewen met sekularisme as die noodwendige gevolg daarvan (Kaiser en Silva, 1994:32-33).
- Die bevrydingstryd en die skok van twee wêreldoorloë het veroorsaak dat 'n derde paradigma verskuiwing plaasgevind het. Die denkraamwerk wat die mens en sy rede in die sentrum geplaas het, moes ruimte maak vir 'n denkraamwerk waarin kultuur, godsdiens en gemeenskap in die sentrum geplaas word. Die individualisme van die modernisme het hiermee tot 'n einde gekom en plek gemaak vir die opkoms van die postmodernisme. Die postmodernisme het hom verset teen die mag van die rede, wetenskap en tegnologie en die groot super sosiale strukture wat dit tot gevolg gehad het. Die eg menslike soos ervaring, menslikheid, verskeidenheid en relatiwiteit van

die waarheid word op die voorgrond gestel. Die gevolg hiervan is dat die postmoderne tydgees gekenmerk word deur negatiwiteit. Alles wat seker was is nou onseker en die mens se eie ervaring word die bepaler van die werklikheid. (vgl. Steenekamp & Van Aarde, 1991:475).

Die verskuiwings wat plaasgevind het kan soos volg saamgevat word (Vorster 1999:103):

In die premoderniteit het die geloof in die afhanklikheid van die metafisiese die lewe van die mense beheer. In die moderniteit gaan dit om die dominansie van die menslike rede met sy gevolglike wetenskaplike, tegnologiese en makro-sosiale stelsels. Hierteenoor wil die postmoderniteit uitgaan van die dominansie van die menslike ervaring.

Uit die aard van makroparadigmaverskuiwings is dit noodwendig so dat die kerk nie daardeur onaangeraak gelaat word nie. Die verskuiwing van die premodernisme na modernisme het groot teologiese gevolge gehad, net soos die verskuiwing van modernisme na postmodernisme vandag het. Dit lê op die weg van hierdie studie om ondersoek te doen in watter mate hierdie verskuiwing die kerke geraak het in besluite wat geneem is.

## *4.3. POSTMODERNISME EN DEKONSTRUKSIE.*

### 4.3.1. Die verskuiwing na postmodernisme in die hermeneutiek - dekonstruksie.

Soos reeds vermeld, het die beoefening van die teologie nie die makroparadigma verskuiwing na die postmodernisme vrygespring nie. Hierdie nuwe denkraamwerk het sy invloed uitgeoefen in verskillende dissiplines van die teologie. Uit die aard van die saak het dit ook sy neerslag in die hermeneutiek gevind. Die postmoderne benadering in die hermeneutiek manifesteer in die verskyning van die dekonstruksie soos dit deur die Franse filosoof Jacques Derrida ontwikkel is. Die dekonstruksie kan derhalwe nie as 'n eksegetiese of selfs hermeneutiese metode getipeer word nie, maar eerder as 'n benadering of tipe denkwyse (Steenekamp & Van Aarde, 1991:478). Die dekonstruksie gaan van die standpunt uit dat die outeur van 'n teks dood is en dat betekenis deurentyd verplaas word na die leser. Dit kom daarop neer dat die skrywer se effek geleë is in dit wat die leser daarvan maak (Steenekamp & Van Aarde, 1991:485; Jordaan, 1999:9). Die bedoeling wat die outeur met 'n bepaalde teks het, is nie haalbaar om te verstaan nie en dit is in elk geval irrelevant want die taal bring voortdurend by die lees en herlees van 'n teks nuwe betekenis voort.

Die verband tussen die dekonstruksie en die postmodernistiese denkskuif het verreikende gevolge vir die hermeneutiek gehad. Dit het in die eerste plek veroorsaak dat die teks van die Bybel nie as deskriptief geag word nie maar in homself kreatief. Die betekenis van 'n Bybelse teks hang van die leser af. Dit veroorsaak dat die interpretasie van die Bybel verhef word tot 'n herskryf van die Bybelse teks binne 'n nuwe lewenskonteks. Betekenis is daarom nie iets vas nie, maar 'n beweging tussen die Bybelteks en die herskrewe teks. Dit het die gevolg dat

die hermeneutiek eintlik 'n voortdurende soek na nuwe betekenisse van 'n bepaalde teks kan wees.

Uit hierdie beskrywing is dit duidelik dat die dekonstruksie die hermeneutiek in die besonder raak. Die benadering van die dekonstruksie misken die bestaan van enige werklikheid buite taal. Net dit wat in taal beskryf kan word, bestaan werklik. Die gevolg van hierdie siening is dat God eintlik die skepsel van taal geword het. Die openbaring van God is dan geen openbaring nie maar eintlik net die taalproduk van mense deur die eeue wat die tekste gelees en herlees het. Hierdie benadering veroorsaak dus dat die Bybelse eksegese en hermeneuse in wese op losse voet staan want tekste is in hulle self betekenisloos (Jordaan, 1999:13).

Die gevolge hiervan vir die Skrifbeskouing is ewe verreikend. Die postmodernisme wys weg van 'n "book religion" en lei die leser van die Bybel om vanuit sy geestelike ervaring by 'n relevante betekenis van die teks uit te kom (Haroldt, 1998:468). Daarom is die Bybel nie 'n boek met die vasgelegde openbaring van God aan sy kerk nie, maar 'n voorbeeld van hoe mense in die verlede oor God gedink het en Hom beleef het. Hierdie benadering tot die teks van die Bybel bring die leser/verklaarder/interpreteerder by die punt waar hy die geestelike realiteit van die Bybel met die wêreldse realiteit van ons daaglikse bestaan moet versoen. Die wêreldse realiteit weeg die swaarste met die gevolg dat die Bybelse gegewens aangepas moet word deur herinterpretasie om met hedendaagse wêreldse realiteite rekening te hou (Haroldt, 1998:468).

### 4.3.2. Reaksie vanuit die geledere van die GKSA.

Uit die geledere van die GKSA is die verskynsel van 'n makroparadigma skuif raakgesien en is daar op ekkelsiologiese vlak verantwoording oorgegee. Uit die ekklesiologiese gebied van die teologie het Vorster en Smit (2000:515-533) veral tydens die wending van die eeu gepoog om 'n verantwoording te gee vir die plek wat Gereformeerde identiteit in 'n postmoderne samelewing sal inneem. In die artikel word die realiteit van 'n postmoderne samelewing duidelik uitgespel. Vryheid van denke, vryheid van uitdrukking en die algemene kultuur van menseregte is die uitgangspunt van die mense in die hedendaagse samelewing. Hierdie gegewe gee aanleiding daartoe dat die indiwidu in wese oorwaardeer word. Die kerk, tradisie of belydenis staan nie meer in die weg van die indiwidu met sy eie vryheid nie (Smit & Vorster, 2000:519).

Tog word die verskynsel nie net negatief beoordeel nie. Die opkoms van die postmodernisme het 'n verset teen die mag van die rede en wetenskap en bring weer 'n die eg menslike kwaliteite van die gevoel en ervaring van die indiwidu na vore. Daar is 'n wegbeweeg van simplistiese wit-swart, reg-verkeerd skemas en in die plek daarvan word die waarde-oordele

van die mens weer in die sentrum geplaas. Die fokus val toenemend op die mens self met sy voorveronderstellings, sy uitgangspunte en sy gevoel en spiritualiteit (Smit & Vorster, 2000:519). Die gegewe is duidelik in hierdie artikel. Die GKSA is nie gevrywaar van die postmodernisme nie, dit het die paradigma van ons tyd geword.

Die verskuiwing na die postmodernisme het die manier van dink, oor die kerke en in die kerk, ten diepste geraak. Ou opgewarmde dogmatiek in die prediking moet ruimte maak vir meer interaktiewe woordbedieningsmodelle. In die liturgie van die erediens moet die gemeenskap met God deur die werking van die Heilige Gees ervaar word. In die kerk moet daar warmte wees en die behoefte na gemeenskap van gelowiges moet sigbaar word. Die kerk is vir die postmoderne mens nie meer 'n onpersoonlike geloofsfabriek nie, maar daar moet aandag gegee word aan die kleiner gemeenskaplike geloofsbelewing in die kerk. Die plek wat elke gelowige in die liggaam van Christus inneem, moet in hierdie tyd weer in die besonder aandag geniet.

Hierdie aspek van die postmodernisme raak een besondere besluit van die GKSA, naamlik die van die besondere plek van die vrou in die kerk. Aangesien daar 'n groter klem op die plek van die indiwidu in die gemeenskap van gelowiges geplaas word, moet die kerk nuut dink oor die plek van die vrou in die kerk. In die besluite van 1988 wat oor die plek van die vrou in die amp gehandel het, is die gegewens oor die rol wat bepaalde vroue in die kerk van die Here gespeel het, aan die orde gestel. Vroue was betrokke by die hele funksionering van die gemeente in die vroeë Christelike kerk en daarom is dit belangrik dat daar nuut gedink word oor die plek van al die lidmate in die GKSA. Met hierdie vertrekpunt in gedagte kan daar met reg gevra word of die besluite rakende die plek van die vrou in die kerk, al is dit in 'n geringe mate, rigting bied aan hierdie aspek. Die besluite van 1988, 2003 en 2009 wys ongelukkig dat daar nie hierin rigting gegee word nie. Deputaterapporte het hulle voortdurend besig gehou met die vraag of die vrou op grond van Skriftuurlike gronde in die besondere dienste van diaken, ouderling en predikant mag dien. In die minderheidsrapport wat nie op Sinode 2006 se tafel gedien het nie, word hierdie versugting treffend gestel. "Hierdie aanbevelings sê niks van die plek en rol van duisende vroue in ons kerke wat nooit in die diens sal staan nie, al sou dit vir vroue oopgestel word. Gaan ons hulle ook verwaarloos soos wat die duisende mans verwaarloos word wat nie in die besondere diens staan nie (ACTA, 2006:459)?"

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die GKSA wel van uit 'n ekklesiologiese perspektief poog om met die paradigmaverskuiwing van die modernisme na die postmodernisme rekening te hou. Alhoewel die postmodernisme as heersende paradigma en hermeneutiese vertrekpunt, in stryd is met die Gereformeerde Skrifbeskouing, is dit 'n realiteit waarbinne die GKSA moet kerk wees. Binne hierdie realiteit moet die waarheid van God se Woord duidelik verkondig

word. Dit val wel op by die bestudering van rapporte en beswaarskrifte rakende die besluite wat spanning veroorsaak word dat nêrens in die vertrekpunte ŉ verantwoording gegee word oor hoe die tydsgees die besondere aanbevelings en besluite raak nie.

### 4.3.3. Anomalieë in die hermeneuse?

Die ekklesiologiese implikasies van die paradigmaverskuiwing na die postmodernisme konfronteer die kerk met die realiteit van lidmate se belewing van en meelewing in die kerk. Dit vra dat daar ondersoek gedoen moet word na die manier waarop die Skrif hanteer word en of dit die paradigmaskuif in ag neem. Dit is opmerklik dat die verskuiwing na die postmodernisme veral die besluit rakende die vrou in die besondere dienste raak. In aansluiting by die paradigmateorie van Kuhn voer Vergeer (2002:661-689) aan dat daar bepaalde anomalieë bestaan in die besluite van spesifiek Sinode 1988 ten opsigte van die toepassing van hermeneutiese beginsels wat algemeen in Gereformeerde kerke aanvaar word.

Dit is egter eers nodig om die begrip anomalie reg te verstaan voordat daar gesien kan word watter anomalieë volgens Vergeer in die betrokke besluit bestaan. Kuhn (1970:13-22) dui aan dat daar in wetenskaplike denke ŉ bepaalde patroon sigbaar is.

- In die *pre-paradigmatiese periode* kom daar nog baie botsende standpunte na vore, aangesien daar nog nie ŉ heersende paradigma is wat as gemeenskaplike denkraamwerk dien waaruit die wetenskap beoefen word nie.
- In die *normale wetenskap-periode* word die wetenskap beoefen binne die ruimte van ŉ bepaalde gemeenskaplik aanvaarde denkraamwerk. Hierdie denkraamwerk bepaal hoe die wetenskaplikes die werklikheid sien en bepaal vervolgens hulle teorie-vorming. Skerp geformuleerde reëls en gesagsaansprake van die heersende paradigma word gebruik om dit in stand te hou.
- In die *revolusionêre wetenskap-fase* begin die bestaande paradigma wankel aangesien daar meer en meer raaisels na vore kom wat blyk binne die heersende paradigma onoplosbaar te wees. In hierdie fase tree anomalieë na vore as verskynsels wat oënskynlik in stryd is met die normale wetenskapsbeoefening binne die heersende denkraamwerk.

Vergeer (2002:663) gebruik hierdie insigte van Kuhn om die kwessie van die vrou in die besondere dienste te beoordeel. Hy gebruik die besluite van 1988 en die gepaardgaande bylae as heersende paradigma. Die vraag is of daar rakende hierdie kwessie ŉ tydperk van revolusionêre wetenskapsbeoefening in die GKSA begin het.

Die vertrekpunt wat Vergeer neem is dat die teks (die betrokke Bybelgedeeltes) 'n menslike kommunikasiehandeling is wat tog op wonderbaarlike wyse 100% die geïnspireerde openbaring van God is. Die implikasie hiervan is dat die teks op sigself betekenis het maar dat dit op die weg van die leser lê om met behulp van geldige wetenskaplike metodes die boodskap van die teks te formuleer. Die anomalieë wat aangedui word in die hermeneuse van die Skrif is die volgende, spesifiek met betrekking tot die swyggebod:

- Die Sinode van 1988 hanteer die Skrif as wetboek aangesien daar vanuit die denkraamwerk beweeg word dat daar geen voorbeeld in die Nuwe Testament is waar die Here vroue gebruik as ouderlinge of Woordbedienaars nie. Hierdie manier van Skrif hantering kom neer op kasuïstiek wat in elk geval nie konsekwent toegepas word in die gereformeerde kerklike praktyk nie. Daar is vele gebruike, soos byvoorbeeld die kinderdoop wat nie direk in die Skrif beveel word nie.
- Die volgende anomalie is die feit dat 1988 se besluit vanuit die denkraamwerk beweeg dat alle mans hoof oor alle vroue is. Op hierdie manier maak die Sinode voorskrifte wat die Bybel gee vir die huwelik van toepassing op die kerklike dienste. In reaksie moet hier egter gestel word dat die plek van die huwelik en gevolglik die rol van man en vrou in die gemeentelike lewe nie deur Vergeer uitgewerk word nie.
- Die laaste anomalie wat gestel word is dat die Sinode van 'n inkonsekwente hermeneuse gebruik maak deur sekere altyd geldende bevele meer te beklemtoon as ander.

Die slotsom waartoe Vergeer kom is dat die aangetoonde anomalieë wel die weg baan vir revolusionêre wetenskapsbeoefening en 'n gevolglike verskuiwing in denkraamwerk. Daar word dringend gesoek na en gevorm aan 'n nuwe paradigma wat al die verskynsels en die getuienis oor die hedendaagse gelowige vrou bevredigend kan akkommodeer. Die uiteinde is om die vrou se herstelde posisie in Christus te laat deurwerk tot in die gemeentes en uiteindelik ook tot op die kansel (Vergeer, 2002:687). Die vraag wat egter nou hieruit na vore kom is of die kerke die weg van radikale wetenskapsbeoefening betree het of sal betree sodat hierdie anomalieë aangespreek sal word en indien wel, wat die revolusionêre wetenskapsbeoefening inhou.

**<u>4.3.4. Die leser se rol in die verstaan van 'n teks.</u>**

Voordat Vergeer al 'n beroep gedoen het om 'n nuwe benadering in die wetenskapsbeoefening, is die onderwerp alreeds deur 'n teoloog van Unisa naamlik Gerrie Snyman, aangeroer met sy vraag oor die kenteoretiese aspekte van die wetenskapsbeoefening in die GKSA. Hy neem as vertrekpunt die feit dat dit onmoontlik is om teologies besig te wees sonder dat die wetenskapsfilosofiese vertrekpunte in ag geneem

word. Hierdie erkenning raak die manier waarop die Skrif hanteer word direk. Snyman (1992:250-251) wys daarop dat die mens verskil in terme van persoonlikhede, situasies en kultuur en daarom word dieselfde teks verskillend gelees. Die verskille in die lees en verstaan van die een teks is nie net te wyte aan die feit dat die mens maar 'n gebroke sondaar is nie, maar dat die verskil in verstaan van die teks geleë is in die verskil van die lewenskonteks. Op grond van die positiewe mensbeskouing van Psalm 8 lewer hy fel kritiek op die hermeneutiek van die GKSA. Hy verwoord dit soos volg:

"die GKSA se teologiese besigwees die afgelope twintig jaar staan in 'n sekere sin in spanning met die positiewe beoordeling van die mens in Psalm 8. Hoewel die mens 'n kreatiewe taak gegee is word die menslike kreatiwiteit in teologievorming onderspeel in die sin dat daar geen refleksie oor die mens se aandeel in die lees van die Bybel plaasgevind het nie" (Snyman, 1992:263).

Die teologiese besigwees van die Gereformeerde kerke werk nog vanuit 'n raamwerk waar die aandag gegee word aan outeur-teks-leser. In die GKSA val die klem sterk op God as die Outeur en die Bybelteks as die openbaring waarvan die betekenis net getap hoef te word. In aansluiting by die postmodernistiese benadering van die dekonstruksie wys Snyman (1992:263) op die ontwikkeling in die literatuurwetenskap waar daar beweeg is na 'n lesersgeöriënteerde benadering waar die klem val op die leser in die hele leesproses (sien veral 4.2.3). Die lees van die Bybelteks geskied binne die raamwerk van 'n bepaalde kenteorie, 'n bepaalde gemeenskap en 'n bepaalde ideologie. Die rol wat hierdie raamwerk speel in die interpretasie van die Bybelteks, maak van die mens 'n skeppende leser (Snyman, 1992:265).

In reaksie op hierdie benadering van Snyman wys Vergeer (1993:566) daarop dat Snyman vanuit die paradigma werk waar die klem meer op die reseptor geplaas word. Op grond hiervan beweeg Snyman buite die aanvaarde grammaties-historiese hermeneutiese vertrekpunt soos dit in die GKSA aanvaar word. Die gevolgtrekking wat gemaak word is dat die paradigma van die hermeneutiek van dekonstruksie sowel in sy oorsprong en praktyk vir die gereformeerde teoloog onbruikbaar is. Tog beteken dit nie dat 'n gesprek oor die kenteorie vir die gereformeerdes afgesluit is nie maar daar kan vanuit 'n eie paradigma saam gepraat word.

Tog is hiermee nie alles gesê oor die rol van die leser in die verstaan en betekenis van 'n teks nie. Na die besluit van Sinode 2003 doen Van Deventer (2005:685-704) ondersoek na wat kon veroorsaak dat die kerke se gedagte oor die plek van die vrou in die besondere dienste verander het. Hy kom tot die slotsom dat die kerke wel 'n hermeneutiese verskuiwing gemaak het deur meer erkenning aan die plek van die leser in die betekenis van die teks te gee. 'n gemeenskap van Bybellesers (soos die GKSA) moet erken dat die Woord groter is as die Bybelse teks en dat die Woord ook in die lesers werk om in nuwe tye nuwe betekenis aan

bestaande tekste te gee. Die gevolge van hierdie benadering het daartoe aanleiding gegee dat die kerke sy standpunt verander het oor die plek van die vrou in die kerk. Die besluit van Sinode 2003 is bewys daarvan dat die leser se rol in die betekenis van ŉ teks ŉ meer deurslaggewende rol gespeel het (Van Deventer, 2005:701). Hierdie gevolgtrekking van Van Deventer is egter aanvegbaar aangesien die besluit van Sinode 2003 nie na die rol van die leser verwys in die besluitneming nie. Van Deventer (2005:694) maak hierdie gevolgtrekking op grond daarvan dat dieselfde tekstuele gegewens wat in 1988 alle ampte geslote gehou het vir vroue, in 2003 juis die "deur oopgemaak het vir vroue om in die amp van diaken bevestig te word". Hierdie gevolgtrekking kan nie gemaak word op grond van die gegewens wat in die besluit self aangebied word nie.

**4.3.5. Die paradigma van die grammaties-historiese eksegese**

Die debat oor die metode van eksegese is tot onlangs nog in die geledere van die Gereformeerde Kerke gevoer. In hierdie debat speel die rol van die leser in die proses van verstaan ŉ beduidende rol. In ŉ diskussie rondom evolusie merk Van Deventer (2008:31) op dat die grammaties-historiese metode van eksegese vasgevang sit in ŉ bepaalde tradisie waarin ander kritiese benaderings tot die verstaan van die Skrif nie genoegsaam verreken word nie. Dit kom daarop neer dat die Gereformeerde kerke nog nie die verskuiwing in die paradigma van die teks na die rol van die leser gemaak het nie. Volgens hom bied die kritiese benaderings beter verklarings vir die vrae waarmee vandag geworstel word as die tradisionele grammaties-historiese metode. Hoe langer die GKSA sy oë vir die kritiese benaderings van die teologiese wetenskap gaan sluit, hoe meer hang die swaard van ŉ sektariese instelling oor die spreekwoordelike kop van die kerk.

In reaksie op hierdie artikel wys Jordaan *et al* (2008:29) daarop dat die grammaties-historiese benadering ongetwyfeld die mees omvattende benadering vir die verstaan van die Bybel is. Volgens hierdie benadering moet die leser deeglik kennis neem van dit wat daar geskrywe staan, enersyds en andersyds aandag gee aan die tyd en omstandighede waarop daardie woorde gerig is. Op grond van die omvattendheid van hierdie metode kan die ander resultate wat binne die kritiese benaderings verkry word steeds binne die grammaties-historiese benadering verreken word.

Die omvattendheid van die grammaties-historiese metode van eksegese word in ŉ volgende publikasie van die Kerkblad weer eens bevraagteken deur Van Deventer en deur Snyman (2008b:30,31). Van Deventer wys daarop dat die ontstaansgeskiedenis van die grammaties-historiese benadering nie genoegsaam in die Gereformeerde Kerke verreken word nie en dat daar derhalwe nie kennis geneem word van die beperkinge wat hierdie benadering het nie. Volgens hom is die kosmetiese veranderinge wat Jordaan *et al* voorstel, nie genoegsaam om

die tekortkominge en die apologetiese aard van die metode te kenter nie. Die pleidooi word gemaak dat daar meer krities gekyk sal word na die metode wat gebruik word om die Bybelteks te ontsluit, in hierdie geval die grammaties-historiese metode, en die bevindinge van die literatuurwetenskappe in die proses van eksegese meer konsekwent aan te wend.

Snyman (2008:31) wys ook op die beperkinge van die grammaties-historiese metode, maar stel voor dat die rol van die leser meer verdiskonteer word. Dit sluit nou aan by die benadering wat al in 1992 deur hom voorgestel is. Hy gebruik hier ook die besluite rakende die vrou in die besondere dienste as voorbeeld om die gebrek van die eksegetiese metode aan te dui. Die grammaties-historiese metode van eksegese help volgens hom nie die GKSA om die lees-probleem rakende die vrou in die amp op te los nie. Hy sien dat daar twee strome rakende hierdie saak teenwoordig is. Daar is die groep vir wie die sosiale orde van vandag nie meer rym met die patriargale verlede van die Bybel nie. Die raamwerk waarin vroue vandag leef, staan vreemd teenoor die veronderstelde sosiale orde wat in die "religieuse teks" na vore kom (Snyman, 2008:31). Die ander groep wat hulle beroep op die bestaande eksegetiese metode, neem nog die patriargale verlede van die teks as die norm. In hierdie groep word die omstandigheide waarin die lesers leef, nie genoegsaam in ag geneem nie. Dit bring noodwendig stryd tussen hierdie twee groepe. Snyman stel 'n omvattende manier van Bybellees voor in die volgende woorde.

"'n Omvattende Bybellees behels eerder 'n nougesette lees *(close reading)* van die Bybelteks ten einde die wêreld van die teks te verstaan, 'n historiese lees van die teks ten einde te kyk in watter mate die teks na historiese gebeure verwys, 'n ontleding van die wêreld van teksproduksie om agter te kom watter invloede werksaam was toe die skrywer geskryf het , 'n ontleding van die wêreld van die eerste lesers om agter te kom in watter situasie die teks moes inspreek en les bes 'n ontleding van die wêreld van die huidige lesers om te verstaan watter faktore bedrywig is in die huidige lesers se lewe ten einde te bepaal watter resonans met die antieke Bybelteks gevind kan word"

Hierdie omvattende benadering van Snyman impliseer dat daar 'n paradigmaverskuiwing in die eksegetiese metode in die GKSA noodsaaklik is. Die verskuiwing wat moet plaasvind moet nader na die postmoderne denkraamwerk beweeg waar daar nie meer soveel aandag gegee word aan die sogenaamde "book religion" nie en waar die leser se eie ervaring bepaal watter resonans met die Bybelteks gevind kan word. Die leser ken dus ook bepaalde betekenis aan die teks wat hy lees toe.

Kruger (2009:32) wys in reaksie op hierdie omvattende benadering op die gevaar dat die ongekwalifiseerde klem op die leser daartoe kan bydra dat nuwe betekenis wat teen die grein van die bepaalde teks ingaan, aan die teks toegdig kan word. Die leser kan nie iets anders aflei as wat die Skrywer bedoel het nie. Die klem op die leser kan daartoe aanleiding gee dat die Bybel met suspisie gelees word en nie reg laat geskied aan die feit dat die Bybel die

openbaring van God aan mense deur mense is nie. Die benadering van Snyman loop die gevaar dat die openbaringskarakter soos dit bely word nie tot sy reg kom nie. Wat die laaste besluit van die GKSA oor die plek van die vrou in die kerk betref, is dit duidelik dat daar nie van die metode van die grammaties-historiese eksegese afgewyk word nie.

**4.3.6. Die duidelikheid van die Skrif en die postmodernisme**

Die klem wat die postmodernisme op die rol van die leser plaas in die verstaan en verklaring van die Skrif, laat die vraag ontstaan of daar vanuit 'n postmodernistiese raamwerk steeds aan die duidelikheid van die Skrif vasgehou kan word. Alhoewel nie direk op die Skrif van toepassing nie, verduidelik Van der Walt (2006:32) iets van die probleem wat die postmodernisme ten opsigte van die waarheid het:

> Dit (die postmodernisme) is die jongste poging van 'n van-God-vervreemde wêreld om te probeer bewys dat die mens, sonder om antwoord op God se Woord te gee, kan dink en leef. Want godsdiens – ook die Christelike – word wel geduld, maar dit is volgens hierdie lewensvisie 'n persoonlike saak. Dit moet tot die private lewe beperk word. Ons mag nie ander mense of samelewingsverbande aan universele Christelike reëls of dogmas bind nie. Die tyd van sulke onderdrukkende "groot verhale" is verby. Natuurlik kan so 'n standpunt nie konsekwent gehandhaaf word nie. Want as daar geen waarheid bestaan nie, kan ook die uitspraak dat "geen finale waarheid bestaan nie" nie waar wees nie! Op die keper beskou, vervang die sekulêre Postmodernisme die ander "verhale". Die Postmodernisme stuit dus nie, maar bevorder gewoon die sekulariseringsproses – die grootste hedendaagse vyand van die Christendom.

Hieruit is dit duidelik dat die postmodernisme se relativering van die waarheid 'n groot uitdaging vir die Christelike geloof inhou. Daardie uitdaging kom juis na vore waar dit die waarheid en daarmee saam, die duidelikheid van die Skrif raak. Die duidelikheid van die Bybel kom in gedrang omdat die leser van die Bybel nie seker kan wees wat die Bybel vir hom of haar beteken nie. So word die duidelikheid van die Skrif in sy wese aangetas (Jordaan, 2008:10).

**4.3.7. Postmodernisme en die verskille in die GKSA.**

Wanneer aanvaar word dat die verskuiwing in die samelewing na die postmodernisme wel 'n invloed op 'n kerklike gemeenskap soos die GKSA het, moet daar besin word of hierdie verskuiwing 'n invloed op die Skrifbeskouing van die GKSA uitgeoefen het. In die lig daarvan dat meerdere vergaderings nie die feit van paradigmaskuiwe en die invloed daarvan op Skrifbeskouing amptelik verreken het nie, is dit moeilik om aan te toon waar die postmoderne denkrigting 'n invloed op die verskille in die GKSA uitgeoefen het. Vergeer (2006:8) wys trouens daarop dat die GKSA nie met die paradigmaskuif van die modernisme, na die postmodernisme rekening gehou het nie en dat dit juis een aspek is wat aanleiding tot verskil gee. Dit moet egter gestel word dat die postmodernisme hier in die konteks van 'n

lewensuitkyk vermeld word en nie postmoderne Skrifbeskouing nie. In die toepassing op die vraagstuk oor die vrou in die amp stel Vergeer (2006:10) dat die realiteit van die politieke fase van die paradigmaskuif na die postmodernisme erken word en dat die debatvoering en vraagstukke in die lig daarvan hanteer word. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die postmodernisme wel 'n invloed op die verskille in die GKSA het. Die invloed raak egter nie die Skrifbeskouing van die kerke nie, maar die lewensuitkyk van lidmate. Dit moet in die proses van besluitneming verreken word.

**<u>4.3.8. Samevattend.</u>**

Die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika leef nie in 'n geïsoleerde omgewing weg van die vraagstukke van die samelewing af nie. Die denkraamwerk van die alledaagse het noodwendig 'n invloed op die besluitneming in sinodes en, ten einde, op die verstaan van die Skrif. Deur die geskiedenis het bepaalde paradigmaverskuiwings plaasgevind en laaste wat beleef is is die verskuiwing van die modernisme na die postmodernisme. Daar is aangetoon dat die postmodernisme vanuit 'n ekklesiologiese hoek vir die GKSA bepaalde uitdagings en voordele inhou. Tog hou dit ten opsigte van Skrifbeskouing eksegese en hermeneuse bepaalde gevare vir die kerke in. In hierdie denkraamwerk verskuiwing is daar bepaalde anomalieë wat in die besluite oor die vrou in die besondere dienste na vore kom. Hierdie anomalieë is egter op sinodes verantwoord. Die grootste uitdaging wat aan die GKSA gestel word in die tyd van die heersende postmodernisme, is om binne die heersende metode van grammaties-historiese eksegese die rol van die leser in die verstaanprosesse te verreken. Wanneer die leser egter self bydra tot die betekenis van 'n teks kom die waarheid en die duidelikheid van die Skrif in gedrang. Die kerk het dus, in die midde van hierdie tydsgees, die roeping om steeds die waarheid van die Skrif duidelik te leer en verkondig.

## *4.4. DIE FUNDAMENTALISME*

**<u>4.4.1. Inleidend.</u>**

In 1981 loods Van Aarde 'n skerp aanval op die fundamentalisme en betrek by name die Teologiese Skool op Potchefstroom by hierdie stroming. (Snyman, 1992:363). Om hierdie rede is dit ook noodsaaklik dat daar aandag gegee word aan die verskynsel van die fundamentalisme en die vraag vra of die GKSA in sy besluitneming deur 'n fundamentalistiese denkraamwerk gelei word. Soos die geval met die postmodernisme word daar nie in die besluite 'n duidelike verantwoording gegee oor die verrekening van denkraamwerk in hermeneutiese vertrekpunte nie. Dit is daarom moeilik om bepaalde besluite as fundamentalisties al dan nie te kwalifiseer. Om hierdie rede is dit nodig dat daar in hierdie studie aandag gegee word aangaande die verskynsel van fundamentalisme.

In hierdie gedeelte van die ondersoek word daar dus nie op spesifieke besluite gefokus nie maar daar word in die algemeen na die verskynsel van fundamentalisme gekyk. Daaruit sal gepoog word om 'n definisie van die fundamentalisme te gee en sodoende kan die bepaalde Skrifbeskoulike vertrekpunte getoets word.

**4.4.2. 'n Definisie van fundamentalisme.**

Om reg aan die fundamentalisme te laat geskied is dit noodsaaklik dat daar gepoog word om 'n omvattende definisie van die verskynsel te gee. Om die verskynsel te definieer is dit ook noodsaaklik om die oorsprong van die fundamentalisme deeglik in berekening te bring. In die 19de eeu het die beweging onder die leiding van Dwight Moody vanuit die *revival*-beweging gegroei en is teen die einde van die 19de eeu met die chiliasme verbind. Die term fundamentalisme, is egter ook gebruik in die geledere van die presbiteriaanse kerke in Amerika, met verwysing na die 5 fundamentele punte van die Christelike geloof naamlik:

- Die foutloosheid van die Skrif.
- Die godheid en onbevlekte ontvangenis van Christus.
- Christus se plaasvervangende versoening.
- Die fisiese opstanding van Christus
- Die wederkoms van Christus.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die fundamentalisme veral in Amerika in twee hoofstrome beweeg naamlik dié wat liberalisme in die kerk bestry en dié wat die Darwinisme in die Amerikaanse skole bestry. Die Fundamentalisme in die Amerikaanse kultuur het tot 'n tipe subkultuur gelei waar dit veral deur die *Evangelicals* gedra word en in wese anti-konfessionalisties geword het (Marsden, 1980:73, vgl. ook Vorster, 2004:595).

Met hierdie verloop in gedagte word daar verskillende definisies aan die fundamentalisme toegedig waarvan sommige die wese van die fundamentalisme goed saamvat en ander weer eensydig met sekere aspekte daarvan omgaan. Die mees omvattende definisie waarmee gereformeerdes oor die algemeen ook saamstem, kan soos vol weergegee word: Fundamentalisme is 'n baie dinamiese, hoofsaaklik Amerikaanse beweging wat uit verskeie oorde ontstaan het, maar veral in sy byna militante opposisie teen die modernisme vorm aangeneem het in die jare 1870-1930 en wat inhoudelik 'n absolutistiese religieuse sisteem ontwikkel het wat aanvanklik gerig was op die heil van die individu, maar later meer polities georiënteerd geraak het. Die religieuse sisteem gebruik die Bybel as 'n absolute gesagsbron en die aanvaarding van die foutloosheid, of omgekeerd die feitelikheid daarvan, vorm die kern van die beweging (Vorster, 1993:15).

Jordaan (2005:254) wys daarop dat hierdie definisie in 'n sekere opsig problematies is wanneer dit by die aanvaarding van die Bybel as 'n absolute gesagsbron kom. In art 7 NGB

word die Bybel as gesagsbron erken en dit word deur gereformeerdes oor die wêreld nagespreek.

**4.4.3. Die fundamentalisme en gereformeerde teologie.**

Voordat die rol van die fundamentalisme in die Gereformeerde Kerke ondersoek word, is dit eerstens nodig dat daar rekenskap gegee word van die plek van die fundamentalisme in die gereformeerde teologie in die algemeen. Anders gestel, kan hier gevra word of die gereformeerde teologie nie inherent maar fundamentalisties is nie. Jordaan (2005:250-269) wys op die posisie wat die gereformeerde teologie eintlik inneem wanneer dit by die fundamentalisme kom. Alhoewel daar bepaalde aspekte is waarin die fundamentalisme en die gereformeerde teologie eens is is daar ook diepgaande verskille. Jordaan gee die ooreenkomste en die verskille soos volg weer (Jordaan, 2005: 265-266; Vorster, 2004:595-598):

Ooreenkomste

- God se voorsienigheid en sy beheer van die geskiedenis.
- Die erkenning van 'n objektiewe werklikheid buite die mens se bestaan.
- Die beskouing van die Bybel as die betroubare gesagvolle geïnspireerde Woord van God.
- Die taak van die kerk om suiwere leer te verkondig en te verdedig teen dwaalleer.
- Die grammaties-historiese Skrifverklaring en die eksegetiese praktyk van Skrif met Skrif verklaring.

Die verskille.

- Die feit dat die fundamentalisme 'n "anti" karakter het is problematies, al kom die gereformeerde teologie in sy wese ook teen die modernisme te staan.
- 'n Byna fatalistiese geskiedenis-beskouing waarby die millennialisme met sy dispensasie leer inpas.
- 'n Vertroue in die vermoë van die mens om rasioneel tot objektiewe kennis van die werklikheid te kom.
- Vyandigheid jeens die wetenskap wat in sommige kringe van die fundamentalisme voorkom.
- 'n Eksklusiewe houding waarin andersdenkende Christene as ongelowiges beskou word wat verlore gaan.
- Die handhawing van die foutloosheid van die Bybel.

Uit hierdie vergelyking met die gereformeerde teologie in die algemeen is dit duidelik dat die Skrifbeskoulike standpunte van die fundamentalisme problematies kan wees.

Die Skrifbeskouing wat deur die fundamentalisme gehandhaaf word, staan op die vertrekpunt dat die Bybel die verbaal-geïnspireerde Woord van God is en daarom foutloos is. Hierdie oorbeklemtoning van die inspirasie van die Skrif veroorsaak dat die Bybel gesien word as 'n stoorkamer van feite oor alles en nog wat (Vorster, 1993:50). Vanuit die siening van die foutloosheid van die Skrif word daar dan gepoog om uitsprake wat verskil, so te interpreteer dat dit in substansie ooreenstem (Vorster, 2005:596)

Hierdie sienings van die fundamentalisme word in baie gevalle ongevraagd en onredelik vanuit die anti-fundamentalistiese kringe op die geformeerde teologie van toepassing gemaak. Jordaan wys tereg daarop dat baie van die standpunte van die fundamentalisme al lank reeds in die belydenis na vore kom. Om aspekte soos Skrif-met-Skrif vergelyking, die aanvaarding van die Skrifgesag en inspirasie van die Bybel as fundamentalisties af te maak is nie juis nie. Die gereformeerde teologie bevind hom in die spervuur wat daar tussen die fundamentalisme aan die een kant en die modernisme aan die ander kant heers. Op grond hiervan kan die gereformeerde standpunt ten opsigte van die fundamentalisme gestel word as 'n gereformeerd- fundamentele benadering (Snyman, 1992:363)

**4.4.4. Die posisie van die GKSA .**

Die vraag wat nou hieruit na vore kom is watter staanplek die GKSA inneem wanneer daar gepraat word oor die fundamentalisme. Vorster (2006:9-10) wys daarop dat die GKSA nie 'n plek het by die Skrifkritiek of die fundamentalisme nie. Tog sien hy die gevaar dat die siening van die fundamentalisme al hoe meer onder gereformeerdes begin posvat. Daarin word die Christelike lewe vereng tot die letterlike verstaan van 'n paar Bybelverse wat dikwels buite verband as 'n Christelike resepteboek aangebied word. Hierdie benadering bring die tradisionele manier van gereformeerde Skrifverklaring onder verdenking (Vorster, 2006:10). Tog moet daar erken word dat die manier van gereformeerde skrifverklaring elemente bevat wat deur sommige as die kenmerke van fundamentalisme beskou word. Jordaan (2004:251) wys daarop dat die fundamentalisme as sodanig nog altyd in die geledere van die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika afgewys is. Uit die geledere van die GKSA word die fundamentalisme gewoonlik regs van die middelpunt op die spektrum geplaas.

Hierdie uitgangspunt van die die GKSA word ook duidelik in die hantering van die die Skrif wanneer daar oor indringende sake besluit moet word. Die duidelikste verantwoording oor 'n fundamentalistiese benadering word gevind in die hermeneutiese vertrekpunte rakende die vrou in die amp (Breed *et al,* 2007:47). In die studie wat deur die GTV onderneem is en as vertrekpunt vir die 2009 Sinode se rapport gedien het, word die feit dat daar nêrens in die Bybel 'n teks is wat uitdruklik gebied of verbied dat die vrou in die besondere ampte kan dien nie bespreek. In die bespreking is dit opmerklik dat die studiegroep hom sterk uitspreek teen

die verkeerde, biblistiese hantering van die Skrif volgens die “regulerende beginsel”. Hieruit is dit duidelik dat die GKSA die fundamentalisme as manier van Skrifhantering onomwonde afwys.

In ŉ besprekingsartikel van Van Wyk (2008) oor ŉ boek van Gerrie Snyman en sy teologiese benadering word die fundamentalistiese benadering deur Van Wyk ook ten sterkste afgewys (Van Wyk, 2008:688). Hy is dit eens met die verset van Snyman teen ŉ simplistiese, oorvereenvoudigde en slordige Skrifgebruik. Waar die Bybel aprioriës gebruik word wanneer besluite geneem is en daarna na gepaste en relevante tekste gesoek moet word om die besluit te steun, moet ten sterkste afgewys word. In die geskiedenis van die kerke, insluitende die van die GKSA het dit al gebeur en moet daarteen gewaak word (Van Wyk, 2008:687). In hierdie verband wys Van Wyk op twee voorbeelde wat in die besluite van die GKSA voorgekom het. Die eerste is die besluit van Sinode 1927 waar die gebruik van kelkies afgewys is en eers na die besluit na Skrifgronde gesoek is. ŉ Tweede voorbeeld is tydens Sinode 1942 waar die Sinode hom uitspreek teen die bewapening van swartes omdat dit volksgevaarlik is en teen “ons Christelike tradisies bots” (Van Wyk, 2008:668). Alhoewel hierdie twee voorbeelde nie binne die tydsbegrensing van die studie val nie bevestig dit wel dat kerklike vergaderings kan faal en op grond van ŉ verkeerde Skrifgebruik besluite maak. Veral wanneer daar nie duidelike Skrifbegronding vir bepaalde besluite is nie.

Dit is duidelik dat die GKSA in ŉ posisie is waar standpunte in die breë sin van fundamentalisme geklassifiseer kan word, terwyl dit duidelik is dat daardie standpunte op die basis van die gereformeerde belydenis rus. Jordaan (2004:265) verwoord hierdie kwessie soos volg: “Dit is duidelik dat baie van dit wat in die moderne teologie as denkbeelde van die fundamentalisme afgewys word, in werklikheid eg gereformeerde standpunte is wat duidelik in die gereformeerde belydenisskrifte teruggevind kan word.”

In nie een van die rapporte van deputate en sinodebesluite word daar ŉ direkte uitspraak oor die fundamentalisme as sulks gemaak nie, maar dit is tog duidelik dat daar gewaak word teen ŉ fundamentalistiese Skrifgebruik in die hermeneutiese uitgangspunte wat gestel word. Die grammaties-historiese benadering tot eksegese, wat beskou kan word as die aanvaarde eksegetiese metode, lê ŉ bepaalde klem op die sosiohistoriese en die openbaringshistoriese aspekte van die Bybelteks wat daarop dui dat ŉ a-historiese, fundamentalistiese Skrifgebruik onaanvaarbaar binne die GKSA is. Verder is dit ook telkens in die hermeneutiese vertrekpunte duidelik dat daar vasgehou word aan ŉ Skrifbeskouing soos dit in die belydenisskrifte verwoord word, wat op sy beurt deur sommige as fundamentalisties geëtiketteer word. Dit beteken egter nog nie dat die Skrifbeskoulike benadering van die GKSA as fundamentalisties getipeer kan word nie.

**4.4.5. Fundamentalisme en gereformeerde teologie.**

Dit is duidelik dat die GKSA afwysend staan teenoor die fundamentalistiese benadering tot die Skrif. Tog is daar onder lidmate in 'n meerdere of mindere mate romantisering van die fundamentalisme te bespeur. Sommige neem die "fundamentalistiese etiket" aan as 'n eretitel wat so 'n persoon se Skrifbeskouing asook sy wêreldbeskouing beskryf. Om hierdie rede is dit tog noodsaaklik dat daar besin moet word of die fundamentalistiese benadering geheel negatief beoordeel moet word of is daar ook positiewe elemente, soos by die postmodernisme.

Vorster (2004:594) wys daarop dat fundamentalisme getipeer kan word as 'n teologiese ekstremisme wat vanuit 'n gereformeerd-teologiese hoek vermy behoort te word. Hierteenoor wys Bacote (2000:98), dat daar in wese ook 'n vreugde kan wees in die sekerheid wat die fundamentalistiese wêreldbeskouing kan bied. In 'n wêreld waar daar al hoe meer verval word in die relativisme van die postmodernisme, is daar tog 'n mate van bevryding in die idee dat die Skrif 'n vaste onveranderlike waarheid wat deur God geopenbaar is leer (vgl. Bacote, 2000:99).

Pinnock (1990:54) stel dat daar onderskei kan word tussen die "hiperfundamentalisme" aan die een kant en oop fundamentalisme aan die ander kant. Waar die "hiperfundamentalisme" 'n neiging tot afskeiding en 'n rigiede waarheidbeskouing het, is die oop fundamentalisme meer geneig tot verdraagsaamheid oor verskillende standpunte, selfs in eie geledere. In die gereformeerde teologie word die onderskeid tussen "oop" en die "hiper" fundamentalisme egter nie gemaak nie.

Dit is waar dat daar in die Gereformeerde teologie seker aspekte is wat met die fundamentalisme ooreenkom maar die verskille tussen hierdie twee benaderings is ook duidelik aangetoon. Dit is ook waar dat daar klemverskille binne die fundamentalistiese benadering mag wees, maar tog is dit nie nodig om die gereformeerde teologie binne hierdie raamwerk in te forseer nie. Daarvoor is die verskille beduidend. Verder moet gewaak word dat sekerheid nie op 'n bepaalde wêreldbeskouing gestel word nie, maar juis op die waarheid soos dit in die Skrif geleer word en in 'n Skriftuurlike beskouing verwoord word.

**4.4.6. Fundamentalisme en die verskille in die GKSA.**

Die vraag is nou of 'n fundamentalistiese denkraamwerk enigsins 'n invloed in die besluitneming en verskille in die GKSA het. Soos reeds aangetoon word in 4.1. is die Teologiese Skool van Potchefstroom en daarmee saam per assosiasie die GKSA geïmpliseer in die beoefening van fundamentalistiese teologie, maar wat duidelik weerlê is. Wanneer die Skrifgebruik in die besluite en die rapporte van studiedeputate egter nagegaan

word is dit duidelik dat die Skrif met groot verantwoordelikheid en omsigtigheid hanteer word. Soos die geval is met die postmodernisme is hierdie stroming ook nie in studierapporte en sinodebesluite verreken of verantwoord nie.  Hieruit kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die verskille wat daar tans in die GKSA heers, nie die gevolg is van 'n fundamentalistiese Skrifbeskouing of die akkommodering van sodanige Skrifbeskouing nie. Die Skrifbeskoulike vertrekpunte word duidelik en onomwonde in rapporte gestel.

### *4.5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS.*

In hierdie hoofstuk is aangedui dat daar in die afgelope jare 'n paradigmaverskuiwing of 'n verskuiwing in denkraamwerk, oor die wêreld en in die samelewing ingetree het. Hierdie verskuiwing in denkraamwerk het die GKSA nie gespaar gebly nie en het noodwendig 'n invloed op die kerklike lewe van die GKSA gehad. Hier was dit die doel om ondersoek te doen in watter mate die postmodernisme aan die een kant en die fundamentalisme aan die ander kant 'n invloed op die Skrifbeskouing in die GKSA gehad het.

Die postmodernisme het aanleiding gegee tot die sogenaamde dekonstruksie in die literatuurwetenskap waar daar meer klem op die rol van die leser in die bepaling van die waarheid geval het. Dit staan ook bekend as die relasionele waarheidsbeskouing. Hierdie benadering het veral gevolge vir die hermeneutiek ingehou. Alhoewel daar geen sinode is wat 'n uitspraak oor die dekonstruksie of die postmodernisme maak nie is dit duidelik dat die GKSA hierdie benadering nie in hermeneutiese vertrekpunte en eksegetiese arbeid gevolg het nie. Daar is wel bepaalde aspekte van die postmodernisme waarby in die ekklesiologie aansluiting gevind kan word, maar wat Skrifbeskouing betref, moet die postmodernisme as hermeneutiese vertrekpunt afgewys word. Al is daar nie spesifieke uitsprake hieroor gemaak nie is daar tog onder teoloë debat gevoer oor die plek van die leser oor die  verstaansproses en die beste eksegetiese metode. In die GKSA word die grammaties-historiese metode van eksegese steeds as die aanvaarde metode beskou.

Teenoor die postmodernisme kom die fundamentalisme te staan. In hierdie benadering word die goddelike inspirasie van die Skrif ten koste van die menslike element daarvan beklemtoon. Tog is daar sekere aspekte in die gereformeerde teologie wat ooreenkomste met die fundamentalisme toon. In besluite wat op die sinodes geneem is, het die kerke nie 'n spesifieke uitspraak oor die fundamentalisme gemaak nie, maar die GKSA wys hierdie benadering af op die punte wat die gereformeerde belydenis oorspeel.

# HOOFSTUK 5

# HANTERING VAN VERSKILLE IN DIE LIG VAN DIE GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUING

## *5.1. INLEIDEND.*

In die studie is tot dusver aandag gegee aan dit wat aanleiding gegee het tot die verskille in die GKSA. Ondersoek is ingestel of daar ŉ verskuiwing in die kerke se beskouing van die Skrif ingetree het wat aanleiding sou gee tot radikale verskille in standpunte. In hierdie hoofstuk sal gepoog word om aan die hand van die Gereformeerde Skrifbeskouing te sien hoe hierdie verskille hanteer kan en behoort te word.

Om in hierdie doel te slaag, is dit noodsaaklik dat die verhouding tussen die Gereformeerde Skrifbeskouing en ŉ eksegetiese metode nagegaan moet word. Al val dit nie direk binne die raamwerk van hierdie studie nie, sal dit noodsaaklik wees om die verhouding tussen Skrifbeskouing, binding aan Sinodebesluite en die "meerderheid beslis" in Art 31 van die Gereformeerde Kerke se kerkorde na te gaan. In noue samehang hiermee, moet besin word oor sogenaamde middelmatige sake. Deurgaans is dit noodsaaklik om enkele implikasies wat die Gereformeerde Skrifbeskouing vir die onderlinge verskille inhou, duidelik uit te stippel.

## *5.2. DIE GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUING.*

### 5.2.1. Oorsigtelike definiëring van die Gereformeerde Skrifbeskouing.

In hoofstuk 3 (vgl. 3.2. bl. 46) is daar gepoog om op grond van die selfopenbaring van die Skrif en die gereformeerde belydenis die Gereformeerde Skrifbeskouing te definieer. Hierdie definisie kan soos volg verwoord word (vgl. 3.2.8. bl.56): ŉ beskouing van die Skrif wat erken dat die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament in die Bybel die organies-geïnspireerde Woord van God is, waardeur Hy Homself, in so verre dit Hom behaag, sy wil en die weg tot saligheid deur Jesus Christus alleen aan sy kerk bekend maak. Alhoewel hierdie openbaring onderskei word in die boeke van die Ou Testament en die Nuwe

Testament vorm dit ŉ eenheid in Jesus Christus wat die weg van saligheid, die reël van die geloof en die wil van God volkome, genoegsaam en duidelik aan sy kinders bekend maak.

Uit hierdie definisie is daar bepaalde sake wat duidelik na vore kom wanneer daar oor die beskouing van die Skrif besin word, naamlik:

- Die Skrif is die selfopenbaring van God, alhoewel Hy homself ook in die Skepping en deur sy Seun openbaar.
- Die Ou Testament en die Nuwe Testament vorm ŉ eenheid wat in die geheelopenbaring onderskei moet word maar nie geskei mag word nie.
- In die Skrif openbaar God sy wil in die skepping en vir die mens, en Hy maak daarin ook die weg tot saligheid vir die gelowiges bekend.
- Die openbaring van God in die Skrif is genoegsaam om sy wil te leer en die weg tot saligheid in Christus te ken.
- Die openbaring in die Skrif is ook duidelik genoeg om aan die hand van 'n verantwoordbare eksegetiese metode die wil van God te ken en die weg tot saligheid in Christus te sien.

Die Gereformeerde Skrifbeskouing het uit die aard van die saak ook ŉ bepaalde invloed op die manier van Skrif-verklaring en Skrif-gebruik. Greijdanus (1964:100-145) lê ŉ aantal beginsels neer vir die verklaring van die Skrif wat uit die Gereformeerde Skrifbeskouing uitvloei. Opsommenderwys kan dit soos volg weergegee word:

- Die verklaring van die Heilige Skrif moet objektief bly. Dit beteken dat daar gepoog moet word om die bedoeling van God weer te gee en nie die voorveronderstellings van die verklaarder nie. Alhoewel die verklaring van die Skrif vanuit ŉ bepaalde voorveronderstelling geskied, mag daardie voorveronderstelling nie die betekenis van die teks bepaal nie. Dus moet die voorveronderstellings eerlik erken word en in die lig van die Skrif krities ondersoek word.
- Die verklaring van die Skrif moet die betekenis weergee soos dit in die geheel van die Skrif bedoel is en ook soos dit in die afsonderlike deel van die Skrif bedoel word.
- Die verklaarder van die Skrif moet in gedagte hou dat die betekenis in lyn moet wees met die geheel van die openbaring van God, wat deur mensediens gegee word.
- Daar moet sensitiwiteit wees dat nie alle woorde in die Skrif die woorde van God is nie. Daar is bv. woorde van die slang en van die duiwel. Al die gedagtelyne wat in die Skrif is, is formeel die Woord van God, maar materieel is alles nie God se woorde nie.

Alles in die Woord bevat egter Goddelike onderwysing. Dit is dus die Goddelike woord wat deur die gelowiges aangeneem moet word.

- Alles wat in die Skrif openbaar word moet in verband met die Here Jesus Christus gesien en verstaan word. Die middelpunt van die Skrif is die self-openbaring van God in Christus.
- daar moet gelet word op die wyse waarop die Skrif homself uitlê, want elkeen is die beste vertolker van sy eie gedagtes. So is die Woord die beste verklaarder van die Woord.
- Die geloof in die waarheid van die Skrif mag nie afhanklik gestel word van bevestiging buite die Skrif nie. Dit wat deur ander geskrifte, opgrawings en selfs die wetenskap na vore gebring word het slegs sekondêre betekenis by dit wat die Skrif in waarheid openbaar.
- Omdat die Skrif ŉ organisme is moet by die verklaring van die een deel van die Skrif rekening gehou word met die geheel en ander dele van die Skrif en ook met die ontwikkeling van God se openbaring.
- Daar moet rekening gehou word met die verskillende tye en bedelings waarin die bepaalde openbaring van God behoort.
- By die verklaring van die Skrif moet ons noukeurig let op die besondere en die algemene wat openbaar word. Hier moet noukeurig gelet word op dit wat in die besonder vir die bepaalde tyd en omstandighede gegeld het en wat so in algemene terme gestel word dat dit vandag nog van toepassing is.
- Verder moet daar ook by elke teks van die Heilige Skrif gelet word op die kenmerkende. Alle dele in die Bybel het wel nie dieselfde strekking nie, daarom moet gelet word op die bepaalde konteks waarbinne die openbaring van God staan
- Die Skrif en elke deel van die Skrif moet verklaar word in die gedagtegang of gees van die bepaalde gedeelte.
- Daar moet nie rasionalisties, geestelik afwykend en in stryd met die letter van die teks opgetree word nie. Dit beteken nie dat alles in die Skrif letterlik opgeneem moet word nie, maar dat die verklaring nie in stryd met dit wat daar staan mag wees nie.
- Die dele wat duister en moeilik verstaanbaar is in die Skrif, moet vanuit die duideliker verstaanbare dele verklaar word.
- Die Skrif moet nie in stryd met die reël van die geloof verklaar word nie. Wanneer ons ŉ gedeelte van die Skrif verklaar, mag dit nie op so ŉ wyse gebeur dat die resultaat in

stryd is met die geloofswaarhede wat elders in die Skrif openbaar word nie. Die belydenis as vertrekpunt is in hierdie sin baie belangrik.

- Wanneer ŉ gelykenis verklaar word, is dit belangrik dat die beeld wat gebruik word eers duidelik raakgesien word. Daarna moet die betekende saak reg voorgestel word en daarna moet die ooreenkoms tussen die twee duidelik in die lig gestel word.
- Die Skrif moet in sy onderskeie dele ook na die aard van die dele verklaar word.
- Laastens moet ons sê omdat die Skrif die Woord van God is, moet die Skrif self as die beherende reël vir sy verklaring geld. Die implikasie hiervan is dat dit wat in die geheel van die Skrif openbaarword, bepaal hoe 'n spesifieke gedeelte verklaar behoort te word. Die deel wat verklaar word mag nie in stryd met die geheel van die Skrifopenbaring kom nie.

**5.2.2. Skrifbeskouing en eksegetiese metode – Openbaringshistories/Sosiohistories.**

In hoofstuk 3 en 4 is daar gewys op die feit dat daar onder gereformeerde teoloë in die algemeen, maar ook in die besonder teoloë van die GKSA, verskillende standpunte is met betrekking tot sekere aspekte van die eksegetiese metode (vgl. 3.6.6 en 4.2.5 in verband met die leser se rol in die verstaan van ŉ teks). Een van die brandendste kwessies wat hier bespreek moet word, is die plek wat die sosiohistoriese gegewens in die eksegetiese proses inneem en watter implikasie die Gereformeerde Skrifbeskouing daarop het. In die literatuur wat tot dusver bestudeer is, is dit duidelik dat die plek wat die sosiohistoriese gegewens in die eksegetiese proses inneem, aanleiding tot groot verskil gegee het (vgl. Jordaan 2003, Kurpershoek, 1997).

Die verskil wat bestaan ten opsigte van die plek van die sosiohistoriese gegewens in die eksegese-proses moet in die lig van die Gereformeerde Skrifbeskouing hanteer word. Die vraag wat hieroor beantwoord moet word, is watter plek die sosiohistoriese gegewens dan wel in die eksegese-proses inneem sonder om die Gereformeerde Skrifbeskouing te ondermyn. ŉ Verkeerde of oorbeklemtoonde plek aan die sosiohistoriese gegewens kan aanleiding daartoe gee dat die buitebybelse gegewens soos sosio-ekonomiese en sosio-politieke kwessies oor die Bybelteks regeer (Floor, 2003:11). Dit kan juis ook as gevolg van die verkeerde beklemtoning en perspektief van die plek van die sosiohistoriese gegewens wees, wat aanleiding tot binnegevegte in die GKSA gee (Grönum & Janse Van Rensburg (2004:580).

Die debat rondom die verrekening van die sosiohistoriese konteks in die eksegese-proses staan in ŉ nou verband met die inspirasieteorie van die Skrif. In hoofstuk 3 is reeds aangetoon dat die Gereformeerde Skrifbeskouing uitgaan van die organiese inspirasieteorie

waar die verhouding tussen die Goddelike aspek en die menslike aspek van die Skrif erken word (vgl. 3.2.4:51). Die Heilige Gees het die mens dus so binnegedring en hulle op so wyse diensbaar gestel dat hulle self dink, oordink, spreek en skryf (Grönum & Janse Van Rensburg, 2004:583). Tog kan die menslike aspek van die inspirasie nie die Goddelike openbaringskarakter van die Skrif weerspreek of oorspeel nie. Wanneer die Gereformeerde Skrifbeskouing in die algemeen en die organiese inspirasie-teorie in ag geneem word, het dit duidelike implikasies vir die regte aanwending van die sosiohistoriese gegewens in die proses van eksegese. Grönum en Janse van Rensburg (2004:587-589) wys op die volgende implikasies wat die Gereformeerde Skrifbeskouing op die verrekening van die sosiohistoriese konteks het.

a. Implikasie 1 – Die Gereformeerde Skrifbeskouing impliseer dat die verrekening van die sosiohistoriese konteks onontbeerlik is vir die geldige eksegese van Skrifgedeeltes. Wanneer die sosiohistoriese gegewens van 'n skrifgedeelte nagelaat word ontken dit per implikasie die menslike aard van die Bybel. Dan word die inspirasie van die Skrif nie meer gesien as organies nie, maar as meganies.
b. Implikasie 2 – Die Skrif is die produk van God se aktiwiteit (eerste – C.J.) en nie bloot die produk van die tyd van sy ontstaan nie. Die Heilige Gees word erken as die Outeur van die Skrif alhoewel dit binne bepaalde kulturele, sosiale en politieke omstandighede plaasgevind het. Tog is die Skrif self nie maar 'n produk van daardie tyd nie.
c. Implikasie 3 – Tye en omstandighede is nie die oorsaak dat die Skrif tot stand gekom het nie, maar beïnvloed wel die wyse waarop God se selfopenbaring tot die mens gekom het. In hierdie lig word die Goddelike aard en die menslike aard van die organiese inspirasie-teorie erken.
d. Implikasie 4 – Die deursigtigheid van die Skrif hou enersyds in dat die sosiohistoriese gegewens nie tot die hermeneutiese sleutel verhef mag word nie, maar andersyds mag dit ook nie om hierdie rede genegeer word nie.

'n Gevaar bestaan dat daar binne die verskille in die GKSA 'n oorvereenvoudigde teëstelling tussen die sogenaamde sosiohistoriese eksegese en die openbaringshistoriese eksegese geplaas word. Soos reeds aangetoon is die aanvaarde eksegetiese metode in die GKSA die grammaties-historiese eksegese. Om 'n valse teenstelling te voorkom is dit dus noodsaaklik dat die plek van die sosiohistoriese gegewens in die eksegetiese proses duidelik aangetoon word. Dit het reeds duidelik geword dat die Gereformeerde Skrifbeskouing impliseer dat die sosiohistoriese gegewens verreken moet word, maar dat dit nie die Goddelike aspek van die

inspirasie en die openbaringskarakter van die Skrif mag ontken nie. God die Heilige Gees is en bly Outeur van die Bybel.

Jordaan (2003:186) gebruik die beeld van ‘n huis om die regte aanduiding te gee van die verrekening van sosiohistoriese gegewens in die openbaringshistoriese eksegese-proses. Die fondament van die woning waarop alles rus is die grammatikale ontleding van die teks. Die mure wat gebou word is die bestudering van die historiese situasie (sosiohistoriese gegewens) waarop God sy Skrifwoord gerig het. Die dak waarin alles saamkom is die openbaringshistoriese studie waarin erken word dat die Skrif God se Woord is wat duidelik, deursigtig en ŉ eenheid is.

ŉ Verdere definisie van die openbaringshistoriese metode van eksegese word soos volg deur Coetzee (1995:59) verwoord: *Openbaringsgeskiedenis is die teologiese deelwetenskap wat hom daarop toelê om die betekenis van die Skrifgeopenbaarde dade in die geskiedenis in hulle onderlinge samehang te bestudeer en hul geheel boodskap en/of prediking wetenskaplik te beskryf – sowel in hulle historiese voortgang as by wyse van dieptesnitte in sentrale temas van die Gods openbaring.* Dit is dus duidelik dat die openbaringshistoriese eksegese nie blind staan vir die historiese konteks van die Skrif nie, maar dat die klem juis op die openbaring van God in die geskiedenis val. Die swaartepunt is nie omstandighede nie, maar hoe God homself bekend maak in die omstandighede.

Die aanvaarde eksegetiese metode wat in die GKSA in gebruik is en waarin predikante opgelei word, laat genoeg ruimte om ŉ deeglike en weloorwoë studie van die sosiohistoriese gegewens te doen (De Klerk & Janse van Rensburg, 1999:1). In dié metode word goeie verantwoording gegee van die Openbaringshistoriese gegewens deur Skrif-met-Skrif te vergelyk (Jordaan 2003:185; De Klerk & Janse Van Rensburg, 1999:18-25). Dit is dus duidelik dat die openbaringshistoriese eksegetiese metode in die gereformeerde praktyk nie teenoor die sosiohistoriese gegewens gestel hoef te word nie. Die historiese agtergrond van ŉ teks staan nie teenoor die openbaring van God vir die leser van vandag nie en die openbaring van God staan nie los van die historiese situasie waarin dit ontstaan het nie. Tog mag die historiese situasie nie die openbaring van God oor ŉ bepaalde gedeelte veto nie.

### <u>5.2.3. Toepassing op die verskille in die GKSA.</u>

#### *5.2.3.1. Volkereverhoudings.*

Die implikasie van die Gereformeerde Skrifbeskouing op die eksegetiese metode het nie ŉ wesentlike invloed op die kwessie van rasse verhoudings gehad nie. Verskille aangaande hierdie saak lê meer op die vlak van beklemtoning van een aspek van die openbaring (verskeidenheid) ten koste van ŉ ander aspek (eenheid). Hier wys Van Wyk (2004:11) tereg daarop dat ŉ weg gevind moet word om die beginsel van eenheid-in-verskeidenheid en

verskeidenheid-in-eenheid na vore te bring. Toegepas op die eksegetiese metode, hou dit in dat een tema in die Skrif nie ten koste van ŉ ander oorbeklemtoon moet word nie, aangesien dit die openbaring van die Skrif in geheel skeeftrek en sodoende aanleiding gee tot sosiale ongeregtigheid.

***5.2.3.2. Gebruik van kelkies tydens die viering van die Nagmaal***

In die Gereformeerde Skrifbeskouing se implikasies op eksegetiese metode moet die geheel van die Skrif in ag geneem word. Hier moet in die eksegetiese proses duidelik besin word of alle gegewens op dieselfde vlak van belangrikheid geplaas kan word. Onderskeid moet getref word tussen die sake in die viering van die nagmaal wat in die sentrum staan en dit wat op die periferie lê. In die bylê van verskille in die eksegetiese proses is dit belangrik dat die hele openbaring van die Skrif aangaande die gebruik van drinkbekers in ag geneem word. Hier sal dit noodwendig ook belangrik wees om die sosiohistoriese agtergrond en die openbaringshistoriese agtergrond van die Pasga en die vervulling van hierdie fees in Christus in ag te neem. Deur dit alles in ag te neem, word die eenheid en die historisiteit van die Skrif in ooreenstemming met die Gereformeerde Skrifbeskouing in ag geneem.

***5.2.3.3 Bybelvertaling en Psalmberyming.***

Die verskille wat bestaan met betrekking tot Bybelvertaling en Psalmberyming moet in die eersteplek op die vlak van die Gereformeerde Skrifbeskouing se implikasies vir die eksegetiese arbeid aangespreek word. In hierdie verskille staan die eenheid van die Skrif met betrekking tot die openbaring en vervulling van die Messias sentraal. Die sosiohistoriese gegewens met betrekking tot die Messias-verwagting moet uit die aard van die saak hier ook in ag geneem word. Van Rooy (2005:622) stel die volgende riglyne wanneer die Ou Testament hanteer word en veral ten opsigte van die verband tussen die Ou en die Nuwe Testament.

- Die gesag van die Skrif. Die hantering van die prediking uit die Ou Testament en veral die band aan Christus, hou eerstens verband met die erkenning van die gesag van die Skrif. Die gesag van die prediking lê in die gesag wat die Bybel as Woord van God het.
- Die verhouding tussen die twee testamente. Dit is belangrik dat die Ou Testament gesien moet word as deel van die groter geheel saam met die Nuwe Testament. Die twee testamente vorm saam ŉ eenheid en moet as ŉ eenheid hanteer word.
- Die Ou Testament in sy oorspronklike konteks. Omdat die Ou Testament self aan die orde moet kom moet daar by die Ou Testament in sy oorspronklike konteks begin word. Dit is nie geoorloof om Christus of ŉ Christelike betekenis in die Ou Testament

in te lees nie. Die Ou Testament moet dus nie verskraal word tot slegs 'n voorspelling oor die Messias nie.

- Van die Ou Testament na die Nuwe Testament. Nadat die betekenis van die Ou Testament in die oorspronklike konteks vasgestel is, kan die lyn deurgetrek word na die Nuwe Testament. Die kloof tussen die Ou en die Nuwe Testament word net oorbrug deur die belydenis dat Jesus die Messias is. In die lig van die Nuwe Testament moet daar dan terugbeweeg word na die Ou Testament om onder andere te bepaal of daar 'n besondere geval van kontinuïteit of diskontinuïteit ter sprake is. Die Ou Testament moet dus vorentoe gelees word in sy historiese konteks en ook terug gelees word in die lig van die Nuwe Testament.

In die lig van hierdie riglyne is dit duidelik dat die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament gehandhaaf moet word. Hierdie eenheid hef egter nie die selfstandigheid van die Ou Testament op nie.

In aansluiting by Van Rooy kan die volgende stellings van  Baumgartel as riglyn geld vir die daarstel van hermeneutiese voorveronderstellings in die behandeling van die verskille. Hierdie stellings wat Riekert (2004:68) weergee kan as vertrekpunt dien om te besin oor die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament en gevolglik die eenheid van die Skrif in geheel.

*Stelling 1:* Die Bybel as kanon het gesag vir die Christus-gelowige. Hierdie stelling maak dit ook duidelik dat die vertrekpunt in die bestudering van die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament die eenheid van die kanon as vertrekpunt neem. Dit is ook in lyn met die belydenis van die kerk dat die kanon as gesaghebbend ervaar en aanvaar word.

*Stelling 2:* Die een Bybel bestaan uit twee testamente. Die proses van kanonwording agter die Bybel met die twee testamente bevestig die verbondenheid van die twee aan mekaar. Al verskil die twee dele in baie opsigte van mekaar, verkondig die twee dele dieselfde boodskap aan die kerk van Christus.

*Stelling 3:* Die Ou Testament is net soos die Nuwe Testament ook die werkende Woord van God, ook vir die Nuwe Testamentiese mens. As logiese uitvloeisel van stelling 1 en 2 word die Ou Testament as gesaghebbend vir die Christen aanvaar. Die gelowige kan die hele Bybel as die krag van God aanvaar. Hierdie feit kan staan omdat die ou verbond in Christus gerealiseer het.

*Stelling 4:* 'n Christus gegrepenheid maak 'n Christelike verstaan van die Ou Testament moontlik. Die blote feit dat die Ou Testament Christelik verstaan word, behels 'n Christelike voorveronderstelling. Die Ou Testament kan slegs Christelik teologies verstaan word in

samehang met die Nuwe Testament. Die belofte "ek is die HERE jou God" is 'n geldige grondslag vir die verstaan van die Ou en die Nuwe Testament. Die Ou Testament verwag deur die geloof die realisering van die belofte en die Nuwe Testament weet deur die geloof dat die belofte in Christus gerealiseer is.

*Stelling 5:* 'n Teologiese verstaan kan slegs uitgewerk word op grond van die voorveronderstelling van 'n Christus gegrepenheid. Teologiese verstaan van die Bybel moet weg beweeg van 'n individuele verstaan na 'n algemeen geldige verstaan. Dit behels dat daar onderskeidend en evaluerend verstaan moet word. Konfessionele verskille is ingesluit en deel van die hermeneutiese vraagstuk.

*Stelling 6:* Die Ou Testament se voor-Christus openbaringskarakter moet gerespekteer word. Wanneer ons die historiese denke laat inspeel op die hermeneutiese vrae, moet ons toegee dat die Ou Testament 'n voor-Christus openbaring is wat alleen reg verstaan word in sy verhouding tot die Nuwe Testament. Wanneer die Ou Testament metodies korrek as Woord van God verstaan moet word, is dit belangrik dat die historiese faset van die Ou Testament nie verontagsaam word nie.

### *5.2.3.4. Die vrou in die besondere dienste.*

Die kwessie van die vrou in die besondere dienste is die mees pertinente vraagstuk, wat die verhouding tussen die sosiohistoriese gegewens en die openbaringshistoriese gegewens na vore bring. Die Skrifbeskouing en hermeneutiese vertrekpunte in die rapporte wat voor die Sinode gedien het is reeds verantwoord. Vanuit 'n grammaties-histories raamwerk van eksegese word daar erns met die duidelikheid en die eenheid van die Skrif gemaak. Daar moet wel gewaak word dat daar nie op grond van sosiohistoriese gegewens 'n vraagteken oor die betekenis van bepaalde tekste geplaas word nie. Uit die beginsels wat vir gereformeerde skrifverklaring neergelê is, is die vraag dus nie of God hom oor hierdie kwessie duidelik openbaar nie maar watter implikasie die openbaring van God op hierdie saak het. Vorster (2007:258) wys daarop dat daar juis op grond van openbaringshistoriese gronde en die eenheid van die Skrif, nie alleen op die tekste wat die plek van die vrou raak moet fokus nie, maar ook op die groter temas soos skepping, sondeval, verbond en die koninkryk van God. Deur hierdie temas op grond van 'n openbaringshistoriese metode in ag te neem, kan dit nuwe lig op die vraagstuk van die plek van die vrou in die kerk en in die besondere dienste werp. So 'n studie kan ook 'n ongemaklike situasie voorkom waar twee uitsluitende standpunte teenoor mekaar gestel word in 'n sinodale rapport en daar by wyse van meerderheidstem na die een of die ander kant beslis word (vgl. ACTA, 2009:668).

Deur die hele openbaring van God in ag te neem, selfs wyer as net die eksplisiete tekste, sal die duidelikheid, die organiese eenheid en die waarheid van die Skrif, wat deur die GKSA openlik bely word, gestand gedoen word.

### *5.3. BINDING AAN BESLUITE OP GROND VAN DIE SKRIF.*

#### 5.3.1. Inleidend.

'n Verdere oorweging wat in ag geneem moet word by die hantering van die verskille in die lig van 'n Gereformeerde Skrifbeskouing is, in watter mate kerke aan bepaalde sinodebesluite gebind is. As kern van hierdie vraag moet besin word oor die vorige en huidige redaksie van art 31 van die kerkorde van die GKSA. Spoelstra (2008:27) en Venter (2008:25) wys daarop dat die redaksie van die kerkorde van 1964 moontlik 'n nuwe kerkbegrip in die GKSA ingedra het. Alhoewel dit in hierdie studie nie oor die bepaalde kerkbegrip gaan nie, maar oor Skrifbeskouing, is dit tog noodsaaklik dat daar besin moet word oor die mate waarin kerke gebind word aan sinodebesluite.

In 2007 word 'n skrywe deur proff. Dries du Plooy en Koos Vorster aan al die kerke in die GKSA kerkverband gestuur waarin kommer oor die spanningsvolle situasie in die kerke uitgespreek word en sogenaamde kerkregtelike dwalings aangespreek word. Benewens kerkregtelike en kerkbeskoulike aspekte wat in die getuienis bespreek word, word daar in die kennisgewing aan die kerke ook klem gelê op die sogenaamde ratifikasiereg wat in die Gereformeerde kerkreg afgewys word. In die lig van die Gereformeerde Skrifbeskouing wat bely dat die Skrif duidelik is moet hier ondersoek gedoen word na die plek wat KO 31 inneem wanneer daar dan verskille oor besluite is. In hierdie ondersoek gaan dit oor die roeping van kerke om dit wat in ooreenstemming met die Woord van God is, as vas en bindend te hou.

In noue verband hiermee is dit ook noodsaaklik dat besin sal word oor die gebruik van die term "middelmatige sake" en in watter mate kerke op grond van die Skrif gebind is aan middelmatige sake. Hier is dit belangrik om te sien wat die verskil en ooreenkoms is tussen middelmatige sake en wesentlike sake. In die lig hiervan kan dan enkele sake uitgelig word oor hoe die verskille in die GKSA hanteer behoort te word.

Die vraag wat in hierdie gedeelte na vore kom is in watter mate kerke gebind is aan die besluite wat die verskille in die GKSA veroorsaak. Is die sake maar middelmatig waarin kerkrade self oor volkere verhoudinge kan oordeel en self besluit rakende die vertaling wat gelees word en die beryming wat gesing word, self kan oordeel oor die hoeveelheid drinkbeker(tjie)s wat by die viering van die nagmaal gebruik behoort te word en wie in die besondere dienste mag dien. Dus moet hier besin word oor die mate waarin kerke aan besluite gebind is, selfs wanneer daardie besluit volgens die opvatting van 'n bepaalde kerkraad in stryd met die Skrif is.

**5.3.2. Art 31- besluite in stryd met die Skrif.**

Die regering van die kerk en die gevolglike besluite wat kerke maak, staan op die fondament van Christus se regering deur die Woord (Coertzen, 1991:96). Om hierdie rede moet Christus se regering deur die Woord nie net 'n teologiese waarheid wees nie, maar moet tot uitdrukking kom in die orde wat vir die kerk geformuleer word, in die manier waarop die kerk sy probleme oplos en die manier waarop die kerk sy roeping vervul. Coertzen (1991:96) stel tereg dat daar in der waarheid net een diens in die kerk van die Here is, naamlik die diens van die Woord. In die leer, diens en tug van die kerk mag slegs die Woord van Christus gehoor word en slegs dit staan sentraal.

In hierdie lig moet daar dan ook besin word oor die maniere waarop te werk gegaan word wanneer daar verskille in die kerk na vore kom. In die bewoording van die art 31 sien ons die belang van die Woord as daar gestel word dat besluite vas en bindend is tensy dit in stryd met die Woord van God is. Dus is die Woord steeds bo die besluite en moet die besluite, asook die besware teen besluite aan die Woord van God getoets word. Op grond van Christus se koningskap moet die verskille wat in die kerke bestaan, getoets word.

Die bewoording van art 31 stel duidelik dat besluite wat deur meerdere vergaderings geneem is, bindend is. Alhoewel dit in die artikel vermeld word dat besluite wat met meerderheid van stemme geneem is bindend is, is dit nie as gevolg van die meerderheid wat dit bindend is nie, maar omdat hulle wat geroep is om die kerk te regeer uit die Woord vasgestel het dat dit die wyse is waarop die kerke hulle in 'n bepaalde saak moet gedra (Van der Linde, 1983:129, Spoelstra, 1989:187). Die realiteit is dat die bedienaars steeds in die bedeling van die sonde leef en dus feilbaar is en verkeerde besluite kan neem, maar omdat Christus die hoogste gesag is moet daar ook in die verskille na die reg van Christus gesoek word.

Wanneer die Skrif verkeerd hanteer word en die gesag van die Skrif ondermyn word, tree daar verskillende sienings van binding aan besluite van kerke na vore. Coertzen (1991:97) wys daarop dat daar weinig Christene is wat die gesag van die Skrif volledig sal ontken, maar dat daar groot verskil is oor hoe ver die gesag van die Skrif strek. Dit is juis hierdie verskil wat aanleiding daartoe gee dat daar uiteenlopende sienings oor die binding aan kerklike besluite in die omloop is. Besluite wat gelowiges in die verlede op grond van die Skrif geneem het, staan vas en wanneer daar beweer word dat sodanige besluite in stryd met die Skrif is, rus die bewyslas op die beswaarde om die afwyking aan te toon (Howell, 2004:158).

Artikel 31 van die kerkorde gaan van die gereformeerde beginsel uit dat die waarheid altyd toetsbaar is aan die Skrif. Wanneer daar egter 'n afwykende waarheidsbeskouing en daarmee saam, 'n afwykende Skrifbeskouing posvat, loop dit uit op die oor-en-oor bevraagtekening van bestaande Skrifgegronde waarhede, wat niks anders as die

uiteindelike ondergrawing van die Skrifgeopenbaarde waarheid is nie (Howell, 2004:160). Die verband tussen artikel 31 van die Kerkorde en die Gereformeerde Skrifbeskouing lê juis hierin dat die gesag van die Skrif en die Skrif as maatstaf, selfs in die midde van verskille oor kerklike besluite, geld.

Tog kan kerke nie alleen op eie stoom besluit wat in stryd met die Skrif is, en wat nie, sonder om ander kerke daarby in ag te neem nie. Daarom moet besin word of, en hoe, daar langs die weg van artikel 31 van die Kerkorde 'n oplossing gevind kan word vir die kerklike verskille wat tans heers. Soos reeds duidelik aangetoon wys artikel 31 die weg van beswaar aan wanneer daar gemeen word dat 'n bepaalde besluit in stryd met die openbaring van die Skrif geneem is. In die lig van die verskille wat tans heers is dit dus nie net noodsaaklik nie, maar ook van uiterste belang om die verskille langs hierdie weg te hanteer. Kerke en individue kan nie sonder om die ordelike weg van beswaar of appèl te bewande, op eie stoom besluit watter besluite geldig is al dan nie. Dit plaas ook 'n verantwoordelikheid op die weg van die meerdere vergadering van kerke om nie die uitspraak van die Skrif verstrengel te laat raak in 'n net van tegniese punte nie.

Konkreet hou dit in dat die beswaardes oor die besluite rakende volkereverhoudinge dit wat die Skrif oor die verhouding tussen volkere, menswaardigheid en naaste liefde na vore sal bring. So geld dit ook die saak van vertaling en beryming. In besware is dit nie alleen maar die singbaarheid of verstaanbaarheid van 'n beryming of vertaling wat aan die orde gestel moet word nie, maar juis die lig van die Skrif rakende sake soos die openbaring van die Messias en die verstaanbaarheid van die Skrif. Ten opsigte van die gebruik van kelkies behoort beswaardes aan te dui wat die geheel van die Skrif openbaar oor die gemeenskaplikheid aan die tafel van die Here en die manier hoe hierdie gemeenskaplikheid na vore gebring kan word. Besware rakende die vrou in die besondere dienste behoort aan te dui wat duidelik in die Skrif openbaar word oor die plek van die vrou in die gemeente en die samelewing. Die reël is egter dat die beswaarde en die vergadering van die beswaar weeg, sal besef dat die openbaring van die Skrif na vore moet tree. So word die doel van artikel 31 na vore gebring.

**<u>5.3.3. Die ratifikasie reg.</u>**

In die Getuienis oor Kerkregtelike Dwaling (Du Plooy & Vorster, 2007) word daar melding gemaak van die ratifikasiereg van kerke om te besluit oor die Skriftuurlikheid al dan nie van bepaalde besluite. In die getuienis word die ratifikasiereg beskryf as 'n proses waar die plaaslike kerk na die vergadering van meerdere kerke eers weer by wyse van 'n tweede besluitnemingsproses moet oordeel of hulle hulle verbind aan die besluite van die betrokke meerderevergadering. Na aanleiding van hierdie beskrywing moet hierdie gebruik afgewys

word aangesien die plaaslike kerk in beginsel deel was,  in terme van geloofsbriewe, van die besluite wat op die meerdere vergadering geneem is.

Meijer (2008:52-54) gee egter ŉ ander beskrywing aan dit wat met ratifikasiereg bedoel word. Hy stel dat die ratifikasie reg in terme van die "vas en bindend hou" van artikel 31 KO verstaan moet word. Dit beteken nie dat die besluit vir ŉ tweede maal geneem word nie, maar wel dat die plaaslike kerk die besluit van ŉ meerdere vergadering lees, oordink en die norm van die Skrif toepas. Wanneer dit bevind word dat ŉ besluit nie in oorleg met die Skrif geneem is nie, kan die plaaslike kerk dit nie as vas en bindend hou nie en moet die weg van beswaar en/of appel volgens art. 31 KO gevolg word. Dan berus die bewyslas steeds by die beswaarde om aan te toon waar die betrokke besluit afwyk van die waarheid soos dit in die Skrif geopenbaar is. Die lees toets en oordink van die besluite is wat ratifikasie in wese is (Meijer, 2008:53).

Dit lê nie op die weg van hierdie studie om oor die geldigheid en definisie van die ratifikasiereg ondersoek te doen nie. Wat wel van belang is, is om raak te sien dat artikel 31 van die Gereformeerde Kerkorde die gesag van die Skrif as hoogste gesag erken. Om hierdie rede moet die verskille wat daar in die GKSA oor besluite is aan die hand van hierdie kerkordelike weg aangespreek word. Die regte of verkeerde verstaan van die ratifikasiereg neem niks weg nie, van die feit dat die verskille in die lig van die Skrif gestel moet word. Deur die Woord word die verskille aan die heerskappy van Christus onderwerp. Die ordelike weg waarlangs dit gebeur, is langs die weg van artikel 31 van die Kerkorde, terwyl art. 46 ook in ag geneem moet word.

Die verskille wat tans in die GKSA heers kan nie opgelos word wanneer kerkrade afsonderlik van mekaar oor die geldigheid al dan nie van besluite van meerdere vergaderings oordeel nie. Dit beteken ook nie dat kerkrade maar net gedweë moet aanvaar wat op meerdere vergaderings besluit is, al is hulle van oordeel dat ŉ besluit teen die Skrif geneem is nie. In hierdie lig is dit duidelik dat ŉ kerkraad nie op sy eie kan besluit om vroue in die diens van ouderling of predikant te roep en bevestig nie, sonder dat die weg van artikel 31 kerkorde nie gestap is nie. Kerke kan nie in eie reg besluit wat is reg en verkeerd waar dit gemeenskaplike sake raak nie. Waar besluite in die vryheid van die kerke oorgelaat word, is die weg steeds oop om beswaar volgens die kerklike weg aan te teken

### **5.3.4. Wesentlike en middelmatige sake.**

Die feit dat daar verskille bestaan oor die bepaalde besluite wat op 'n meerdere vergadering geneem is, impliseer alreeds dat almal nie dieselfde graad van belangrikheid aan die sake koppel nie. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat besin sal word oor sogenaamde middelmatige sake aan die een kant en wesentlike sake aan die ander kant. In die verskille

wat daar bestaan staan die vraagstuk na wat middelmatig is en wat wesentlik is in die brandpunt. Dit bepaal ook tot watter mate die verskille onderling onder mekaar verdra kan word. Die besinning oor wesentlike en middelmatige sake raak die Gereformeerde Skrifbeskouing wanneer bepaal moet word watter sake in die Bybel sentrale sake en watter periferale sake is.

Wesentlike sake is sake wat direk uit die Skrif kom (Howell, 2004:42). Hier gaan dit nie net oor dinge wat pertinent daar staan nie, maar ook sake wat op grond van direkte Skrifgegewens geldig uit die Skrif afgelei kan word. Dit is daardie sake wat die waarheid van die Woord en die geloof in God direk raak. Howell (2004:43) wys tereg daarop dat Skrifbeskouing 'n kardinale rol speel om by dieselfde siening en verstaan van wesentlike sake uit te kom. Sinoniem met die wesentlike sake is wat deur Calvyn aangedui word as die *essentialia* wat sake is wat uit die Skrif afgelei kan word slegs as die afleidings die toets van die Skrif kan deurstaan. Dit is die sake wat die geloofsbelydenis raak of die sake wat die gebruike wat op die Skrif en die voorbeeld van die apostels gegrond is (Howell, 2004:44). Wesentlike sake is dus sake wat die gewete bind en dié wat die algemene belang raak en om onvermydelike en noodsaaklike redes van krag is. Dit kom daarop neer dat wesentlike sake die sake is wat op grond van gangbare eksegese uit die Skrif aangewys kan word.

Teenoor die wesentlike, of *essentialia* staan die middelmatige sake. Dit is sake wat nie direk uit die Skrif of die belydenis af te lei is nie. Hierdie sake sluit gewoonlik onderlinge ordereëlings in. Uit die aard van die saak mag die gewetens van gelowiges nie in middelmatige sake gebind word nie. Tog bind besluite oor middelmatige sake gelowiges se optrede aangesien hulle vrywillig teenoor mekaar ooreengekom het om op 'n bepaalde manier op te tree. Soos wat die Skrif bepaal watter sake wesentlik is, bepaal die Skrif ook watter sake middelmatig is. Die dinge wat in die Skrif op die periferie lê en nie in die sentrum van die evangelie verkondiging staan nie, behoort ook in die kerk as middelmatig geag te word. Middelmatige sake beteken egter nie dat dit sake van minder belang is nie (Howell:2004:48).

Dit hou noodwendig in dat daar besin moet word oor die vraag of die sake waaroor daar tans verskil in die kerke heers, as middelmatige sake getipeer kan word waarin kerke self kan besluit. Hierdie vraag kom veral voor by die kwessie van die gebruik van kelkies tydens die viering van die nagmaal. Soos reeds aangetoon in 3.5.4 (bl.75) is Van Wyk (1990:256) van mening dat die Skrif nie misbruik mag word om 'n bepaalde manier van nagmaalgebruik te sanksioneer nie. In verband met middelmatige sake kom dit daarop neer dat 'n middelmatige saak verhef word tot 'n wesentlike saak. Dus word 'n saak wat op die periferie van die Skrif lê, verhef tot 'n kwessie wat in die middelpunt staan. Dieselfde kan gevra word van die beryming wat gesing word en die vertaling wat gelees word en wie in die besondere amp dien en of

verskillende bevolkingsgroepe lidmate van dieselfde gemeente kan wees. Is dit sake wat in die middelpunt staan of op die periferie van die openbaring van God?

Vanuit 'n simplistiese hoek kan hierdie sake moontlik deur sommige geag word as middelmatig, maar tog is daar sekere aspekte wat wesentlik is wat in ag geneem moet word. In hierdie aspekte moet die implikasies van dit wat oor die gesag van die Skrif bely word, in ag geneem word. As voorbeeld kan genoem word dat die wesentlike aspekte in die debat oor die vrou in die amp nie gaan oor of vroue in die amp mag dien of nie, maar op watter manier die Skrif gebruik word om vroue tot die amp toe te laat of nie toe te laat nie. Net so gaan dit nie oor die vraag of daar uit 'n kelkie of 'n beker gedrink moet word tydens nagmaal nie, maar oor hoe besin ons oor periferale en middelpunt sake in die Skrif. By die besinning oor Bybelvertaling en Psalmberyming moet deurgedring word na die die aanwysing van die Messias in die vertaling en beryming van die Ou Testament. Smit (1984:106-110) skryf dat slegs God die mens se gewete deur sy Woord kan bind. Wanneer ons gewetens bind op grond van menslike oorlewering en middelmatige sake word die gelowiges aan die tirannie van mense uitgelewer. In dieselfde asem moet ook erken word dat die menslike vryheid slegs binne die grense van God se Woord ware vryheid is. In hierdie lig is dit van wesentlike belang dat besin sal word aan watter sake ons gebind is deur die voorskrif van God se Woord en in watter sake laat die Woord ons vryheid toe. Spoelstra (1989:467) wys daarop dat selfs Calvyn gemaan het om verdraagsaam met gebreke, selfs tot op die vlak van leerverskille, tot op 'n bepaalde hoogte te wees, om skeuring of afskeiding in die gemeente te verhoed. Die vraag is wel hoe die “hoogte” van verdraagsaamheid bepaal word. Die bepaling en duidelike omskrywing van dit wat as wesentlik en middelmatig geag word kan as goeie hulpmiddel dien om die hoogte te bepaal. In die verskille wat tans in die GKSA heers is dit van net so groot belang om uitsluitsel hier oor te kry. Veral op die gebied van kerkreg en binding aan sinodebesluite.

Ten opsigte van die heersende verskille in die GKSA bied besinning oor middelmatige en wesentlike sake 'n weg waarlangs verskille opgelos kan word. As sprekende voorbeeld kan hier die kwessie van die gebruik van kelkies tydens die viering van die Nagmaal dien. Wanneer ooreenstemming gevind kan word of die gebruik van die gemeenskaplike beker ‘n wesentlike (of middelmatige) saak is, kan spanning voorkom of opgelos word. Wanneer dit duidelik word dat dit wel 'n wesentlike saak is weet kerke en lidmate dat dit so volgens die instelling van Christus gevier behoort te word. Indien dit duidelik is dat die gebruik van die beker ‘n middelmatige saak is, behoort lidmate verdraagsaam teenoor mekaar te wees te midde van die verskillende standpunte. In hierdie lig behoort die gesprek nie net te handel oor die die beker of kelkies nie, maar juis oor die belangrikheid of nie-belangrikheid van die gemeenskaplike drinkbeker. Hierdie benadering geld ook die ander verskille wat tans in die

GKSA verband heers. In plaas daarvan om te fokus op die mag en nie mag nie moet gepoog word om te besin waaroor daar wel verskillende praktyke toegelaat behoort te word en waarin is daar ‘n duidelike voorskrif vanuit die Skrif af te lei is.

### **5.3.5. Skrifbeskouing en binding aan die belydenis.**

Dit is van wesentlike belang dat daar ook besin moet word oor die feit dat besluite aan die Gereformeerde belydenis getoets kan word. Die vraag wat hier na vore kom is in watter mate besluite getoets en gebind is aan die Gereformeerde belydenis en in meer besonderhede aan die Gereformeerde Skrifbeskouing. Coetzee (1988:32) wys daarop dat die verhouding tussen Skrifbeskouing en belydenis van grootste belang is wanneer daar besin word oor dinge wat kerke uit mekaar hou. Hoewel Coetzee die stelling op die interkerklike gesprek tussen die Gereformeerde Kerke, Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van toepassing maak geld dit so ook binne ŉ bepaalde kerkverband. Die gelowige en daarom ook die kerk in sy besluite word aan die belydenis gebind met die oortuiging dat die belydenis met die Woord van God ooreenstem (Howell, 2004:71).

Skrifbeskoulik word die gelowige dus gebind aan dit wat ons oor die Skrif bely, veral soos ons dit in artikel 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis vind. Dit beteken nie dat die belydenis as die Skrif se gelyke geag word nie, maar dat die belydenis met die Woord ooreenstem. Die belydenis vloei dus uit die Skrif voort en rus op die Skrif (Howell, 2004:71). In hierdie lig is ons gebind aan die belydenis van die aard en die gesag van die Skrif soos dit in artikel 2-7 van die NGB voorkom, omdat dit wat die Skrif self oor die Woord openbaar, daarin verwoord word. Waar die kerk van hierdie Skrifbegronde belydenis afwyk word die kerk weerloos in ŉ tyd waar dwaalleer aan die orde van die dag is en is dit moeilik vir die kerk om haar roeping te vervul en die evangelie uit te dra (Coetzee, 1988:36). Kerke bind hulle dus aan die belydenis omdat hulle besef dat geen kerk sonder ŉ belydenis kan bestaan of voortbestaan nie, aangesien die binding aan die belydenis die oortuiging van die kerke is dat wat bely word, dit is wat die Skrif leer. (Howell, 2004:72).

Die vraagstukke wat tans in die GKSA heers, beklemtoon die belang van binding aan die belydenis. Waar die kerke onderling ooreengekom het om die belydenis te onderskryf, moet die kerke gedurig weer besin in watter mate besluite die gees en inhoud van die belydenis adem. Soos reeds aangetoon in hoofstuk 3, kan daar nie op grond van die hermeneutiese vertrekpunte soos dit in deputate rapporte en sinodebesluite verwoord word, ŉ verskuiwing in Skrifbeskouing aangedui word nie. Die leemte wat moontlik bestaan en aanleiding tot die verskille kan gee, is dat die kwessie van binding aan die belydenis nie duidelik verwoord word in die eksegetiese arbeid nie. ŉ Voorstel wat in hierdie verband gemaak kan word is dat die implikasie van die Gereformeerde Skrifbeskouing in die eksegetiese arbeid aangedui

word. Dan word die Gereformeerde Skrifbeskouing nie alleen gesien as vertrekpunt in die eksegetiese arbeid nie, maar ook as deurlopende toets vir Skrifgetrouheid en uiteindelike maatstaf vir Skriftuurlikheid van bevindings.

Dit is wel duidelik dat die belydenis nie direkte uitsprake rakende die heersende verskille in die GKSA maak nie, maar tog moet die verskille in die lig van die belydenis aangespreek word. Waar die verskille Skrifbeskoulike aspekte raak kan die belydenis juis 'n raamwerk gee hoe die verskille hanteer behoort te word. Dan is die vraag nie meer wat gedoen en nie gedoen mag word nie, maar of en hoe 'n bepaalde gebruik die belydenis raak

### 5.3.6. Implikasie vir die verskille in die GKSA.

#### *5.3.6.1. Volkereverhoudinge.*

Wat die binding aan die besluite rakende volkereverhoudinge betref is daar nie wesentlike reaksie op die besluite van kerkeenheid oor kulturele en taalgrense heen nie. Die roeping tot die eenheid van die kerk van Christus word deur die kerke ernstig opgeneem en bind hulle aan die besluite van Sinodes 2006 en 2009. Die kerke is dit ook met mekaar eens dat die eenheid van die kerk nie ondergeskik aan die verskeidenheid van die kerk gestel mag word nie.

#### *5.3.6.2. Bybelvertaling en Psalmberyming.*

Sinode 2006 en 2009 het die besware wat ingebring is teen die gebruik van die die 2001-omdigting en 1983-vertaling van die Bybel aangehoor en afgewys (vgl. 3.4.2 en 3.4.3). Die vraag waaroor nou besin moet word, is in watter mate die kerke wat beswaard was teen die gebruik van die 2001-omdigting en die 1983 vertaling gebind is aan hierdie besluite van sinodes. Uit die besluite is dit duidelik dat die kerke nie gebind word om die een vertaling ten koste van die ander of die een beryming ten koste van die ander te gebruik nie. Kerke wat dus steeds die een vertaling bo die ander verkies, of die een beryming bo die ander is steeds gebind aan die staande besluite van sinodes. Soos reeds aangedui moet hier besin word watter aspekte van die Bybelvertaling en Psalmberyming is middelmatige sake en watter nie. Deur voortgaande gesprek is dit veral belangrik dat daar deurgedring sal word na hermeneutiese vertrekpunte en hoe ons die binding aan die belydenis en Skrif beskou. Omdat kerke gebind is aan die Skrif en die belydenis moet die wesentlike sake van die eenheid van die Skrif, die verband tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament, en die duidelikheid van die Skrif met mekaar gedeel word. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat daar nie alleen op die vertaling of omdigting alleen gefokus word in die besluitneming van vergaderings nie, maar daar moet ook aandag gegee word aan die implikasies van besluite op die binding aan die belydenis. Hier is dit belangrik dat daar duidelike verantwoording

gegee moet word oor watter implikasie die produk van vertaling of beryming vir die Gereformeerde Skrifbeskouing inhou.

***5.3.6.3. Gebruik van kelkies by die nagmaal.***

Die verskil wat bestaan rondom die gebruik van kelkies tydens die viering van die Nagmaal raak die vraagstuk na wesentlike en middelmatige sake direk. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat daar in die lig van die Skrifopenbaring uitsluitsel sal kom oor wat werklik middelmatig en wat wesentlik is in die viering van die Nagmaal. Die besluit en gevolglike prinsipiële raamwerk wat deur Sinodes 2000, 2003 en 2009 neergelê is, spreek hierdie vraagstuk nie in diepte aan nie. Verder moet daar besin word in watter mate kerke gebind kan word aan bepaalde gebruike. Soos Howell (2004:48) aangedui het moet daar ook rekening gehou word met die feit dat gelowiges ook in middelmatige sake gebind is aan mekaar en aan die Skrif, al is dit net op grond van usansie. Uit die ondersoek tot dusver is aangetoon dat die brood en die wyn die wesentlike sake is waaroor dit in die Nagmaal gaan, daarom is duidelike uitspraak oor die plek van die gemeenskaplike drinkbeker noodsaaklik om die verskille by te lê.

***5.3.6.4. Vroue in die besondere dienste.***

Van Deventer (2005:694) het dit duidelik gemaak dat die groot probleem rakende die vrou in die besondere dienste in wese ŉ hermeneutiese probleem is. In hierdie studie is dit ook aangetoon dat die verskille rakende hierdie besluite juis op die vlak van die verstaan van Skrifgegewens lê. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die verskille op die vlak van eksegetiese metode en hermeneuse aangespreek moet word. Desnieteenstaande hierdie gegewe moet daar tog besin word hoe hierdie verskil in die lig van ons binding aan besluite en die belydenis hanteer behoort te word. In die dagpers is daar berig dat enkele kerke wel besluit het om teen die besluit van Sinode 2009, wel vroue in die diens van ouderling te bevestig. Hierdie optrede moet vanuit ŉ kerkregtelike hoek, maar ook uit ŉ Skrifbeskoulike hoek, ten sterkste afgewys word. Sulke optrede bring die onderlinge afspraak dat ons gebind is aan besluite op grond van die Skrif en die belydenis in gedrang, met die noodwendige gevolg dat dit wat deur die kerke saam in Sinode afgespreek is, verbreek word. Die weg wat aangedui word vir die hantering van verskille is juis in artikel 31 van die Gereformeerde Kerkorde aangedui.

Waar kerke wel beswaar teen die laaste besluit van Sinode 2009 maak, is dit noodsaaklik dat die hermeneutiese probleem aangespreek moet word. In die lig van die hermeneutiese en Skrifbeskoulike aspekte wat in hierdie besluit na vore kom moet hierdie kwessie wel gesien word as ŉ wesentlike saak waarin die verskille op ŉ ordelike wys hanteer moet word.

## *5.4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING.*

In hierdie hoofstuk is gepoog om aan te dui hoe hierdie verskille in die lig van die Gereformeerde Skrifbeskouing hanteer behoort te word. Aandag is gegee aan die twee hoofsake naamlik eksegetiese metode en die kwessie van binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde aan die hand van artikel 31 van die Gereformeerde kerkorde. Die verband met die Skrifbeskouing lê daarin dat die eksegetiese arbeid op die basis van Skrifbeskouing staan en dat die kerke aan mekaar gebind is deur besluite wat op die Skrif gegrond is.

Met betrekking tot eksegetiese metode is dit noodsaaklik dat besin word oor die verhouding tot, en die plek van die sosiohistoriese gegewens in die eksegetiese proses. Dit is duidelik dat die sosiohistoriese gegewens deel is van die grammaties-histories eksegetiese metode wat in die GKSA gebruik en geleer word. Hierdie metode laat reg geskied aan die taalkundige (grammaties) en die historiese gegewens (sosiohistoriese en openbaringshistoriese) van die teks wat verklaar en verstaan moet word. Die metode en die verskillende aspekte van die eksegetiese proses moet reg laat geskied aan die Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte soos dit in die GKSA in die besonder en in die gereformeerde teologie in die algemeen aanvaar word. In die eksegetiese proses is dit belangrik dat die implikasies van die Gereformeerde Skrifbeskouing in ag geneem word, maar ook aangetoon word in aanbevelings en besluite na meerdere vergaderings. Op hierdie manier dien die Gereformeerde Skrifbeskouing nie net as vertrekpunt in die eksegetiese arbeid nie, maar ook as deurlopende begrensing in die verstaanproses en waar toepassing gemaak word. Dit hou in dat afleidings wat op grond van grammatikale en historiese gegewens gemaak word, aan die toets van die belydenis en daarom ook aan die openbaring van die Skrif self getoets word.

Met betrekking tot die binding van kerke aan besluite op grond van Skrif, belydenis en kerkorde soos dit in artikel 31 van die Kerkorde gereël word is dit noodsaaklik dat kerke hul op grond van die Skrif sal bind aan besluite wat deur meer kerke saam gemaak is. Alhoewel daar tans vanuit ekklesiologiese oorwegings ondersoek gedoen word na die bewoording van art. 31 KO, geld die beginsel dat kerke op grond van die Skrif in wesentlike sake, en in middelmatige sake aan mekaar gebind is. Kerke kan dus nie op grond van die ratifikasie proses besluit om besluite nie uit te voer, sonder om die kerklike weg soos in artikel 31 ooreengekom, te volg nie. waar sake aan die vryheid van kerke oorgelaat word, het daardie kerke die reg om binne die grense van die Skrif die vryheid uit te leef, maar steeds word die kerke gebind aan mekaar. Hierdie binding staan op die fondament van die Skrifbeskoulike beginsel dat die Skrif die openbaring van die gesag is waardeur Christus sy kerk regeer.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKING

### *6.1. INLEIDEND.*

Die doelstelling van hierdie studie was om na aanleiding van die verskillende strydpunte wat oor die afgelope vyftig jaar in die GKSA ontwikkel het ondersoek te doen of daar 'n verskuiwing in die Skrifbeskouing van die GKSA ingetree het. Die strydpunte wat ter sprake kom is besluite rakende volkereverhoudinge en kerklike eenheid, die gebruik van kelkies tydens die viering van die nagmaal, die gebruik van die 1983-vertaling van die Bybel naas die 1933/53-vertaling, die 2001-omdigting van die Psalms en die vraag of vroue in die besondere diens van predikant, ouderling en diaken kan dien. Verder het die studie ten doel gehad om ondersoek in te stel na die invloed wat paradigmaskuiwe op die verskille in die GKSA gehad het met spesifieke fokus op die invloed van die postmodernisme en die fundamentalisme in die verskille wat in die kerkverband bestaan. Die studie het verder ook ten doel gehad om in die lig van die Gereformeerde Skrifbeskouing ondersoek te doen na die hantering van die verskille. In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings in samehang met die doelstellings van die studie uiteengesit. Om hierdie gevolgtrekkings doelmatig uit een te sit, word elke verskilpunt afsonderlik hanteer.

### *6.2. HISTORIESE OORSIG*

Hoofstuk 2 het ten doel gehad om 'n historiese oorsig te gee rakende die besluite wat aanleiding gegee het tot die verskille wat in die GKSA ontstaan het. In hierdie hoofstuk is die historiese verloop van belangrike besluite en tersaaklike besware teen die besluite oor die verloop van 1959 tot hede geskets. Deputaterapporte wat as aanbevelings gedien het en die Skrifbeskoulike vertrekpunte wat die besluite ten grondslag gelê het is aangetoon. Uit die historiese oorsig het dit duidelik geword dat die GKSA deurgaans erns gemaak het met die Skriftuurlike begronding van besluite. In die lig van hierdie feit is dit dus noodsaaklik dat besin moet word oor die Skrifbeskouing, aangesien daar na die lig van die Skrif gevra word in die neem van besluite. Uit die oorsig het dit tog duidelik geword dat daar ten spyte van die beroep op die Skrif verskillende standpunte oor die sake is. Sake wat aandag geniet is die kwessie van verskeidenheid en eenheid by volkereverhoudinge, die eenheid van die Skrif by Bybelvertaling en Psalmomdigting en die vraag oor duidelikheid van die Skrif by die kwessie

van die vrou in die besondere dienste. Die verskilpunt rakende die gebruik van kelkies by die Nagmaal raak die vraag oor die hantering van sentrale en periferale sake in die Skrifopenbaring.

Die bevindinge van die studie sal vervolgens na aanleiding van elke verskilpunt gemaak word.

### *6.3. SAMEVATTING*

Om te bepaal of daar ŉ verskuiwing in Skrifbeskouing in die GKSA plaasgevind het, was dit eerstens nodig om die Gereformeerde Skrifbeskouing te definieer. Sodanige definisie staan op die fondament van die Skrif self, soos dit in die Gereformeerde Belydenisskrifte verwoord word. Hierdie definisie kan soos volg verwoord word: Op grond van die belydenis is ŉ gereformeerde Skrifbeskouing: ŉ beskouing van die Skrif wat erken dat die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament in die Bybel die organies geïnspireerde Woord van God deur die Heilige Gees is, waardeur Hy Homself, in soverre dit Hom behaag, sy wil en die weg tot saligheid deur Jesus Christus alleen aan sy kerk bekend maak. Alhoewel hierdie openbaring onderskei word in die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament, vorm dit ŉ eenheid in Jesus Christus wat die weg van saligheid, die reël van die geloof en die wil van God volkome, genoegsaam en duidelik aan sy kinders bekend maak. Aan die hand van hierdie definisie kan bepaal word of daar ŉ verskuiwing in Skrifbeskouing plaasgevind het en watter ander faktore kon aanleiding gee tot verskillende standpunte. In die lig van die gereformeerde Skrifbeskouing kan daar dan gesien word hoe om hierdie verskille verder te hanteer.

#### **6.3.1. Volkereverhoudinge.**

In besluite rakende volkereverhoudinge is daar vanuit die staanspoor kennis geneem dat die Bybel nie kan dien as ŉ sosiologiese handboek rakende volkekundige gegewens nie. Tog sê die Bybel nie niks oor die verhoudings tussen volke nie. In die studierapporte wat voor die sinodale vergaderings gedien het en die besluite wat geneem is het dit duidelik geword dat die vraagstuk na eenheid en verskeidenheid na vore tree. In die GKSA is die verskeidenheid in die volkerebedeling sterk beklemtoon, alhoewel die kerke nie ŉ uitspraak ten gunste of teen ŉ bepaalde politieke beleid gemaak het nie. Hierdie vraagstuk het nie net gewentel rondom ŉ staatkundige beleid nie, maar die konkrete vraag of kerke van verskillende bevolkingsgroepe saam kan vergader. In die historiese verloop van die besluite het dit duidelik geword dat die klem op verskeidenheid inhou dat kerke apart vergader het en met die klemverskuiwing na die eenheid van die kerk het dit ingehou dat kerke ook saam as een liggaam van Christus sal vergader. Dit het in die GKSA gerealiseer, eers met gesamentlike opleiding aan Potchefstroom en later in die totstandkoming van die Algemene Sinode.

In die besluite oor hierdie saak is voortdurend gepoog om die lig van die geheel van die Skrif op die vraagstuk te laat val sonder om die Bybel as wetenskaplike handboek te misbruik. Die klem wat in die begin op die verskeidenheid tussen volke geplaas is, het met die verloop van tyd plek gemaak vir die klem op die eenheid in Christus. Te midde van hierdie verskillende beklemtonings was daar geen verskil oor die beskouing van die Skrif wat aanleiding tot verskille gegee het nie.

In hoofstuk 4 is ondersoek gedoen na die rol wat verandering in denkraamwerk gespeel het in die besluite wat aanleiding tot die verskille in die GKSA gegee het. Die verskuiwing na die postmodernistiese hermeneutiek het nie ŉ invloed op die Skrifhantering of Skrifbeskouing van die GKSA gehad met betrekking tot volkereverhoudinge nie. Daar kan ook nie sonder meer aangetoon word dat die klem op die verskeidenheid ten opsigte van volkere ingebed is in ŉ fundamentalistiese Skrifbeskouing nie. Wat wel duidelik is, is dat die verskuiwing in denkraamwerk vir die kerk en die samelewing groot gevolge ingehou het, veral waar in ag geneem word dat die kerk juis binne hierdie postmoderne wêreld steeds die lig en waarheid van die evangelie moet laat skyn.

In die lig van Suid Afrika se geskiedenis is dit ŉ gegewe dat daar nog lank verskil sal word met betrekking tot volkereverhoudinge. In die lig van die Gereformeerde Skrifbeskouing kan hierdie verskille aangespreek word deur te waak dat een aspek van die Skrif nie ten koste van ŉ ander oorbeklemtoon word nie. Dit is noodsaaklik dat daar vanuit die Gereformeerde Skrifbeskouing ŉ manier gevind sal word om die beginsel van eenheid in verskeidenheid en verskeidenheid in eenheid tot sy reg te laat kom. Op die gebied van kerklike eenheid tussen verskillende volkere geld hierdie beginsel net soveel.

### 6.3.2. Bybelvertaling en Psalmomdigting.

Die besluite rakende Bybelvertaling en die Psalmomdigting het groot verskille in die GKSA veroorsaak. In die sentrum van hierdie kwessie staan die openbaring van die Messias in die Ou Testament. In hoofstuk 3 is aangetoon dat hierdie verskil nie die belydenis en onderlinge ooreenkoms rakende die eenheid van die Skrif in gedrang bring nie. In hierdie geval kom die verskille neer op die regte verstaan van die openbaringskarakter van die Ou Testament en die regte verstaan van die begrippe direk en indirek Messiaans. Die GKSA gaan van die standpunt uit dat die hele Ou Testament gerig is op die koms van die Messias en dat dit nie slegs ŉ Nuwe Testamentiese interpretasie van die Ou Testament is nie. Hiermee erken die GKSA die eenheid van die Skrif.

Daar is in die verskille ook aangevoer dat die gebruikte grondtekste en die vertaalmetode van die 1983-vertaling van die Bybel die duidelikheid van die Skrif in gedrang bring. Daar is aangetoon dat daar wel gedebatteer kan woord oor die duidelikste lesings van verskillende

grondtekste, maar tog kan daar nie tot die gevolgtrekking gekom word dat die gebruik van 'n spesifieke grondteks die leer van die belydenis van die duidelikheid van die Skrif in gedrang bring nie. Die dinamies-ekwivalente vertaalmetode gaan van die standpunt van 'n vryer hedendaagse vertaling uit en bring nie noodwendig die duidelikheid van die Skrif in gedrang nie. Tans is die GKSA ook deel van 'n vertalingspan wat werk aan 'n brontaal georiënteerde vertaling. Hierdie vertaling bied ook die moontlikheid dat die verskille wat aangedui is uit die weg geruim kan word.

Ten opsigte van die vertaling van die Bybel en die omdigting van die Psalms het die paradigmaverskuiwing van die modernisme na die postmodernisme in die hermeneutiek nie so 'n groot invloed gehad nie. Weer eens het hierdie aspek in nie een van die sinodale rapporte na vore getree nie. Daar kan wel aanvaar word dat die klem wat in die postmodernisme op verskillende verstaansmoontlikhede geplaas het, wel vryer meer verstaanbare vertaling en omdigting moontlik gemaak het.

In die besinning oor die hantering van die verskille ten opsigte van vertaling en omdigting moet daar aan die hand van die Gereformeerde Skrifbeskouing aandag gegee word aan die implikasies wat die Gereformeerde Skrifbeskouing op die proses van vertaling en omdigting het. In die eksegetiese arbeid moet die implikasies van die eenheid en die duidelikheid van die Skrif verreken word, maar ook duidelik aangetoon word. Tereg gaan dit nie net oor die gebruik van hoofletters of kleinletters in die Messiaanse aanduiding nie, aangesien die karakter van die Ou Testament ook na vore moet kom. Die Ou Testament het die karakter van verwagting van die Messias en die Nuwe Testament die karakter van die realisering. In die lig hiervan is dit moontlik dat verskille bygelê kan word wanneer hierdie twee verskille deeglik verreken en verwoord word. Wanneer hierdie vertrekpunte verreken word, word die moontlikheid van misverstaan uit die weg geruim. Uit die studie het dit duidelik geword dat die GKSA steeds die Messiaanse strekking van die Ou Testament erken soos dit bely word. Wanneer dit erken word kan maniere gevind word om die Messiaanse strekking in vertaling en omdigting nie net te verreken nie, maar ook duidelik aan te toon.

### <u>6.3.3. Die gebruik van kelkies by die viering van die Nagmaal</u>

Die verskille wat bestaan rondom gebruik van kelkies tydens die viering van die Nagmaal raak die Gereformeerde Skrifbeskouing veral omdat daar besin moet word watter sake op die sentrum en watter sake op die periferie van die Skrifopenbaring staan. In die besluite van sinodes word daar nie 'n voorskrif rakende hierdie kwessie gegee nie, maar eerder 'n prinsipiële raamwerk waarbinne die sakramentele handelinge tydens die Nagmaal moet geskied. Uit die hoeveelheid beswaarskrifte wat op sinodes gedien het en wysigings wat aangebring is, is dit duidelik dat die prinsipiële raamwerk, sake nie duidelik genoeg

aanspreek om rigting in hierdie verband te gee nie. Tog staan die raamwerk nie in teenstelling met die Gereformeerde Skrifbeskouing nie. Die duidelikheid, genoegsaamheid en inspirasie van die Skrif kom nie in die gedrang in hierdie vraagstuk nie. Daar word egter verskil oor watter plek die beker werklik in die viering van die Nagmaal inneem en wat die beker in die Nagmaal verkondig. Daar is eenstemmigheid dat die brood en die wyn die wesentlike elemente van die Nagmaal is en dat die beker nie as 'n derde teken by die Nagmaal gevoeg mag word nie. Die gebruik van die gemeenskaplike drinkbeker vorm deel van die sakramentele handelinge wat nie met die tekens vermeng mag word nie. Tog is die gebruik van die beker as sakramentele handeling nie onbelangrik nie, maar verkondig dit die gemeenskapskarakter van die Nagmaal.

Om die verskille wat by die gebruik van kelkies heers by te lê, is dit van belang dat daar deeglik besin sal word oor middelmatige en wesentlike sake. Hier moet daar deeglik in ag geneem word dat middelmatige sake nie minder belangrike sake is nie, maar dat die gewete oor hierdie sake nie gebind mag word nie. Om dit te voorkom moet die implikasie van preskriptiewe en deskriptiewe Skrifgegewens in ag geneem word terwyl dit voortdurend in die lig van die hele openbaring van God gestel word.

**<u>6.3.4. Die vrou in die besondere dienste</u>**

Die verskille rondom die vraagstuk of vroue tot die besondere diens van diaken, ouderling en predikant toegelaat kan word, is die saak wat oor etlike dekades in die GKSA gevoer word. Skrifbeskoulike aspekte wat in hierdie vraagstuk aangespreek moet word is die duidelikheid van die Skrif en die plek van die sosiohistoriese gegewens in die eksegetiese proses. In die deputaterapporte wat voor die sinode gedien het en die studie wat deur die Gereformeerde Teologiese Vereniging onderneem is, word die Skrifbeskoulike vertrekpunte duidelik gestel. Hierdie verskil het sigbaar geword toe daar op die Algemene Sinode van 2009 gestem word oor duidelik teenoorstaande standpunte. Tog bely voorstaanders van albei standpunte die duidelikheid van die Skrifopenbaring. Die probleem lê op die vlak van verskillende eksegetiese bevindinge.

Die verrekening van die sosiohistoriese konteks gee moontlik aanleiding tot hierdie verskil in bevindings. In die grammaties-historiese eksegetiese proses word daar voorsiening gemaak vir die regmatige verrekening van die sosiohistoriese gegewens, maar steeds moet gewaak word dat die historiese gegewens nie die betekenis van dit wat daar geskrywe staan veto nie. Daarom is dit noodsaaklik dat die sosiohistoriese gegewens in die geheel van die openbaringsgeskiedenis geplaas moet word. Dit is dus noodsaaklik dat daar steeds gesprek gevoer moet word oor die plek wat die sosiohistoriese gegewens in die eksegetiese proses moet inneem en die implikasie daarvan vir vraagstukke van vandag.

In die debat oor die vrou in die besondere dienste is daar ook besin oor die gevolge wat die paradigmaskuif na die postmodernisme op hierdie besluite gehad het en steeds het. Die Gereformeerde Skrifbeskouing wys die postmodernistiese hermeneutiek, waarin die leser self die bepaler van betekenis is, af. Te midde hiervan het die postmodernisme tog invloed op die leefwêreld en die denke van die gelowige wat nie net geïgnoreer kan word nie. Dit is dus 'n leemte dat die implikasie van paradigmaskuiwe en die realiteit van 'n postmoderne samelewing nie konkreet in die besluite van die GKSA verdiskonteer word nie. Dit beteken nie dat daar vanuit 'n postmodernistiese Skrifbeskouing geredeneer en besluit moet word nie, maar dat die realiteit van die leefwêreld in ag geneem moet word.

In die hantering van hierdie verskil is dit noodsaaklik dat besin word oor die geheel van die eksegetiese proses, sodat die eksegetiese proses nie die duidelikheid van die Skrif in gedrang bring nie. Verder moet die verskille langs die kerklike weg van artikel 31 van die Gereformeerde Kerkorde aangespreek word, waar kerke mekaar op grond van Skrif en belydenis as gebonde in Christus beskou.

## *6.4. FINALE BEVINDINGS.*

Die finale bevindings van die studie kan in die vorm van antwoorde op die volgende vrae gegee word.

- ***Het daar 'n verskuiwing in Skrifbeskouing in die GKSA plaasgevind?***

Nee, die GKSA maak erns met die eenheid, duidelikheid en genoegsaamheid van die Skrif wanneer oor sake besluit is.

- ***Het paradigmaskuiwe 'n invloed in die Gereformeerde Skrifbeskouing gehad?***

In die wetenskapsbeoefening is die gegewe van 'n paradigmaskuif van die modernisme na die postmodernisme goed aangetoon en ondersoek. Die Gereformeerde Skrifbeskouing staan afwysend teenoor die hermeneutiese implikasies van die postmodernisme aan die een kant en die fundamentalisme aan die ander kant. Dit is tog 'n leemte dat daar nie in studierapporte 'n duidelike verrekening van die heersende denkraamwerk gegee word nie.

- ***Hoe moet die verskille in die lig van 'n Gereformeerde Skrifbeskouing aangespreek word.***

Die implikasies van die Gereformeerde Skrifbeskouing behoort in studies duidelik verwoord te word. Wanneer verskille na vore kom, is dit belangrik dat dit volgens die kerklike weg sal wees waar gelowiges en kerke mekaar op grond van die Skrif en die belydenis as gebonde beskou.

# 7. BRONNELYS.


ACTA, *kyk* GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA.

ANONIEM *kyk* BYLAAG

BAVINCK, H. 1928. Gereformeerde Dogmatiek. Deel 1. Kampen: J.H. Kok

BACOTE, V. 2000. The new scarlet letter. *Christianity today November 13.*

BEEKE, J.R. & SINCLAIR, B.F. 1999. Reformed Confessions harmonized. Michigan : Baker Books.

BREED, D.G, JORDAAN, G.J.C. & JANSE VAN RENSBURG, J.J. 2008. Manlik en vroulik in die kerk. Geslagtelikheid in die besondere dienste. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

BRUEGGEMANN, W. 1997. Theology of the Old Testament. Minneapolis : Fortress Press.

BURDEN, J. 1993. Psalms. *In* die Bybel in praktyk. Vosloo W en Janse van Rensburg JJ (red). Pretoria : Christelike Uitgewers Maatskappy.

BUYS, A.L.A. 1994. Byeenkoms van bekommerde gereformeerdes op Nylstroom. *Waarheid en Dwaling 1(1) 3-4.*

BYLAAG, 1988. Plek van die vrou in die kerk. Bylae by die rapport in die aanvullende agenda van die nasionale sinode 1988. Potchefstroom : Admin Buro van die GKSA.

CALVYN. J. 1984. Die Institusie van die Christelike godsdiens. (Vertaal deur dr. H.W. Simpson). Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik. Pretoria : RGN.

COETZEE, C.F.C,1988. Die interpretasie van die belydenis. *In:* Waar die paaie saamwoon. P.J. De Bruyn (red). Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies

COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Proefskrif Th.D. Potchefstroom : Pro Rege.

COETZEE, J.C. 1995. Sleutels tot die Godsopenbaring van die Nuwe Testament. Potchefstroom : Diktaat uitgawe.

COETZER, J.P.J. 2000. Gister se dade, vandag se oordeel. Pretoria : J.P. Van der Walt en Seun (Edms.) Bpk.

D'ASSONVILLE, V.E. 2002. Skrifgesag – Christus – Die Psalmberyming 2001. *Waarheid & Dwaling* 8(5)3-6.

D'ASSONVILLE, V.E. 2003. Deformasie? "Nuwe Reformasie"? Reformasie. *Waarheid en Dwaling 9(7):8-14.*

D'ASSONVILLE, V.E, KAYAYAN, E. & SHULZE, L.F. 2004. Christus self is in die gedrang. *Kerkblad.* Maart 32-33.

DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1999. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking. Toegepas op 1 Pet 2:11-12. Potchefstroom : PU vir CHO.

DU PLOOY, A. le R. 2003. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859-2002: Die vervulling van 'n roeping ten opsigte van die koninkryk van God. *In die Skriflig 37(3):485-504.*

DU PLOOY, A. le R. & VORSTER, J.M. 2007. Handhawing van die suiwere leer teen kerkregtelike dwalinge. Skrywe aan die kerke in die GKSA

DU TOIT, D. 1981. Die Afrikaanse Rassebeleid en die Skrif. Artikels van prof. dr. J.D. du Toit en prof. dr. S du Toit. Privaat Uitgegee

DU TOIT, S. 1971. 'n Krisis in die Skrifverklaring. *In:* Besinning en uitsig. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

ERASMUS, J.C. 2003. Skrifgesag. Manuskripte en Bybelvertaling. Orkney : EFJS Drukkers.

FLOOR, L. 2003. Die Redakteur gesels met Prof. Bert Floor. *In* Die Kerkblad 9-11. Desember.

FEENSTRA, J.G. 1947. Onze Geloofsbelydenis. Kampen : J.H. Kok.

HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

HELBERG, J.L. 2006. Die Messiaanse aard van die psalms: Hoe dit 'n Nuwe-Testamentiese lees, vertaling en omdigting van die psalms raak. *In die Skriflig 40(4):575-596.*

HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1974. Op weg met die teologie. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

GES *kyk* GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE.

GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE. 1972. Acts of the reformed ecumenical synod, Australia.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1869. Handelingen van de vierde Algemene Synodale Kerkvergadering van die Gereformeerde gemeenten in Zuid Afrika. Kaapstad : Solomon.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1873. Handelingen van de vijfde Algemene Synodale Kerkvergadering van die Gereformeerde gemeenten in Zuid Afrika. Kaapstad : Solomon.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1927. Handelinge van die twee en twintigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika in sitting by een te Reddersburg, OVS op Vrydag 25 Maart en volgende dae. Bloemfontein : Naspers.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1930. Handelinge van die drie en twintigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika in sitting by een te Burgersdorp, KP. op Vrydag 6 Maart en volgende dae. Potchefstroom : De Weste Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1952. Handelinge van die een en dertigste Nasionale Sinode. Pretoria : V&R Drukery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1955. Handelinge van die twee en dertigste Nasionale Sinode. Pretoria : V&R Drukery

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1958. Handelinge van die drie en dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Pretoria : V&R Drukkery

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1961. Handelinge van die vier en dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Pretoria : V&R Drukkery

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1964. Handelinge van die vyf en dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Pretoria : V&R Drukkery

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1967. Handelinge van die ses en dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Pretoria : V&R Drukkery

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1970. Handelinge van die ses en dertigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Pretoria : V&R Drukkery

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1985. Handelinge van die twee en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1988. Handelinge van die drie en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1991. Handelinge van die vier en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1994. Handelinge van die vyf en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 1997. Handelinge van die ses en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 2000. Handelinge van die sewe en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 2003. Handelinge van die agt en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : V&R Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 2006. Handelinge van die nege en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : V&R Drukkery

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA. 2009. Handelinge van die vyftigste Nasionale Sinode en die tiende Sinode Middellande in die eerste Algemene Sinode te Potchefstroom en volgende dae. Potchefstroom : V&R Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUIDELIKE AFRIKA. 1965. Handelinge van die eerste Algemene Sinode van die Gereformeerde kerke in Suidelike Afrika. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUIDELIKE AFRIKA. 1988. Vyfde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika ACTA

GREIJDANUS, S. 1946. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring. Kampen : Kok.

GRONUM, N. & JANSE VAN RENSBURG, J.J. 2004. Die Gereformeerde Skrifbeskouing en die verkenning van die sosiohistoriese konteks in die eksegese proses. *In die Skriflig 38(4)579-592.*

HAROLDT, M.D. 1998. Postmodern Hermeneutics. *In* Initiation into theology. The rich variety of theology and hermeneutics. Maimela, S. & Konig A (red). Pretoria : J.L. Van Schaik.

HELBERG, J.L. 1983. Hoe ontvang ons 'n nuwe Bybelvertaling? *Die Kerkblad 86(2681):1-5*

HELBERG, J.L. 1984. Kras uitsprake oor rasseverhoudinge – Afrikaanse kerke skuldig bevind. *Die Kerkblad 87(2700):1-2*

HOWELL, J.H. 2004. Binding aan Kerklike besluite – 'n Gerformeerd Kerkregtelike studie. Potchefstroom : PhD Proefskrif.

JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1996. 'n Metodologiese verkenning na die verdiskontering van die sosiohistoriese gegewens in die bestudering van die vreemdelingskap in 1 Petrus. *In die Skriflig 30(1)37-55.*

JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1993. 1 Timoteus. *In* Bybel in Praktyk. Pretoria : CUM

JOOSTE, J.P. 1958. Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika – 1859-1959. Potchefstroom

JORDAAN, G.J.C. s.j. Inleiding tot die Tekskritiek van die Nuwe Testament. Ongepubliseerde diktaat.

JORDAAN, G.J.C. 1991. Skrifbeskouing: Deurslaggewende faktor by Skrifverklaring. Potchefstroom : Wetenskaplike bydraes.

JORDAAN, G.J.C. 1999. Postmodernistiese hermeneutiek – 'n doodloopstraat. Ongepubliseerde diktaat

JORDAAN, G.J.C. 2003. Buite Bybelse gegewens of "die letter van die teks". Ongepubliseerde voordrag.

JORDAAN, G.J.C. 2005. Sentrum en periferie in die eksegese van die Skrif. *Waarheid en Dwaling 11(7)3-5.*

JORDAAN, G.J.C. 2005. Gereformeerde teologie in die spervuur tussen die fundamentalisme en die anti-fundamentalisme. *Acta Theologia.* Supplementum 5.

JORDAAN, G.J.C. 2008. Hoe lees 'n mens die Bybel. Gereformeerde hermeneutiek in krisis. *Woord en Daad* Lente 2008:7-11.

JORDAAN, G.J.C., JANSE VAN RENSBURG, JJ. & BREED, D.G. 2008. Hoe verstaan en interpreteer ons die Bybel. Antwoorde op die diskussie artikel van Hans Van Deventer. *Die Kerkblad 111(3217):29-31.*

JUMA, F.A. & VORSTER J.M. 1998. Kung's theory of paradigms in Church History: an Evaluation. *Studie Historiae Ecclesiasticae 24(2):116-130.*

KRÜGER, P.P. 2009. Weer eens: Grammaties-historiese eksegese. *Die Kerkblad 111(3221):32.*

KUHN, T.S. 1970. The structure of scientific revolutions. Chicago : University of Chicago Press.

KURPERSHOEK, P.W. 1997. Die hantering van die sosiohistoriese gegewens in die eksegese proses. Potchefstroom : ThM Verhandeling

MARSDEN, 1980. Fundamentalism and American Culture. Grand Rapids : Eerdmans.

MEIJER, J.G. 1983. Yster en klei. Suid Afrikaanse volkere verhoudings in die lig van die Skrif. Pretoria : T.G. Drukkers

MEIJER, G.J. 2002. Mag gereformeerde kerke die nuwe psalmberyming aanvaar? *Waarheid & Dwaling,*8(2),7-10.

MEIJER, G.J. 2008. Kerkwees en die "getuienis oor kerkregtelike dwaling" *In* Kerkewees en getuienis. Pretoria : Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

METZGER, B.M. 1968. The text of the New Testament. It's transmission, corruption and restoration. 2nd ed. Oxford : Clarendon Press

METZGER, B.M. 1971. A Textual commentary on the New Tstament. United Bible Societies.

PIETERSE, R. & VAN DEVENTER, H. 2002. Die vroue kwessie in die GKSA. *In die Skriflig 36(4) 661-69*.

PINNOCK, C.H. 2000. Defining American fundamentalism. A response. *In* The fundamentalist phenomenon. N.J. Cohen (red). Grand Rapids : Eerdmans.

POLMAN, A.D. s.j. Woord en Belijdenis. Eenvoudige verklaring van die de Nederlandse Geloofsbelijdenis Deel 1 Frankener : T Wever.

RIDDERBOS, N.H. 1962. De Psalmen, *In:* De Korte verklaring van de Heilige Schrift met nieuwe vertaling. Kampen : Kok.

RIEKERT, S.J.P.K. 2004 Voorveronderstellings in die hantering van die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament. 'n Beskrywing na aanleiding van Friedrich Baumgartel. Die Woord verwoord D. F. Tolmie (red). *Acta Thelogica suplumentum 6.*

SMIT, C.J. & VORSTER, J.M. 2000. Die GKSA en sy Gereformeerde identiteit. Kan dit behou word in 'n postmoderne gemeenskap. *In die Skriflig 34(4):515-533.*

SNYMAN, A.H. 2003. Die 1983 Bybelvertaling in die lig van huidige tendense en behoeftes. *Acta Theologica 23(1)175-195.*

SNYMAN, G. 1992a. Kenteoretiese besinning oor teologiese beoefening. *In die Skriflig 26(2):247-266*

SNYMAN, G. 1992b. Binnegevegte in die GKSA: Verskuiwing van 'plausability structures'. *In die Skriflig 26(3):351-367.*

SNYMAN, G. 2008. Grammaties-historiese benadering is nie omvattend nie. *Die Kerkblad 111(3218):31*

SNYMAN, W.J. 1977. Rasseverhoudinge in die Skrif. *In* Nuwe en Ou Dinge: Uit die skat van die Koninkryk. P.C. Snyman (red). Potchefstroom : Pro Rege.

SPOELSTRA, B. 1970. Die Bybel en ons Afrikaanse volkerebeleid. *In die Skriflig 4(15):34-45*

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en kerkregering. Handboek by die Kerkorde. Pretoria : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika.

SPOELSTRA, B. 2008. Nogeens art 31 Kerkorde. *Kerkblad. Des. uitgawe. 111(3218):27-28.*

SPYKMAN, G.J. 1991. Reformational Theology. A new paradigm for doing dogmatics. Grand Rapids : Eerdmans. W.B.

STEENEKAMP, N.J.S. & VAN AARDE, A.G. 1991. Dekonstruksie en Bybelse hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies 47(2):472-486.*

TREURNICHT, A.P. 1975. Die Credo van 'n Afrikaner. Kaapstad : Tafelberg.

VAN BRUGGEN, J. 1978. The future of the Bible. New York : Thomas Nelson.

VAN DER MERWE, D.C.S. 1973. Kerk, volk en ras in die sendingbeleid van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WALT, B.J. 2006. Die Postmodernisme. 'n Verleentheid of geleentheid. *Die Kerkblad* September 2006 32-33

VAN DER WALT, J.J. 1983. Die Bybel wreek Bybelmisbruik. *Die Kerkblad 86(2678):4*

VAN DER WALT, N.H. 1938. Sing. *Die Almanak van die Gerormeerde Kerke in Suid Afrika vir die jaar 1938.* Pretoria : Caxton Drukkery.

VAN DER WALT, T. 1996. Hoekpale van gereformeerd-wees. Kernwaarhede van die gereformeerde leer. *In die Skriflig 30(4):519-532.*

VAN DEVENTER, H.J.M. 2005. Why minds changed: an inquiry into the desicions by the Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) on the rol of women in office. *Koers 70(4):685-704*

VAN DEVETER, H.J.M. 2008. Reaksie op Diskussie artikels. *Die Kerkblad 111(3215):31.*

VAN DEVETER, H.J.M. 2008b. 'n Wordende weerwoord. In gesprek met proff. Jordaan, Janse van Rensburg en dr Breed. *Die Kerkblad 111(3218):30.*

VAN HUYSSTEEN, P.H. 1976. Die berymde Psalms en Skrifberymings. Potchefstroom : Deputate vir die Calvyn Jubelium boekefonds.

VAN ROOY, H.F. 2004. Die Nuwe Psalmomdigting: Die Messias weggelaat? *Hervormde Teologiese Studies 60(3):755-767.*

VAN ROOY, H.F. 2005. Messias verwagting en prediking in die Ou Testament. *In die Skriflig 39(3):615-630.*

VAN WYK, J.H. 1985. Die man van die derde weg. W.J. Snyman as teoloog. Potchefstroom : Brosjures vir die instituut vir reformatoriese studies nr. 35.

VAN WYK, J.H. 1990. Die Woord is waardevol. 'n Dogmatiese besinning oor die Gereformeerde skrifbeskouing. Potchefstroom : Wetenskaplike bydrae van die PU vir CHO.

VAN WYK, J.H. 1991. Besinning oor die viering van die Heilige Nagmaal. *In die Skriflig 25(2):245-264.*

VAN WYK, J.H. 1993. Homo Dei. 'n Prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder die van Calvyn. *In die Skriflig 27 Supplementum(1):1-112.*

VAN WYK, J.H. 2002. Fundamentalisme en Kritisisme. Nadenke oor Skrifbeskouing en Skrifverklaring – van Augustinus tot Bultmann. *In die Skriflig 36(4):593-620.*

VAN WYK, J.H. 2004. Verskuiwings in kerk en politiek. *Woord en Daad. Somer uitgawe*

VAN WYK, J.H. 2005. Die gereformeerd-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig 39(1):175-192.*

VAN WYK, J.H. 2008. Spanning in die kerk. *Die Kerkblad. 110(3207):6-7.*

VAN WYK, J.H. 2008. Oor die Bybel, Bybellees en etiek: In gesprek met Gerrie Snyman. *In die Skriflig 42(4):685-707*

VENTER, P.J. 2008. Artikel 31 Kerkorde tameletjie. Bring ons al verder in tamatiestraat *Kerkblad. November uitgawe 111(3217):24-25.*

VERGEER, W.C. 1993. Teologie en kenteorie. ŉ Reaksie op die artikels van Gerrie Snyman. *In die Skriflig 27(4):563-582.*

VERGEER, W.C. 1999. 1 Timoteus. *In* Bybellenium. Vosloo, W. & Van Rensburg, J.J. (*red)* Pretoria : CUM

VERGEER, W.C. 2002. Anomalieë in die Gereformeerde standpunt oor die rol van die vrou in die kerk. *In die Skriflig 36(4):661-689.*

VERGEER, W.C. 2006. Gereformeerd wees vandag. *Woord en daad.* Herfs

VORSTER, J.M. 1992. Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika in ekumeniese konteks. *In die Skriflig 26(1):15-28.*

VORSTER, J.M. 1994. Die kerk in 'n nuwe konteks. *In die Skriflig 28(3):309-327.*

VORSTER, J.M. 1999. ŉ Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig 33(1)99-119.*

VORSTER, J.M. 2005. Ethical perspectives on human rights. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VORSTER, J.M. 2007. Christian attitude in a liberal democracy. Potchefstroom : Potchefstroomse teologiese publikasies.

VORSTER, J.N. 1993. Bybelkunde. Die Fundamentalisme. Studiebrief 102 : UNISA.

VORSTER, N. 2004. Op soek na 'n weg uit fundamentalisme, rasionalisme en relatiwisme. *In die Skriflig 38(4)593-622.*

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. Kampen : Uitgeverij Kok.